

# Die Pro

Leon de Villiers



'n Onderwysersgids

deur

Danie Steenkamp

Eerste uitgawe 2007 deur Tafelberg-Uitgewers,  
'n afdeling van NB Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Heerengracht 40, Kaapstad  
Uitgebrei en bygewerk deur Ilze Holtzhausen de Beer  
Bandontwerp en tipografie deur Mckore Graphics  
Ikone deur Judy Shaul  
Die foto's word gebruik met die toestemming van die skrywer  
Geset in 10pt op 12pt Times deur Mckore Graphics  
Gedruk en gebind deur Paarl Print, Oosterlandstraat, Paarl, Suid-Afrika

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting

ISBN -10: 0 624 04403 3

ISBN -13: 9780624044031

# Inhoudsopgawe

<b>Vooraf</b> .....	<b>1</b>
Algemene inleiding: die kurrikulum.....	1
Algemene inleiding: jeugliteratuur .....	5
Werkswyse en benadering in hierdie Onderwysersgids.....	7
<b>Deel 1: Agtergrond</b> .....	<b>13</b>
Inleiding tot hierdie afdeling.....	13
Die skrywer.....	14
<b>Deel 2: Voor die lees</b> .....	<b>19</b>
Inleiding tot hierdie afdeling.....	20
Die titel en omslag .....	20
Die flapteks .....	22
Die voorwerk.....	23
Algemene literêre teorie.....	24
<b>Deel 3: Tydens die lees</b> .....	<b>38</b>
Inleiding tot hierdie afdeling.....	39
Vrae: Hoofstuk 1–14.....	40
<b>Deel 4: Na die lees</b> .....	<b>56</b>
Inleiding tot hierdie afdeling.....	57
Leerders se respons op <i>Die Pro</i> .....	57
Die literêre kenmerke van <i>Die Pro</i> .....	58
<b>Woordelys</b> .....	<b>85</b>
<b>Assesseringsbylaag: Graad 10–12 Huistaal</b> .....	<b>86</b>
Kritieke en Ontwikkelingsuitkomst .....	86
Leeruitkomst en Assesseringstandaarde.....	86
Assessering .....	91
Rubrieke en merklyste wat vir daaglikse assessering gebruik kan word.....	95
Rubrieke wat vir die AP gebruik kan word.....	99
<b>Bronne</b> .....	<b>106</b>
<b>Die skrywer van die gids</b> .....	<b>107</b>

# Vooraf

## **Algemene inleiding: die kurrikulum**

Hierdie Onderwysersgids is gebaseer op die beginsels van Uitkomsgebaseerde Onderrig (UGO) soos uiteengesit in die Departement van Onderwys se dokument getiteld *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10–12 (Algemeen) Tale: Afrikaans Huistaal*.

UGO het betrekking op voorafbepaalde uitkomst wat berus op beginsels soos:

- kennis, vaardighede en waardes wat die leerders sal benodig
- fokus op die leerders
- geïntegreerde leerervarings
- die assessering van leerders in lewensegte situasies
- prosesse en produkte van leer
- lewenslange leer.

In Graad 7–9 word leerders voorberei op Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) en vir die volwasse wêreld van leef en werk. Hulle moet dus hoë vlakke van vaardigheid in luister, praat, lees, skryf en dink demonstreer.

In Graad 10–12 word leerders op meer gekonsentreerde wyse voorberei op hul naderende kontak met die wêreld van werk. Hulle moet gesonde waardes hê en optree in die belang van ’n samelewing wat gegrond is op respek vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid en sosiale geregtigheid soos dit in die Grondwet voorgehou word. Hulle moet ook die vermoë demonstreer om logies, ontledend, holisties en lateraal te dink. Hulle moet vaardighede vanaf bekende na onbekende situasies kan oordra.

Vir Graad 10–12 leerders om toegepaste bekwaamheid te verwerf, moet hulle hul kennis en vaardighede oor vakgebiede en -terreine heen integreer. Toegepaste bekwaamheid is die integrasie van praktiese, grondliggende en besinnende bekwaamhede. Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) vir Graad 10–12 staan hierdie geïntegreerde leer van teorie, praktyk en nadenke voor.

Die NKV is gerig op die bevordering van toewyding asook bekwaamheid onder onderwysers wat vir die ontwikkeling van hul eie Leerprogramme verantwoordelik sal wees. Die Departement van Onderwys voorsien beleidsriglyne wat op elke Leerarea-stelling gegrond is.

Die onderliggende beginsels en waardes van die NKV Leerareastellings stut as ’t ware die Leerprogramme. Waar die Leerareas die begrippe, vaardighede en waardes wat bereik moet word, op ’n graad vir graad grondslag stipuleer, spesifiseer die Leerprogramme die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite vir elke fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat elke jaar die tempo en volgorde van hierdie aktiwiteite bepaal, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige klasperiode geïmplementeer kan word.

## **Die Taalleerarea – Afrikaans**

In die Algemene-Onderrig-en-Opleidingband word tale in die Taalleerarea gedek; in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingband (Graad 10–12) skakel die leerveld Tale

in by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) se organiseringsleerveld: Kommunikasiestudies en Taal. Ter wille van kontinuïteit word dieselfde organiseringsbeginsels gebruik.

### ***Verskillende benaderings tot Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal***

Net soos al die ander amptelike tale word die Leerarea vir Afrikaans in drie dele aangebied, elk met sy eie inhoud: Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal. Elke deel word op 'n ander wyse benader. Die aktiwiteite en assesserings in hierdie Onderwysersgids is gebaseer op die Leeruitkomste (LU's) vir VOO Afrikaans Huistaal. Assesseringsrubrieke en bykomende assesseringsaktiwiteite vir Graad 10–12 word verskaf in die bylaag tot hierdie boek.

#### ***Huistaal***

Die Asseseringstandaarde (AS'e) vir Huistaal het die uitgangspunt dat leerders skool toe kom met die vermoë om die taal te verstaan en te praat. Die AS'e ondersteun die ontwikkeling van hierdie bekwaamheid, veral betreffende verskillende tipes geletterdheid (lees, skryf, kyk en kritiese geletterdheid). Die AS'e stel 'n sterk kurrikulum daar wat die taal van onderrig en leer ondersteun. Hierdie gids fokus op die LU's en AS'e vir Huistaal.

#### ***Eerste Addisionele Taal***

Die Asseseringstandaarde vir Afrikaans as Eerste Addisionele Taal in Graad 7, 8 en 9 gaan van die vertrekpunt uit dat leerders nie noodwendig enige kennis van Afrikaans dra wanneer hulle in Graad 1 by die skool aankom nie. Die kurrikulum begin deur die leerders se vermoë om die taal te verstaan en te praat, te ontwikkel. Dis op hierdie grondslag wat geletterdheid gebou word. Leerders is in staat om die geletterdhede wat hulle in hul Huistaal verwerf het, na hul Eerste Addisionele Taal oor te dra. Die kurrikulum voorsien goeie ondersteuning aan daardie leerders wat hul Eerste Addisionele Taal as 'n taal van onderrig en leer gaan gebruik. Teen die einde van Graad 9 behoort hierdie leerders hul Huistaal en Eerste Addisionele Taal doeltreffend en met selfvertroue vir verskeie doeleindes, insluitende leer, te kan gebruik.

#### ***Tweede Addisionele Taal***

Die AS'e vir die Tweede Addisionele Taal is bedoel vir leerders wat Afrikaans as 'n derde taal aanleer. Die AS'e verseker dat leerders Afrikaans vir algemene kommunikatiewe doeleindes kan gebruik. Die AS'e neem ook aan dat daar minder tyd aan die aanleer van Afrikaans as aan die Huistaal of Eerste Addisionele Taal afgestaan sal word.

### **Die leeruitkomste (LU's) vir Taal**

Die LU's vir Afrikaans Huistaal, Graad 10–12, fokus op die volgende:

- LU1 Luister en Praat
- LU2 Lees en Kyk
- LU3 Skryf en Aanbied
- LU4 Taal.

Die eerste drie uitkomstede dek dus verskillende taalvaardighede – luister, praat, lees, kyk en skryf, terwyl LU 4 fokus op die kern van taalkennis – klanke, woorde en taalreëls – in tekste. Hierdie kennis word geaktiveer deur die taalvaardighede wat in die ander uitkomstede beskryf word.

## **Fokus**

Wanneer jy *Die Pro* saam met jou leerders bestudeer, moet jy in gedagte hou dat die voorgeskrewe letterkundeteks net een van drie dele in die letterkundekomponent van die Taalkurrikulum is (die ander twee is digkuns en drama). Die fokus in hierdie Onderwysersgids is dus op daardie AS'e wat direk met verhale of kort romans verband hou. Aktiwiteite is egter só ontwerp dat aspekte van taal, lees en kyk, praat en aanbieding wat deur ander AS'e gedek word, met die studie van die letterkundeteks geïntegreer word. Wanneer die leerders byvoorbeeld die omslagontwerp van hierdie bepaalde storieboek bekyk en ontleed, doen hulle ook werk wat vereis word vir die lees, besigtiging en begrip van advertensies.

Die leerders sal langer tekste as in laer grade skryf. Hulle moet ook tekste lees wat visuele, grafiese en syfermateriaal insluit (byvoorbeeld foto's en statistieke). Hulle moet vaardig raak in ontwerp en uitleg en sal leer hoe om op verskillende maniere vir verskillende doeleindes te lees; hul leesspoed verbeter; tekste vluglees en herlees; tekste opsom; naslaanbronne soos woordeboeke, ensiklopedieë en die Internet gebruik en tekste en inligting krities benader. Hierdie vaardighede word almal in dié gids aangespreek.

Die lys van aanbevole werke vir Graad 10–12 sluit in fiksie (soos die verhaal wat nou bestudeer word) en multimediatekste soos films en video's, CD-ROM's en die Internet (waar dit beskikbaar is). Onderwysers word derhalwe met tussenposes in hierdie Onderwysersgids aangemoedig om multimediatekste te gebruik om leerders se begrip van temas wat in die letterkundeteks voorkom, te verbeter.

## **Bystand aan leerders met spesifieke leesprobleme**

Stel eers vas watter spesifieke probleme leerders met leesprobleme ervaar voordat jy met onderrig en leer begin (verwys na die gedeelte oor Aanvangsassessering in die bylaag tot hierdie gids). Probleme wat algemeen voorkom, sluit in moeilike woordeskat in verhale, die pas waarteen nuwe woorde aangeleer moet word, die min tyd wat vir die aanleer van nuwe woorde beskikbaar is en nuwe begrippe in die teks.

Swak lesers sal individuele simbole en woorde probeer ontsyfer in plaas daarvan om betekenis uit die teks as geheel te probeer vind. Hulle doen nie voorspellings nie, maak nie gevolgtrekkings nie en sien nie ooreenkomste en verskille raak nie.

Sodanige lesers sal met groter begrip lees indien hulle oor iets lees wat reeds aan hul bekend is, indien hulle in die inhoud belangstel en as hulle weet hoedat verskillende elemente van die teks, soos lettertipes en opskrifte, die betekenis beïnvloed.

Hierdie Onderwysersgids bied hulp aan swak lesers deur jou, die onderwyser aan te moedig om hardop voor te lees terwyl leerders in hul boeke volg, sodat swak lesers nie by individuele woorde of klanke vashaak en sodoende vergeet wat hulle gelees het teen die tyd wat hulle die einde van die sin bereik nie. Leerders kry spesifieke opdragte soos om 'n teks te vluglees of te herlees. Hulle word gelei om in te sien dat veranderinge in

lettertipe of ander uitlegelemente betekenisverandering kan aandui. Aktiwiteite wat in hierdie gids ingesluit is, help die leerders om voorspellings te maak, tot gevolgtrekkings te kom en vergelykings te tref.

## **Integrasie met waardes, inheemse kennisstelsels en etiese kwessies soos menseregte en omgewingsbewaring**

Waardes, vaardighede en kennis wat aangespreek word, word telkens aan die begin van elke deel van hierdie Onderwysersgids gelys.

### ***Waardes***

Net soos ander tekste, weerspieël die letterkundeteks wat die leerders nou bestudeer sekere waardes, wat positief (byvoorbeeld demokraties) of negatief (byvoorbeeld seksisties of rassisties) kan wees. Hierdie waardes is nie altyd opvallend nie. Leerders moet bewus en krities raak teenoor die waardes wat in letterkundige tekste vooropgehou word.

Wanneer leerders aktiwiteite doen wat vereis dat hulle die waardes in hierdie teks ontleed en/of bevraagteken, leer hulle hoe die teks 'n bepaalde siening van mense en gebeure handhaaf. Hulle sal ook die kritiese vaardighede ontwikkel om sodanige sienings en gepaardgaande waardes te ondersoek en, waar nodig, teen te staan.

Om beredeneerde menings oor etiese kwessies en waardes te kan verwoord en om krities met 'n verskeidenheid tekste te kan omgaan, is twee van die oogmerke van die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomst van die VOO-kurrikulum vir Graad 10–12 leerders.

Van die temas en subtemas wat in hierdie letterkundeteks voorkom, is ras, klas, kultuur, ideologie, geloofstelsels, geslagsgelykheidskwessies, omgewingsbewaring, vryheid van spraak en menseregte. Deur by hierdie teks betrokke te raak, sal die leerders hul eie waardestelsel ontwikkel en die perspektiewe, waardes en magsverhoudings wat in die teks verskans is, kan bevraagteken.

### ***Inheemse kennisstelsels***

In die sestigerjare het die teorie van veelvuldige tipes intelligensie opvoedkundiges gedwing om te erken dat daar baie maniere is waarop inligting verwerk en sin in die wêreld gevind word en dat, sou intelligensie opnuut omskryf word, 'n mens hierdie verskillende benaderings in berekening moes bring. Tot op daardie tydstip het die Westerse wêreld net waarde geheg aan logiese, wiskundige en spesifieke taalvaardighede en mense net as “intelligent” beskou as hulle op hierdie terreine uitblink het. Deesdae erken ons egter die wye verskeidenheid kennissisteme waardeur mense die wêreld waarin hulle woon, verstaan en daaraan betekenis gee.

Inheemse kennisstelsels in die Suid-Afrikaanse konteks het betrekking op 'n korpus kennis wat deel vorm van die filosofiese denkrigtings van Afrika en sosiale praktyke wat oor duisende jare ontwikkel het. Die NKV gee erkenning aan die ryke geskiedenis en erfenis van hierdie land as belangrike bydraers tot die aankweek van die waardes wat in die Grondwet genoem word. Jy word dus aangemoedig, om waar toepaslik te verwys na inheemse kennis wat uit die letterkundeteks en aanverwante werk voortspruit. Jy kan die leerders ook aanmoedig om verder te delf en ondersoek hierna in te stel.

## **Menseregte en omgewingsbewaring**

Tale is 'n belangrike instrument waarmee menseregte en omgewingsbewaring bewerkstellig kan word. Deur die AS'e poog die Leerareastelling vir Tale om hierdie instrument ten volle te ontwikkel. Leerders moet selfversekerde tweetalige (of meertalige) sprekers word wat oor die kritieke middele beskik om hul wêreld en al die stories wat daarvoor geskryf is, te kan lees.

In die letterkundeteks wat die leerders nou bestudeer, gaan hulle temas en subtemas teëkom wat met die regte en verpligtinge van mense verband hou, byvoorbeeld die reg van elkeen om te kies hoe hy/sy die lewe wil benader en die verantwoordelikhede wat met hierdie keuses gepaard gaan. Daar is ook temas oor die bewaring van die natuur wat ontgin kan word. Aktiwiteite in hierdie Onderwysersgids sal die leerders in staat stel om die teks te ontleed, om sodanige kwessies raak te sien en te identifiseer en dan krities daarop te reageer.

## **Assessering**

UGO is 'n manier van onderrig en leer wat dit baie duidelik maak wat leerders moet bereik. In UGO is daar 'n noue band tussen die leer en die assessering. Die beginsel waarvolgens dit werk, is dat die onderwyser die leerders vooraf inlig oor dit wat daar van hulle verwag word. Die onderwyser se taak is om te onderrig ten einde die leerders te help om aan die vereistes van die AS'e in die kurrikulum te voldoen; die leerders se taak is om dit wat die AS'e van hulle verwag, te leer of te doen. Assessering is noodsaaklik vir UGO omdat dit moontlik moet wees om vas te stel wanneer 'n leerder alles wat in elke graad verwag word, bereik het.

AS'e vir Graad 10–12 Huistaal, soos vervat in die NKV, is in ag geneem en opgeneem in alle assesseringsaktiwiteite in hierdie Onderwysersgids. Assesseringsaktiwiteite is spesiaal ontwerp om luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbieding en taal te integreer. Hierdie onderskeie bekwaamhede word deur middel van ikone by elke aktiwiteit aangedui.

Aan die einde van hierdie gids is daar vir jou gerief 'n assesseringsbylaag gevoeg, met riglyne vir hoe om die aktiwiteite in die gids te assesser vir elke onderskeie graad waarop die boek gemik is. Hierdie bylaag moet in samehang met elke afdeling in die boek gebruik word. Moet dus nie eers daarna kyk wanneer jy Deel 1–4 afgehandel het nie. Verwys asseblief deurgaans na die assesseringswenke en rubrieke in die bylaes vir toepaslike assessering van jou leerders se prestasie en vordering.

## **Algemene inleiding: jeugliteratuur**

Onder jeugliteratuur word tekste gereken wat eksplisiet vir jongmense geskryf is, of deur volwassenes as uiters “geskik” vir jong lesers beskou word. Die beeld wat volwasse skrywers van jeugdige het, bepaal grootliks die inhoud en vorm van hierdie tekste. Oor die algemeen verwys jeugliteratuur na sowel kinder- as adolessenteliteratuur. In 'n enger sin verwys jeugliteratuur na tekste vir die ouderdomsgroep 12 tot 16 jaar. Kinderliteratuur het 'n spesifieke betekenis en verwys na boeke en tekste vir peuters tot kinders van ongeveer 11 tot 12 jaar.



Sedert die jare sestig van die vorige eeu het die belangstelling in, en waardering vir, jeugliteratuur merkbaar toegeneem. Deesdae omvat hierdie term 'n versameling van sterk uiteenlopende tekste. Danksy vertalings het jeugliteratuur 'n internasionale verskynsel geword, en is daar wêreldwyd toenemend meer pryse, asook literêre kritiek wat hierop konsentreer.

Kenmerkend van die hedendaagse jeugliteratuur is voorts die betrokkenheid en emansiperende karakter daarvan.

In die sogenaamde ontwikkelingsroman word die geleidelike en innerlike groei van 'n karakter verhaal. Dit vind gewoonlik deur sielkundige ontleding plaas tot 'n ewewig, of 'n soort ideale lewenshouding bereik word. Waar die aandag van die leser hoofsaaklik gevestig word op die vorming van die hoofkarakter deur sy/haar omgewing (sowel die breë kulturele konteks as persoonlike ervarings met familie en vriende) word die term Bildungsroman gebruik. Ontwikkelingsromans verteenwoordig dikwels die ideale lewensbeeld van die skrywer. Hulle word dikwels ook in die ek-vorm geskryf.

In 'n psigologiese roman word die emosionele lewe en die psigologie van karakters in die eerste plek uitgebeeld. Handeling en gebeurtenisse is hier ondergeskik aan die motivering daarvan; wat gebeur is minder belangrik as die waarom.

In avontuurromans, weer, is aksie en spanning belangriker as idees of die ontwikkeling van die karakters. Avontuurromans speel gewoonlik in 'n vreemde milieu af. As gevolg van die nuuskierige aard van jeugdiges, speel avontuurromans 'n belangrike rol in die leesontwikkeling van kinders.

Nicholas Tucker en Julia Eccleshare deel hul keuse van 200 goeie en gewilde tienerboeke in elf kategorieë in hul boek *The rough guide to books for teenagers*. Die eerste twee van dié kategorieë tipeer hulle soos volg: "Liefde, seks en verandering" en "Moeilike tye". Van die beste literatuur wat nou vir tieners in Afrikaans verskyn, val in een of albei hierdie kategorieë.

Volgens Tucker en Eccleshare was Judy Blume se *Forever* die eerste jeugroman wat seksuele aktiwiteit enigsins in besonderhede beskryf. Hierdie boek is in dele van Amerika verbied. Tucker en Eccleshare beweer Blume het in *Forever* gereageer op die duisende briewe wat sy van tieners ontvang het waarin hulle kla hul ouers vertel hulle niks van seksuele sake nie. *Forever* gaan dan ook oor die verwarde gevoelens wat kenmerkend van die tienerjare is en hoe seks verhoudings kan vereenvoudig sowel as kompliseer.

Tucker en Eccleshare verwys ook na *The last virgin* van David Belbin waarin tieners hul ryppwordende seksualiteit ondersoek en probeer verstaan. Hulle is angstig om nie onskuldig voor te kom nie, maar nie ervare genoeg om werklik wêreldwys te wees nie. Party probeer hierdie moeilike tyd hanteer deur groot te praat, terwyl ander 'n eerliker benadering het. Volgens Tucker en Eccleshare is die openhartige manier waarop seks in besonderhede in 'n simpatieke konteks bespreek word, sekerlik welkom in 'n tyd wat Brittanje die grootste aantal onbeplande tienerswangerskappe in Wes-Europa het.

Hulle verwys onder meer ook na die skryfster Lynn Reid Banks se vermoë om die onvermydelike spanning tussen tieners, hul ouers, en soms tussen hulle en hul beste vriende uit te beeld.

In hul voorwoord tot *The rough guide to books for teenagers* maak Tucker en Eccleshare die volgende stelling: Baie skrywers slaag daarin om meer onmiddellike sin te maak van enigiets as wat tieners uit tipiese gesprekke of vermaak kan leer.

In die Afrikaanse letterkunde vind daar in die vroeë tagtigerjare 'n ontploffing plaas met die publikasie van *'n Pot vol winter* van Maretha Maartens. In hierdie werk word die seksuele ontwaking tussen tieners onder andere ondersoek. Sedertdien verskyn 'n wye reeks publikasies wat temas oor die hele spektrum van tienerwees dek. *Daar's vis in die punch*, deur Jackie Nagtegaal, verken onder andere die ontwikkeling van tieners se onafhanklike denke, terwyl *Luc en Libertine* van Marzanne Leroux liefde oor die kleur- en landsgrense ondersoek.

Francois Bloemhof is in hierdie genre sekerlik die mees bekroonde skrywer. In sy oeuvre spreek hy 'n wye verskeidenheid temas aan – nie almal noodwendig tienervraagstukke nie. Hy skryf ook verhale wat die grense van die Afrikaanse jeugliteratuur oorstek en verbreed. Sy werke is op internasionale standaard en as skrywer skep hy ook standarde wat jeugliteratuurskrywers van ander tale moeilik sal ewenaar.

Een feit staan soos 'n paal bo water: die Afrikaanse jeugliteratuur is 'n sterk en polsende deel van die Afrikaanse letterkunde in sy geheel en geen tiener (of ouer!) kan vandag kla dat daar vir hulle niks is wat hulle met belangstelling kan lees nie.

## **Werkswyse en benadering in hierdie Onderwysersgids**

### **Werkswyse**

Hierdie onderwysersgids stel hom ten doel om die volgende te doen.

- Die ervaring van die boek 'n visuele faset te gee.
- Materiaal te bied om die boek op letterlike, figuurlike, tematiese, emosionele, sielkundige en literêre vlakke te verken.
- Tesame met die letterkundeteks, ook transaksionele, naslaan-, visuele, oudiovisuele en multimediatekste, tesame met ander kreatiewe tekste as deel van die onderrigproses aan te wend.
- Die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van *Die Pro* vir die leerders duidelik te maak.
- Agtergrond te bied oor die skrywer van *Die Pro*.
- Assesseringsmoontlikhede vir Graad 10–12 vir jou as onderwyser uiteen te sit en op die *Die Pro* van toepassing te maak.

Soos vermeld, bied die gids 'n reeks aktiwiteite wat op die Departement van Onderwys se Leeruitkomste (LU's) en Asseseringstandarde (AS'e) vir Huistaal, Graad 10–12 gebaseer is. Die fokus van hierdie gids is LU2 (Lees en Kyk: Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer), met spesifieke klem op die volgende AS'e:

2.1 Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering.

2.2 Verduidelik die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste.


- 2.3 Verduidelik hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste.
- 2.4 Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word.


Neem asseblief kennis dat sekere gedeeltes in hierdie gids sal fokus op spesifieke letterkunde AS'e. Dit beteken egter nie dat dié AS slegs op een plek aangespreek word nie. Al die toepaslike AS'e vir Graad 10–12 word deurlopend in hierdie teks geïntegreer, alhoewel daar in sommige afdelings meer klem op spesifieke AS'e sal wees.


Die res van die toepaslike LU's vir Graad 10–12, word ook deurgaans met die spesifiek letterkundige LU en AS'e (soos hierbo gelys), geïntegreer. Hierdie LU's is:

- LU1 Luister en Praat: Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe in 'n verskeidenheid kontekste.
- LU3 Skryf en Aanbied: Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.
- LU4 Taal: Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.


Hierdie integrasiemoontlikhede word visueel in die teks aangedui by elke aktiwiteit ten einde vir jou 'n aanduiding te gee of die aktiwiteit luister, praat, lees, kyk, skryf of aanbieding (of enige kombinasie hiervan) behels. Hier is 'n lysie van dié ikone:


Luister (LU1) 

Praat (LU1) 

Lees (LU2) 

Kyk (LU2) 

Skryf (LU3) 

Aanbied (LU3) 

Die gids bestaan uit sewe afdelings (Vooraf, Deel 1: Agtergrond, Deel 2: Voor die lees, Deel 3: Tydens die lees, Deel 4: Na die lees, 'n Wordelys en 'n Asseseringsbylaag).

'n Lysie van die Kennis, Vaardighede, Houdings en Waardes wat deur die uitvoer van die aktiwiteite in elke afdeling verkry behoort te word, verskyn aan die begin van Deel 1 tot 4 van die gids.

## **Vooraf**

In hierdie afdeling word die konsep van UGO uiteengesit en die algemene kurrikulêre aansluitingspunte verduidelik. Die Voorafgedeelte verduidelik hoe hierdie boek gebruik kan word vir Graad 10, 11 en 12 op Huistaalvlak. Die voorafgedeelte verskaf ook 'n breë oorsig van jeugliteratuur en beskryf die benadering en werkswyse wat in hierdie gids gevolg word.

## **Deel 1: Agtergrond**

In hierdie afdeling word biografiese gegewens van die skrywer verskaf, tesame met aktiwiteite wat hiermee verband hou, sowel as voorgestelde antwoorde. Die historiese/politieke/sosiale konteks waarbinne die verhaal afspeel, word hier inleidend ontgin. In hierdie afdeling is die fokus dus op AS 2.1.1 (vra vrae ten einde voorspellings te kan maak) en AS 2.2.10 (gee en motiveer persoonlike response op tekste).

*Die Pro* bied deurgaans geleenthede om AS 2.2.6 (verduidelik die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste) onder leerders se aandag te bring. Die temas wat hiermee verband hou sluit in geloofsoortuiging, die kleurkwestie en klas, alkoholmisbruik, rook onder tieners en omgewingsbewaring (perlemoenstropers; walvisbeskerming). Hierdie verhaal kan ook bydra om AS 2.3.2 (verduidelik die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie) onder leerders se aandag te bring. Let in die verband op die spanning wat veroorsaak word weens die onverdraagsaamheid teenoor 'n ander geloof. Dit sluit aan by die VOO-skakel: “identifiseer en verduidelik die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos sienings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwesties”.

## **Deel 2: Voor die lees**

In Deel 2 word die titel, omslag en flapteks van die boek bespreek. Die leerders se nuuskierigheid word dus geprikkel. Hierdie gedeelte fokus op AS 2.1.1 (vra vrae ten einde voorspellings te kan maak) en AS 2.1.6 (lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in geselekteerde kontekste deur kennis van grammatika, woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade).

Die afdeling bied 'n algemene inleiding tot letterkundige teorie en terminologie. Jy kan hierdie gedeelte vir die leerders fotostateer, sodat hulle tydens en ná die lees van die boek – wanneer hulle die teorie prakties op die verhaal van *Die Pro* moet toepas – hierna kan terugverwys. Alternatiewelik kan jy die klas in groepe verdeel en vir elke groep die opdrag gee om sekere aspekte van dié gedeelte in 'n plakkaatvorm aan te bied, sodat daar uiteindelik 'n reeks plakkaate met literêre teorie teen die klaskamermure is vir deurlopende verwysingsdoeleindes. Die volgende AS'e word in dié generiese letterkundegedeelte gedek:

- 2.2.5 Verduidelik die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee bewyse uit die teks.
- 2.2.7 Ontleed die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van 'n teks soos metafoor, simbool, woordspeling, onderbeklemtoning, geestigheid, hiperbool, vergelyking, kontras, sarkasme, karikatuur/spot, ironie, paradoks, antitesis en antiklimaks.
- 2.4.2.1 Beskryf die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik.
- 2.4.2.2 Identifiseer en verduidelik die boodskappe en temas en toon die verband met die teks.
- 2.4.2.3 Verduidelik hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema.
- 2.4.2.4 Identifiseer en beskryf stemming, tydsverloop aflowp en wendings.

Al bostaande AS'e word ook gedek in die aktiwiteite in Deel 3 en 4 van hierdie gids.

### ***Deel 3: Tydens die lees***

Die inhoud van elke hoofstuk word in hierdie afdeling verken en dit bevat aantekeninge wat as 'n werkboek vir die leerders dien. Die vrae is hoofsaaklik gemik op die vaslegging van inhoud oor die storielyn en karakterontwikkeling. Van die vrae toets egter ook insig en kennis van literêre teorie en sommige opdragte betrek ander media. Sekere vrae het betrekking op houdings en waardes. Die vrae vereis van die leerders om weer met die teks om te gaan en ontwikkel ook soekleesvaardighede. Die opdragte behoort in die volgorde waarin hulle verskyn, gedoen te word. Dit is nuttig om aktiwiteite af te wissel sodat daar nie net 'n hele periode lank gelees word nie, maar ook geskryf en bespreek word. Aan die einde van elke hoofstukbespreking volg 'n alfabetiese woordelys met verklarings wat betrekking het op daardie hoofstuk. Moedig leerders aan om woorde wat nie in die lys te vind is nie by te voeg en hul eie omvattende lys op te stel. Hierdie deurlopende taak bied ideale geleenthede vir integrasie met VOO Huistaal LU4 (Taal: Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.)

Die AS'e waarop klem gelê word in hierdie afdeling (afgesien van die deurlopende integrasie met al die ander letterkunde AS'e) is:

- 2.1.6 Lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in geselekteerde kontekste deur kennis van grammatika, woordaanpakvaardighede, kontekstuele leidrade.
- 2.1.7 Herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.
- 2.2.1 Vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste.
- 2.2.10 Gee en motiveer persoonlike response op tekste.
- 2.3.1 Identifiseer en verduidelik die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos sienings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte en inklusiwiteit.

## **Deel 4: Na die lees**

Hierdie afdeling sluit aan by Deel 3 en die aktiwiteite in hierdie afdeling behoort eers gedoen te word nadat die boek klaar gelees is en die opdragte in Deel 3 afgehandel is. Die meeste van die opdragte in hierdie afdeling kan net so in die leerders se portefeuljes ingesluit word. Die leerders gee hier hul eie response op die teks en evalueer dit krities. Hulle lees ook wat iemand anders oor *Die Pro* sê. Die afdeling bevat luisterbegripstoetse, asook 'n aantal skryfprojekte. Hier moet die leerders die teorie wat in Deel 2 aan hulle verduidelik is en in Deel 3 op *Die Pro* toegepas is, uitvoerig en in besonderhede op die letterkundeteks van toepassing maak. Die leerders konsolideer ook in hierdie afdeling verkreë houdings en waardes wat met die sosiopolitieke agtergrond van die boek – en die insigte wat hulle hieruit verkry het – verband hou. Afgesien van al die literêr-teoretiese AS'e, fokus die afdeling ook op die volgende AS'e:

2.2.3 onderskei tussen feite en menings en gee eie respons

2.2.4 herken die verskil tussen direkte en geïmpliseerde betekenis

2.2.8 verduidelik die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings en vergelyk met leerder se eie

2.2.10 gee en motiveer persoonlike response op tekste.

## **Assesseringsbylaag**

'n Assesseringsbylaag word vir jou gerief aan die einde van hierdie gids ingesluit. Die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomst en hoe dit op hierdie boek van toepassing is, word in die bylaag uiteengesit en verduidelik. Hierdie bylaag bied bykomende assesseringsaktiwiteite en rubrieke vir onderskeidelik Graad 10-, 11- en 12-klasse, en ook algemene riglyne en wenke vir die assessering van al die werk in hierdie gids.

## **Benadering**

Leerders geniet dit gewoonlik om *Die Pro* te lees. Daar is elemente in die verhaal waarmee hulle kan identifiseer en hulle vind die storie interessant, word uitgelok om oor dinge te dink en vind die verhaal dikwels roerend. Die boek is kort genoeg sodat die hele boek in die klas gelees kan word. Indien mens teen 'n gemiddelde spoed van twee minute per bladsy lees, sal dit ongeveer drie en 'n half uur neem om die 100 bladsye klaar te lees. Dit is altyd wenslik om die verhaal saam met die leerders deur te lees.

Aktiwiteit 1.1 bestaan uit 'n klasbespreking, waar jy saam met die leerders bepaalde kwessies vooraf sal verken.

Jy kan die werk en hoe dit gedoen word, indeel volgens jou eie oordeel en die hoeveelheid tyd wat beskikbaar is. Die leerders kan die vrae in die klas beantwoord of vir huiswerk doen. Probeer egter om soveel moontlik van die aktiwiteite saam met die klas te doen. Dit sal geleenthede vir klasbespreking verseker, asook dat die antwoorde volledig en korrek is en jy as opvoeder die hele tyd weet of die leerders die werk verstaan. Op dié wyse akkommodeer jy ook leerders met spesiale behoeftes.

Jy kan ook self besluit watter van die aktiwiteite na jou mening geskik sal wees vir insluiting by die leerders se portefeuljes.

Vir jou gerief word antwoorde voorsien op die vrae wat 'n direkte antwoord vereis. Hierdie antwoorde is tussen vierkantige hakies [ ] na die vraag gedruk. Die aktiwiteite bevat wenke vir aanbieding, byvoorbeeld of dit deur groepe, individue, pare of as klasgroep gedoen moet word en of dit skriftelik of mondelings gedoen moet word.

Dit sou logies wees om aktiwiteite soos begripstoetse en ander take in hierdie gids wat dalk op van die ander afdelings van taalonderrig van toepassing gemaak kan word, eerder in daardie tipe periodes aan te bied. Jy hoef dus nie al die werk in hierdie gids tydens letterkundeperiodes te doen nie. Die uiteindelijke besluit hieroor berus egter natuurlik by jou as opvoeder.

# Deel 1: Agtergrond

## **Kennis**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- weet dat die stel van vrae 'n leser in staat stel om voorspellings te maak (Aktiwiteit 1.2)
- demonstreer hoe om toepaslike inligting en besonderhede in tekste te vind (Aktiwiteit 1.2 en 1.3)
- bewus wees dat alle verhale binne 'n bepaalde sosiopolitieke en kulturele agtergrond afspeel (Aktiwiteit 1.3)
- bewus wees van verskillende sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings (Aktiwiteit 1.1 en 1.3).

## **Vaardighede**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- hul vermoë demonstreer om binne verskillende kontekste te luister en te praat (Aktiwiteit 1.1 en 1.2)
- vrae kan stel ten einde voorspellings te kan maak (Aktiwiteit 1.2 en 1.3)
- persoonlike response op 'n teks gee en motiveer (Aktiwiteit 1.1 en 1.2)
- in staat wees om toepaslike inligting en besonderhede in tekste te vind (Aktiwiteit 1.2 en 1.3).

## **Houdings en waardes**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- besef dat alle tekste implisiet en eksplisiet boodskappe oor sosiopolitieke kwessies kommunikeer (Aktiwiteit 1.3)
- begrip toon daarvoor dat mense nie altyd die lewe op dieselfde manier benader nie, en soms in situasies beland waartydens hulle ten spyte van hul verskille verdraagsaam teenoor mekaar moet wees (Aktiwiteit 1.1 en 1.3).

## **Inleiding tot hierdie afdeling**

In hierdie afdeling is daar materiaal wat jy as inleiding tot die lees en ontleding van *Die Pro* kan gebruik.

- Aktiwiteit 1.1 is 'n klasbespreking om jou as onderwyser, en die leerders voor te berei op die ongemaklikheid wat julle moontlik kan ervaar betreffende die kwessies wat in die boek voorkom, byvoorbeeld verskillende geloofsoortuigings, drank- en dwelmmisbruik en misdaad.
- Aktiwiteit 1.2 is 'n klasbespreking oor watter verwagtings die leerders oor die boek koester. Hierdie aktiwiteit sal weer in Deel 4 van die gids opgevolg word met 'n aktiwiteit wat sal vasstel of die boek aan dié verwagtinge voldoen het.



- Daar is inligting en ’n plakkaat oor die skrywer van *Die Pro*. Jy kan hierdie inligting aan die klas voorlees of dit mondelings voordra. Jy kan ook hierdie inligting en plakkaat vir die leerders afrol indien ’n fotostaatmasjien beskikbaar is.
- Aktiwiteit 1.3 kan in groepe gedoen word en stel Leon de Villiers verder aan die leerders bekend.
- In Aktiwiteit 1.4 word die leerders bekendgestel aan die fases van die rouproses – ’n tema wat deurlopend in *Die Pro* voorkom. Hulle moet hul vermoë tot empatie demonstreer deur ’n kort paragraaf oor rou te skryf.

### **Aktiwiteit 1.1 Hoe gaan ons die boek benader?**



Hou ’n klasbespreking oor Vraag 1–3. Gee leerders vrye teuels om hulle menings oor hierdie kwessies uit te spreek.

1. Moet ’n mens alle mense aanvaar soos hulle is? Hoe moet ons optree teenoor mense wat, volgens ons oortuigings, onaanvaarbare dinge doen of ’n bepaalde lewenstyl kies?
2. Hoe moet ons optree teenoor mense wat nie dieselfde geloofsoortuigings as ons het nie?
3. Wat sal jy doen as jy agterkom dat daar iets onwettigs aan die gang is in jou gemeenskap?

### **Aktiwiteit 1.2 Verwagtings**



Hou ’n klasbespreking oor Vrae 1–5.

1. Het julle al van die boek of die skrywer gehoor?  
[Laat ’n kort bespreking oor hierdie vraag toe.]
2. Waaroor dink julle handel die boek?  
[Laat ’n kort bespreking oor hierdie vraag toe.]
3. Wat dink julle beteken die woord “Pro” in die titel?  
[Die professionele persoon oftewel die “professional”; met ander woorde iemand wat baie professioneel, baie vaardig is op ’n sekere gebied. Laat ’n klasbespreking hieroor toe en laat leerders situasies skets waar die uitdrukking gebruik kan word.]
4. Is dit vir julle aanvaarbaar om Engelse woorde te gebruik as mens Afrikaans praat?  
[Leerders kan in ’n klasbespreking hieroor debatteer en die bespreking op hul eie taalgebruik van toepassing maak.]
5. Wat van die inligting wat julle dalk reeds oor die skrywer en die boek weet, laat julle daarna uitsien om die boek te lees?  
[Moontlik het sommige leerders voorheen van Leon de Villiers se werk geles of resensies oor sy werk geles. Laat ’n bespreking oor hierdie onderwerp toe.]

## **Die skrywer**

### **Biografiese besonderhede**

Die biografiese inligting wat verstrek word, sluit onder andere in dat Leon de Villiers ’n Pretorianer is en dat hy ’n onderwyser is.

### **Ander publikasies deur Leon de Villiers**

Noem aan die leerders dat Leon de Villiers ook ander verhale publiseer het, naamlik *Aliens en Engele* in 1996 en *Groete van die hiëna* in 2000. Probeer om eksemplare hiervan te bekom en aan hulle te wys. Moedig die leerders aan om die boeke by die skool- of plaaslike biblioteek uit te neem en om die verhale in hulle eie tyd te lees.

**Nota aan die onderwyser:** Jy kan die volgende bladsy fotostateer en vergroot sodat dit as 'n plakkaat op die klaskamermuur geplak kan word. Gebruik die plakkaat as verwysingspunt om die leerders meer van Leon de Villiers, die skrywer van hierdie verhaal, te vertel. Lees vir die leerders Leon de Villiers se woorde oor sy skryfwerk en wat hy oor homself en sy skryfwerk sê. Jy kan hierdie inligting as grondslag vir 'n aktiwiteit gebruik.

# Leon de Villiers

## Enkele biografiese feite

- Leon het nog voor hy tien jaar oud was, geweeet dat hy eendag vir 'n tyd lank sou wou skoolhou en ook dat hy sou boeke skryf.
- By Tukkies was sy hoofvakke Staatsleer en Internasionale Politiek. Hy het dit egter nooit gebruik nie, want hy het direk na sy studies begin skoolhou as Geskiedenisonderwyser.
- Einde 1993 het hy die onderwys verlaat om ernstig te begin skryf. In 2000 het hy weer vir 'n jaar skoolgehou, maar sedertdien bestee hy soveel moontlik tyd aan skryf.

*Dit is 'n groot voorreg om vir kinders en jongmense te kan skryf. Kinders is baie eerlik daaroor of hulle van 'n boek hou of nie. Hulle skryf nie geleerde resensies in koerante nie, maar sit net 'n boek verveeld eenkant, of lees dit weer en weer en weer.*

## Oor skryf

- Hy gaan op reis deur sy onontdekte binnewêreld.
- Hy weet nooit vooraf presies waarheen die reis hom gaan neem, of hoe hy by 'n sekere eindbestemming gaan uitkom nie.
- Soms is die reis 'n dolle jaagtog op 'n bruisende rivier en soms harde mynwerk met pik en graaf. Maar hoe ook al, elke reis verryk hom as mens op een of ander manier. Indien dit ook vir die lesers iets beteken, is dit vir hom 'n baie groot bonus.
- Anders as sy voorsate wat boere was, boer hy met woorde en idees. Die beginsel van ploeg, plant en oes, bly egter maar steeds dieselfde, reken hy. Dit en die wag op die reën.



## Ander publikasies by Tafelberg

- *Aliens en Engele* – 1996
- *Groete van die hiëna* – 2000

(Inligting verskaf deur Leon de Villiers, November 2004)

### Aktiwiteit 1.3 Die skrywer



Die leerders werk in groepe en beantwoord die vrae.

1. Watter prys het die skrywer vir *Die Pro* gewen?  
[1996 se Sanlam-wedstryd vir jeuglektuur, die M.E.R.-prys en die Scheepersprys vir Jeuglektuur in 1998.]
2. Die skrywer sê dat dit vir hom 'n groot bonus is as sy skryfwerk vir ander mense iets beteken. Wat dink julle hiervan?  
[Leerders se eie mening.]
3. Laat die leerders 'n WWL-Kaart soos die een hieronder invul oor hul voorkennis van die skrywer. Hulle vergelyk die eerste twee kolomme van hul WWL-kaarte met mekaar, lees die gedeelte oor die skrywer en voltooi dan die laaste kolom.

#### WWL-Kaart

W – Wat <b>Weet</b> ek?	W – Wat <b>Wil</b> ek weet?	L – Wat het ek <b>geLeer</b> ?

4. Vind uit wat die volgende woorde beteken: mistiek, au pair, laslap, immergroen.  
[Die leerders raadpleeg hul woordeboeke en skryf die woordbetekenisse neer. Hulle deel hul antwoorde hardop in die klas.]

### Die rouproses

'n Rouproses volg na enige ernstige verlies, soos na die einde van 'n verhouding of die dood van 'n geliefde. In hierdie bespreking word die rouproses na die dood van 'n geliefde bespreek.

Dokter Elisabeth Kübler-Ross het die volgende vyf stadiums beskryf wat waargeneem kan word wanneer iemand deur 'n rouproses gaan. Een stadium word nie noodwendig “afgehandel” voor die volgende stadium volg nie. Die proses begin gewoonlik met ontkenning en word grootliks met aanvaarding voltooi.

#### 1. Ontkenning

Onmiddellik nadat iemand uitvind dat 'n geliefde gesterf het, volg daar gewoonlik 'n skokreaksie wat onder andere behels dat die nuus onwerklik voel en dat die wete nie insink nie. Daarna kan baie oomblikke volg waar die mens “vergeet” dat die persoon gesterf het en vlietende gedagtes het dat die gestorwene nog gebel of mee gepraat kan word. Die agtergeblewene kan onwillig wees om finaal te erken dat die persoon weg is; onder andere om na die begrafnis te gaan of die persoon se besittings weg te gee of te ontvang.

## **2. Woede**

Die agtergeblewene is kwaad vir God, die hele wêreld of selfs vir die persoon wat gesterf het. Woede word ervaar en is baie keer gerig op mense of situasies wat onder normale omstandighede nie 'n woede-reaksie sou uitlok nie.

## **3. Onderhandeling**

In dié stadium probeer die agtergeblewene met die noodlot/God onderhandel. Vrae word gevra oor wat anders gedoen kon word om die tragedie te verhoed of hoe die verhouding anders kon gewees het.

## **4. Depressie**

Simptome van depressie sluit onder andere die volgende in: lusteloosheid, sosiale onttrekking, onvermoë om plesier te ervaar, versteurde slaappatrone en pessimisme oor die toekoms.

## **5. Aanvaarding**

Die verlies word aanvaar en die persoon is in staat daartoe om met sy/haar lewe aan te gaan. Die persoon besef dat sy/haar eie lewe steeds voortgaan, al is een persoon nie meer teenwoordig nie.

### **Aktiwiteit 1.4 Die rouproses**



1. Stel 'n kort begripstoets op oor bogenoemde inligting. Die leerders moet hul antwoorde individueel in hul werkboeke neerskryf.
2. Voer 'n klasbespreking oor die rouproses met die leerders. Vra of enigeen van hulle al 'n geliefde se afsterwe beleef het en of hulle saamstem met die fases van die rouproses soos hierbo uiteengesit.
3. Vra die leerders om berigte uit koerante of tydskrifte te knip oor mense wat geliefdes verloor het as gevolg van misdaad en ongelukke. Laat hulle elkeen hulself in die skoene plaas van een van hierdie agtergeblewenes. Hulle moet 'n paragraaf skryf oor die emosies wat hulle beleef as gevolg van die dood van hul familielid of maat.

# Deel 2: Voor die lees

## **Kennis**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- weet dat die stel van vrae 'n leser in staat stel om voorspellings te maak (Aktiwiteit 2.1 en 2.2)
- weet hoe om persoonlike response op tekste te gee en te motiveer (Aktiwiteit 2.1 en 2.2)
- weet dat daar 'n verskil is tussen direkte en geïmpliseerde betekenis (Aktiwiteit 2.1, 2.2 en 2.3)
- weet dat 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels 'n impak op die teks het – byvoorbeeld, metafoer, simbool, woordspeling, onderbeklemtoning, geestigheid, hiperbool, vergelyking, kontras, sarkasme, karikatuur/spot, ironie, paradoks, antitese en antiklimaks (Aktiwiteit 2.3)
- kennis demonstreer van die begrippe intrige, subintrige, konflik, karakter en vertellersrol (Aktiwiteit 2.3)
- kennis demonstreer van die boodskappe en temas wat in 'n teks vervat kan word (Aktiwiteit 2.3)
- weet hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema (Aktiwiteit 2.3)
- kennis demonstreer van die konsepte stemming, tydsverloop en afloop (Aktiwiteit 2.3).

## **Vaardighede**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- vrae kan stel ten einde voorspellings te kan maak (Aktiwiteit 2.1 en 2.2)
- die betekenis van onbekende woorde of beelde in geselekteerde kontekste kan aflei (Aktiwiteit 2.1 en 2.2)
- persoonlike response op tekste gee en motiveer (Aktiwiteit 2.1 en 2.2)
- die verskil tussen direkte en geïmpliseerde betekenis kan herken (Aktiwiteit 2.1, 2.2 en 2.3)
- teoretiese kennis van algemene literêre teorie demonstreer (Aktiwiteit 2.3).

## **Houdings en waardes**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- besef dat die stel van vrae 'n waardevolle hulpmiddel vir 'n voornemende leser van 'n teks kan wees (Aktiwiteit 2.1 en 2.2)
- besef dat daar 'n verskil is tussen direkte en geïmpliseerde betekenis (Aktiwiteite 2.1, 2.2 en 2.3)
- besef dat 'n verskeidenheid literêre stylmiddels aangewend kan word om by te dra tot die betekenis van tekste (Aktiwiteit 2.3).


## Inleiding tot hierdie afdeling

Die leerders se belangstelling in die boek behoort geprikkel te wees na afloop van die aktiwiteite in Deel 1. Hier volg nou twee aktiwiteite waar die boek direk betrek word en wat die leerders verder sal help om voorspellings oor die verhaal te maak. Die titel, omslag en flapteks word hier ondersoek. Deel 2 bevat ook 'n bondige uiteensetting van verskillende aspekte van literêre teorie. Jy kan hierdie afdeling kortliks met die leerders behandel. Hulle moet aantekeninge maak oor die verskillende letterkundige definisies, aangesien van hulle vereis word om hierdie teorie in Deel 3 en 4 op *Die Pro* toe te pas.

## Die titel en omslag



## **Aktiwiteit 2.1 Takseer Die Pro op sy baadjie**



Die leerders werk in pare, bespreek die antwoorde en skryf dit dan individueel in hul werkboeke neer.

Vra die leerders om die boek oop te vou en voor hulle neer te sit met die buiteblad wat na hulle wys. Hulle bestudeer die omslag van *Die Pro* en beantwoord die vrae hieronder.

1. Wat is die boek se titel en waarna verwys dit?  
[*Die Pro*, 'n professionele, vaardige persoon.]
2. Wat is die naam van die uitgewersmaatskappy?  
[Tafelberg.]
3. Wie is die skrywer van die boek?  
[Leon de Villiers.]
4. Noem een van die pryse waarmee die boek bekroon is.  
[1996 se Sanlam-wedstryd vir jeuglektuur, die M.E.R.-prys of die Scheepersprys vir Jeuglektuur in 1998.]
5. Lyk die boek soos 'n jeugboek? Noem ten minste twee voorwerpe op die omslag wat jou antwoord ondersteun.  
[Kitskos soos pizza en modebykomstighede soos 'n sonbril; honde, seelewe.]
6. Hoeveel verskillende honderasse verskyn aan die linkerkant?  
[Vier.]
7. Watter twee dinge kan jy sien wat daarop dui dat daar moontlik 'n see-ruimte in die boek gaan wees?  
[Die skool visse en die sonbril.]
8. Bespiegel oor wat jy dink deur die oranje voorwerpe aan die regterkant voorgestel word?  
[Dit is moontlik rooibloedliggaampies; kan ook lekkers of blomblare wees.]
9. Watter reaksie kan 'n kyker hê op die afbeelding van die persoon aan die regterkant?  
[Die persoon se uitdrukking lyk somber en saam met die ongewone kleur van die vel, kan dit die kyker dalk intimideer of nuuskierig maak.]
10. Watter emosies, raai jy, gaan die persoon moontlik in die boek ervaar?  
[Die persoon lyk hartseer, peinsend en depressief.]
11. Wat is die oorwegende agtergrondkleur van die omslag?  
[Dit is donkerblou.]
12. Watter assosiasies het jy met dié kleur?  
[Eie assosiasies; dikwels die see, hartseer, blou Maandag, depressiewe gevoelens]
13. Beskou jy die omslag as prikkelend en interessant? Verduidelik kortliks.  
[Eie antwoord.]
14. Op watter wyse beïnvloed die omslag, titel en outeur van 'n boek jou as jy moet besluit of jy dit gaan koop of uitneem? Van watter soort omslag hou jy? Wie is jou gunstelingskrywer? Gee redes vir jou antwoorde.  
[Leerders verskaf hul eie voorkeure/afkere en menings.]
15. Evalueer die omslag op grond van die kriteria hieronder. Kies telkens tussen die beskrywings in kolom A om julle indruk weer te gee. Kolom B is ook voorsien om as riglyn te dien. Gee telkens ook 'n kort verduideliking vir jul evaluasie.



- (a) Oorspronklikheid
- (b) Trefkrag
- (c) Gebruik van kleur
- (d) Gebruik van beelde
- (e) Lettertipes

Kolom A	Kolom B
Uitstekend	80–100 %
Verdienstelek	70–79 %
Voortreflik	60–69 %
Voldoende	50–59 %
Gemiddeld	40–49 %
Elementêr	30–39 %
Swak	0–29 %

**Nota aan die onderwyser:** Die leerders kan nadat hulle die verhaal gelees het, self ’n stofomslag ontwerp. Vra hulle om solank aantekeninge te maak, aan idees te dink, knipsels uit tydskrifte te soek en voorwerpe wat hulle kan gebruik, te versamel.

## Die flapteks

### Aktiwiteit 2.2 Bespreking van die flapteks



Maak leerders daarvan bewus dat *Die Pro* (soos ander voorgeskrywe fiksie) nie geskryf is met die doel om op skool voorgeskryf te word en in klasse behandel te word nie. Dit moet ook ’n bemerkbare produk wees wat in boekwinkels moet meeding om lesers se aandag te trek. Die leerders voer hierdie aktiwiteit as ’n klasgroep uit.

1. Sou julle hierdie boek koop of uitneem na aanleiding van wat julle op die flapteks gesien en gelees het? Verwys weer na Aktiwiteit 1.2 en vul die lys van assosiasies met die titel aan.
2. Watter deel van ’n boek is die flapteks en wat is die funksie daarvan?  
[Die flapteks is soms deel van die omslag van ’n boek en dit verwys na die gedeelte wat vir die lesers ’n kort opsomming oor die inhoud van die boek gee, sonder om die storie te verklap, of dit kan ’n uittreksel uit die verhaal wees en op die eerste bladsy verskyn soos by *Die Pro*.]
3. Maak die boek oop en lees die eerste bladsy. Beantwoord die volgende vrae:
  - (a) Bevestig of weerlê die paragrawe jou antwoord by Vraag 7 van die vorige aktiwiteit? Verduidelik.  
[Die vermoede dat see-aktiwiteite betrokke is, word bevestig aangesien daar gepraat word van *surf*.]
  - (b) Uit watter twee dinge kan jy aflei dat die karakter, Dirkie, moontlik oorlede is?  
[Tiaan praat van dinge wat hy en Dirkie gedoen het en die indruk word geskep dat hulle dit nie meer sal kan doen nie omdat Dirkie hom op ’n manier “gedrop” het; moontlik deur dood te gaan. Verder word daar ook vertel van

“ ’n groot verlies” waarmee Tiaan moet saamlewe – wat moontlik die dood van sy beste vriend, Dirkie is.]

- (c) Van watter belangrike tema in die boek lees jy in die vierde paragraaf?

[Die tema van hoe om met ’n verlies saam te lewe.]

- (d) Watter ervaring het die skrywer van *Die Pro* wat hom sou kon toerus om jeugboeke te skryf?

[Hy het elf jaar lank noue kontak met die jeug gehad toe hy skoolgehou het.]

4. Wat let jy op oor die taalgebruik en trant van die stuk?

[Die trant is gemaklik en informeel. Die taalgebruik is tipies tienertaal met sleng en die gebruik van Engelse woorde.]

## Die voorwerk

### Aktiwiteit 2.3 Bespreking van die voorwerk



Leerders werk in groepe en beantwoord die volgende vrae.

1. Een van die pryse wat die boek gewen get, word hier vermeld. Watter prys is dit?  
[Dit het die prys gewen in die beginnerskategorie van 1996 se Sanlam-wedstryd vir jeuglektuur.]
2. Hoe het Tafelberg-Uitgewers jongmense by die boek betrek?  
[Die uitgewer het ’n kompetisie aangebied waar jongmense hulle ontwerpe kon instuur vir die omslag van die roman.]
3. Sê of jy dink of hierdie proses ’n geslaagde uiteinde tot gevolg gehad het. Verduidelik kortliks.  
[Leerders se antwoorde sal daarvan afhang of hulle van die omslagontwerp hou of nie.]
4. Skryf die adres van die uitgewer neer:  
[Tafelberg-Uitgewers Bepker, Waalstraat 28, Kaapstad.]
5. Wat beteken die woorde “Alle regte voorbehou”?  
[Dit beteken dat geen gedeelte van die boek sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouer reproduseer mag word nie. Die werk behoort aan die kopiereghouer.]
6. Watter bewys kan gegee word dat die boek ’n goeie verkoper is?  
[Die boek is al herdruk; met ander woorde die eerste oplaag is uitverkoop en daar was ’n aanvraag na nog eksemplare.]
7. Die boek is aan twee families opgedra. As jy ’n raaskoot kon waag, hoekom dink jy is die boek aan hulle opgedra?  
[Dit is moontlik families wat aan die skrywer bekend en belangrik is. Die storie kan selfs raakpunte toon met aspekte van dié families se lewens.]
8. Die boek is ook aan “die siele van die see” opgedra. Beskryf wat jy dink hierdie siele se eienskappe kan wees.  
[Mense wat baie lief is vir die see, wat sorgvry is en die natuur geniet.]

# Algemene literêre teorie

## Inleiding

In sy werk *Living to Tell the Tale* sê die bekende Suid-Amerikaanse skrywer, Márquez, dat 'n storie 'n spel tussen werklikheid en fiksie is. Deur middel van fiksie kry ons 'n blik op die lewe, kry ons die geleentheid om dinge in die lewe te bevraagteken en te verstaan. Dit lê dinge aan ons bloot wat ons andersins nooit mee in aanraking sou kom nie. Dit laat ons toe om ander se leefwêreld te betree en te deel in hul vreugdes en smart. En uiteindelik kan hierdie ervarings ons leer om met groter verdraagsaamheid en begrip teenoor ander en die omgewing op te tree.

Om hierdie wonderlike wêreld van geletterdheid te betree, beteken dat jy vertrouwd moet raak met taalstrukture en grammatika, maar ook **literêre terme** moet kan eien – en natuurlik self leer gebruik. Dit kry 'n mens reg deur allereers 'n oplettende leser te word. In baie opsigte is die lesers van 'n literêre werk die “medeskrywers” omdat hulle hul eie lewenservaring, sienings en begeertes na die teks bring en dit hulle verbeelding is wat elke toneel, elke beeld en elke gesprek aanvul. Dit wat met die karakters gebeur, word dan ook deel van die lesers se lewe, en so versmelt werklikheid en fiksie. Hierdie interaksie van die leser met tekste skep vir hul betekenis.

Die roman is een van 'n paar genres in die letterkunde en hier volg 'n kort uiteensetting van die belangrikste aspekte wat in gedagte gehou moet word tydens die bestudering daarvan.

## Tema

Die **tema** van 'n roman verwys na die sentrale idee of algemene insig in die lewe wat die roman wil uitdra. Met ander woorde, wat kan ons uit die boek leer? Deur die temas te ontleed probeer ons vasstel hoe die tema by ons ervaring aansluit en hoe dit ons lewe kan verryk. Leerders moet boodskappe en temas in literêre tekste kan identifiseer en verduidelik en deur middel van geselekteerde uittreksels die verbande kan aandui.

## Milieu

Die milieu van 'n verhaal verwys na die tyd en plek waar die gebeure in die verhaal afspeel. Die milieu word onthul deur beskrywing (van die weer, dorpe, vertrekke, meubels, kleredrag en gebruike) en dialoog. Die skrywer gebruik beeldspraak om die leser se vyf sinuities by hierdie beskrywings te betrek (sig, reuk, gehoor, aanraking en smaak).

Die milieu is 'n implement wat gebruik word om die vertelling realisties en geloofwaardig te maak. 'n Realistiese milieu help die leser om meer te leer oor verskillende maniere waarop mense hul lewens leef. 'n Goeie milieu skep 'n atmosfeer vir die verhaal en dien as agtergrond tot die sentrale konflik of struweling in die verhaal. Die milieu dra dikwels by tot die tema of sentrale boodskap van die verhaal.

## **Die funksies van die milieu**

- Dit maak die boek geloofwaardig.
- Die leser leer meer oor verskillende lewenstyle.

- Dit skep atmosfeer.
- Dit verskaf agtergrond tot die sentrale konflik in die verhaal.
- Dit bou die tema van die verhaal uit.

## Tyd

'n Geskrewe werk speel altyd binne 'n bepaalde **tyd** en teen 'n sekere agtergrond af. Hierdie elemente kan fiktief wees (nie in die werklike lewe bestaan nie), met ander woorde dit is deur die skrywer uitgedink of geskep. 'n Futuristiese verhaal op 'n planeet êrens in die ruimte, of sprokies is voorbeelde hiervan. Dit is soms die keuse van die skrywer om by bekende tye en plekke te hou ten einde die leser se identifisering met gebeure en/of die geloofwaardigheid daarvan te verhoog. Tydsverloop in 'n verhaal dra daartoe by om die stemming, ironiese wendings en die afloop van die verhaal uit te wys.

'n Verhaal word gewoonlik chronologies vertel, dit wil sê van die begin tot die natuurlike einde. Ons onderskei gewoonlik tussen leestyd, verteltyd en vertelde tyd. **Leestyd** dui op hoe lank dit duur om 'n verhaal te lees. **Verteltyd** verwys na die letterlike getal bladsye waaruit 'n geskrewe werk bestaan, of hoe lank dit die skrywer neem om die storie te vertel. **Vertelde tyd** dui op die tydperk(e), tye – hede, verlede, toekoms – wat die skrywer gebruik om die verhaal te laat ontvou.

Verskeie tegnieke kan toegepas word om gebeure, gedrag/optrede of situasies toe te lig, byvoorbeeld:

- terugflitse – 'n teruggaan in tyd na die verlede – kan 'n karakter se optrede verduidelik
- vooruitskouings kan moontlike implikasies van besluitneming weergee.

## Simbole

'n Voorwerp/teken wat 'n saak (gewoonlik abstrak) verteenwoordig. Simboliese waarde wat aan voorwerpe geheg word, is nie absoluut en eksklusief nie. 'n Kruis, byvoorbeeld, simboliseer 'n verskeidenheid dinge: die Christengeloof, die dood, ensovoorts. Simbole word gebruik om die tema te onderskryf en te ondersteun of om elemente voor te stel.

## Die keuse van 'n vertelperspektief/vertellingshoek

Is die skrywer die verteller of die verteller die skrywer? 'n Outeur skryf 'n verhaal of drama, en 'n digter 'n gedig, maar dit is gewoonlik nie hy/sy wat die storie vertel nie. Daar is gewoonlik 'n ander stem of verteller aan die woord. Uitsonderings is natuurlik die outobiograaf wat sy/haar eie lewensverhaal (outobiografie) vertel en sekere gedigte, soos "Edms. Bpk." deur D.J. Opperman.

Die vertelperspektief is die hoek waaruit die verteller die karakters, ruimte en gebeure waarneem. Hierdie perspektief kan weergegee word deur middel van beskrywing, dialoog, opsomming of implisering. Wanneer 'n outeur 'n boek beplan, sal die keuse van die vertelperspektief afhang van die oopspunt waaruit die verhaal die beste vertel kan word.

## Die verteller

Die skrywer kies 'n toepaslike verteller om die verhaal te vertel. Dié persoon sê wat gebeur, hoe die ruimte lyk, en beskryf die aard van die karakters. Die skrywer is nie die

verteller nie, maar die werklike outeur. Die verteller is die instansie wat aan die woord is. Hy/sy skep die ruimte waarbinne die verhaal afspeel; bewerkstellig die verloop van tyd in die werk en dra die emosionele, sosiale en morele aard van 'n karakter op verskillende wyses aan die leser oor. Die verteller van 'n verhaal kan **intern** of **ekstern** wees. Beide tipe vertellers hou voordele in vir die spanningslyn van 'n verhaal – die een vanweë sy/haar meerdere kennis en die ander juis vanweë sy/haar “onkunde”.

### ***Eerstepersoon-, ek-verteller, interne verteller***

'n Eerstepersoonverteller is self 'n karakter in die verhaal – gewoonlik die hoofkarakter, en die leser leer hom/haar baie goed ken. In die verhaal kom die voornaamwoorde “ek”, “ons”, “my”, gereeld voor. Hierdie verteller is gewoonlik intiem en onmiddellik betrokke by die gebeure in die verhaal. Die belangrikste voordeel van hierdie soort verteller is dat hy/sy oortuigend is en dat die leser sy/haar gedagtes en ervarings eerstehands beleef. Die nadeel is dat die perspektief beperk is omdat die verteller slegs sy/haar eie gedagtes en ervarings kan weergee en die leser dus nie die ander karakters se perspektief kry nie.

Die weergee en beleef van gebeure en karakters is dus meer subjektief by die eerstepersoonverteller en kan daarom óf as meer, óf as minder geloofwaardig deur die leser aanvaar word. Dié verteller wil van meet af aan die indruk skep dat hy/sy baie oplettend is en sodoende sorg dat die leser die korrekte inligting kry; dikwels word dit gekoppel aan 'n ruimte en ander inligting wat aan die leser bekend is. 'n Beter illusie van werklikheid word deur 'n ek-verteller geskep omdat hy/sy die gebeure self beleef. Die verteller is ook meer gebonde aan tyd en ruimte binne die verhaal en kan net berig oor wat hy/sy self beleef. Die leser mag soms wonder of die verteller in alle opsigte eerlik is. As gewone mens het die ek-verteller ook sy/haar tekortkominge en beperkinge, en vooroordele kan deel daarvan wees.

### ***Tweedepersoonverteller***

Dit gebeur wanneer die verteller die leser as 't ware betrek, en die verhaal in die tweede “jy”-persoon vertel word. Hierdie vertellersperspektief is nie algemeen nie.

### ***Derdepersoon- en eksterne verteller***

'n Derdepersoonverteller is as 't ware onsigbaar en is nie 'n karakter in die verhaal nie. Hy/sy verwys na die karakters deur hul name of voornaamwoorde (“hy”, “sy” of “hulle”) te gebruik.

### ***Die alwetende eksterne verteller***

So 'n verteller kan soms alwetend en alomteenwoordig wees. Hy/sy ken gewoonlik die karakters beter as wat hulle hulself ken, wat hulle dink en beplan, hoe hulle voel en hoe hulle gaan optree in verskillende situasies. Hierdie verteller is nie noodwendig gebonde aan tyd en plek nie en is meer objektief in sy/haar waarneming.

Hierdie soort vertelling hou baie voordele in. Ons kan sien wat in al die karakters se gedagtes omgaan. Hierdie verteller is alwetend en onbeperk wat betref kennis en bewegings. Die verteller lewer ook kommentaar, verklaar dinge, maak voorspellings en

lê insig aan die dag. Omdat hierdie verteller gedistansieerd is van die verhaalwêreld, het hy/sy 'n wye visie daarop.

### ***Die eksterne verteller wat nie alwetend is nie***

Soms is die verteller nie alwetend nie en fokus hy/sy op die gesigspunt van een besondere karakter wat die **fokalisator** genoem word. Die fokalisator is 'n karakter wat die leser se aandag rig en fokus in 'n vertelling. Die verhaal word dan vertel soos waargeneem deur die oë van hierdie karakter. (Fokalisasie is 'n term wat aan die fotografie ontleen is, en gee 'n antwoord op die vraag: "Wie sien?"). Die fokalisator kan egter ook die verteller wees.

## **Konflik en intrige**

Daar is 'n sentrale **konflik** in alle romans. Hierdie konflik verteenwoordig die hoofkarakter se belangrikste probleem of struweling. Konflik verwys dus na die stryd/botsing/worsteling tussen karakters en individue of groepe en hul omstandighede en sosiale kontekste. Hierdie tipe konflik staan bekend as **eksterne konflik**. Konflik in letterkunde kan egter ook **intern** wees, wanneer daar strydende begeertes en waardes in een karakter ontstaan.

**Intrige** verwys na 'n ontwikkelende situasie waarop die verhaal gebaseer is. Subintrige verwys na die ondergeskikte verwickelde situasie(s) wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is.

## ***Die ses onderafdelings waarin die reeks gebeurtenisse (of intrige) in 'n roman ingedeel kan word***

### ***1. Inleiding tot die intrige***

Die inleiding verskaf agtergrond, beskryf die milieu en stel die belangrikste karakters aan die leser bekend.

### ***2. Insident wat die intrige aanblaas***

Hierdie insident kondig die begin van die belangrikste konflik wat in die boek gaan voorkom, aan.

### ***3. Ontwikkeling van intrige***

Gedurende die ontwikkelingsstadium van die roman begin verskeie dinge gebeur en konflikterende standpunte word aan die leser bekendgestel.

### ***4. Klimaks***

Die klimaks is die hoogtepunt van die roman, waar die konflik 'n toppunt bereik.

### ***5. Oplossing***

Gedurende die oplossingsfase kom die konflik tot 'n einde en die gevoelens van frustrasie word opgelos.

### ***6. Ontknoping***

Al die los drade word saamgevat en die leser kry 'n idee van hoe dinge in die toekoms sal verloop.

## Karakters

In enige verhaal is daar karakters wat handelend optree en sekere gebeurtenisse beleef. Hierdie karakters hoef nie noodwendig menslike figure te wees nie, maar alle karakters word voorgestel as wesens met bepaalde gedagtes en emosies.

In 'n verhaal word gewoonlik 'n hele paar figure/karakters aangetref wat handelend optree en help om die wêreld van die verhaal te skep. Hierdie karakters is nie almal van ewe groot belang nie en verskil ook van mekaar ten opsigte van hul funksie in die verhaal.

Die karakters wat help om die agtergrond van die verhaal te vul, staan as **plat karakters** bekend. Hulle word gewoonlik as tipiese karakters of stereotipes voorgestel en deur die loop van die verhaal verander en ontwikkel hulle nie juis nie. Die leser sien as 't ware net een kant of die kenmerkende eienskap van so 'n karakter.

Daarteenoor is daar die **ronde karakters**, die figure wie se gedagtes, motiewe, agtergrondgeskiedenis, gedrag, ensovoorts die volledigste uitgebeeld word. Hierdie karakters leef, stry en verander namate die verhaal ontwikkel – die hele verhaal sentreer rondom hulle. Namate die verhaal ontvou, leer die leser hierdie karakters met al hul uniekhede baie goed ken. Die hoofkarakter (wat ook die **protagonis** genoem word) is die persoon om wie die storiegebeure draai; hy/sy is gewoonlik ook die mees komplekse karakter wat in verskillende fasette uitgebeeld word en in die loop van die verhaal verder ontwikkel. In sommige verhale is daar een belangrike teenspeler, wat die **antagonis** genoem word.

Alle karakters in geskrewe werk word aan die leser voorgestel op twee maniere, direk of indirek. **Direkte beskrywings** verwys na beskrywings van hoe die karakters lyk of reageer en watter soort mense hulle is. **Indirekte beskrywings** verwys na dele van die teks waar die lesers op 'n indirekte wyse iets oor karakters leer deur wat hulle sê en hoe hulle in situasies in die verhaal optree. Dit staan bekend as karaktertekening of -uitbeelding. Die stelselmatige uitbouing van 'n karakter deur die outeur: wat hy/sy dink en doen; hoe hy/sy lyk; wat die ander karakters van hom/haar dink en vir hom/haar sê en wat geïmpliseer word, staan bekend as **karakterisering**.

### ***Karakters word uitgebeeld deur beskrywings van:***

- voorkoms
- persoonlikheid
- agtergrond
- motivering
- verhoudings
- konflik
- groei/verandering.

### ***Vrae om te stel wanneer ons karakters bestudeer***

- Hoe lyk die karakter? Hoe voel ons daarvoor en hoe voel die karakter self daarvoor?
- Watter tipe persoonlikheid het die karakter?
- Wat is die karakter se agtergrond? Kom hy/sy uit 'n gelukkige gesin? Wat is sy/haar lewensomstandighede?

- Wat motiveer die karakter? Wat is sy/haar drome en ideale?
- Wat is die karakter se verhouding met die ander karakters in die roman? Wat is sy/haar verhouding met die gemeenskap?
- Watter konflik beleef die karakter? Is dit ekstern of intern? Hoe reageer hy/sy op die konflik?
- Verander of groei die karakter deur die loop van die verhaal?

***Ons leer ook die karakters ken deur:***

- wat die ander karakters in die verhaal van hulle sê
- wat hulle self sê, met ander woorde die karakter se eie woorde
- wat hulle doen, veral in 'n krisissituasie
- gedagtepraat of selfbeskouing.

Karakters se optrede teenoor ander en die omgewing weerspieël hul waardes, en mense se waardes gee “betekenis aan persoonlike spirituele ervarings en intellektuele speurtogte” (NKV Graad 10–12: 5). Waardes rig ons verhoudinge met ander en die omgewing.

**Woord, sin en paragraaf**

In enige geskrewe werk is dit vir die skrywer van uiterste belang om die mees gepaste woord te gebruik. Binne die digkuns is dit essensieel; binne prosa is daar die ruimte van verduidelikende sinne en paragrawe. Taal is iets waarsonder ons nie kan klaarkom nie. Ons gebruik dit orals: by die huis, by die skool, op die sportveld, wanneer ons ontspan en wanneer ons vakansie hou. Deur en met woorde raak een hart aan die ander, en een gedagtegang aan die ander. Ons gebruik woorde om te verstaan en verstaan te word, maar ook om allerlei ander redes.

Soms kruip mense agter mooi of harde woorde weg omdat hulle hulleself nie wil laat ken nie; ander kere misbruik hulle taal weer deur hul medemens te probeer manipuleer, byvoorbeeld deur vleitaal of dreigemente. Maar taal word “stomp” wanneer die hart in 'n ander sleutel as die mond sing. Gelukkig, of ongelukkig, is woord en toon “deursigtig”: die ware betekenis en bedoeling skemer feitlik altyd deur. Daarom slaag 'n mens selde daarin om ander mense op die lange duur te mislei. “Alles van A tot Z word eendag woord,” sê Elisabeth Eybers.

In enige skryfstuk bly die ideaal dat die skrywer hom/haar by erkende skryf- en taalreëls hou ten opsigte van woord-, sin- en paragraafgebruik. Keurige taalgebruik en kundige woordkeuses beteken allermins hoogdrawendheid. Die kuns om 'n goeie skrywer te wees, lê juis in verrassende én aanvaarbare taalgebruik.

Karakters in 'n verhaal se woordgebruik moet eweneens by hulle pas – 'n tiener wat soos 'n professor praat, en andersom, sal nie geloofwaardig wees nie. Dis juis die kundige gebruik van spreektaal, streektaal, uitdrukkings en idiome wat karakters laat leef, 'n verhaal laat slaag en sorg vir 'n aangename leeservaring.



## **Woorde is . . .**

“... wapens”. *George Santayana*

Woorde kan miskien as wapens beskryf word wanneer dit rondgeslinger word om te kwets, te spot, te vloek of te oordonder – of jouself straks net beskaaf te handhaaf!

“... gelaaide pistole”. *Jean-Paul Sartre*

Maar gladde woorde kan ook die skild word waaragter mense veg, en mooi woorde die sagte wapen wanneer dit gebruik word om iemand anders te “verower” of te “oorrompel”.

“... die kleingeld van die denke”. *Jules Renard*

Bogenoemde stelling kan verwys na die feit dat sommige ervarings gedagtes en emosies opwek wat te diep, te hoog en te wyd vir woorde is. Die intense ervaring van liefde, ontugtering of die dood moet dikwels eers innerlik verwerk word voordat jy dit kan verwoord. En selfs dán verbeeld die woorde net ’n klein deel daarvan.

“... pennetjies waaraan ’n mens idees ophang”. *Henry Ward Beecher*

Soms stu woorde die denkproses self voort deur idees sigbaar te maak – oftewel “op te hang”. Jou gedagtes ontwikkel juis terwyl jy skryf – of terwyl jy praat. Amper soos foto’s wat een-een in ’n donkerkamer opgehang word.

“... groot vyande van die realiteit”. *Joseph Conrad*

Tussen die spreker of skrywer enersyds, en die hoorder of leser andersyds, gaan die waarheid of diepste betekenis partykeer verlore vanweë apatie, subjektiwiteit of selfgesentreerdheid, sluhed of wispelturigheid – en al die ander speletjies wat mense speel.

“... die sterkste dwelmmiddel wat die mensdom gebruik”. *Rudyard Kipling*

Die gevaar bestaan dat woorde gebruik kan word om te sus en te streef terwyl hulle mislei en bedrieg. Of dat woorde dade of aksie vervang. Mense kan selfs so woorddronk raak, dat hulle hul eie leuens glo.

“... ál wat vir altyd hou”. *William Hazlitt*

Wyse woorde of die gedrukte woord kan in bepaalde omstandighede lank na die spreker of skrywer se dood nog lééf.

“... is ál wat ons het”. *Samuel Beckett*

Woorde kan wel ontoereikend, manipulerend, of dalk heeltemal vals wees, maar dit is ál manier waarop ons mekaar leer ken en ons ons wêreld kan verken.

En soos Jacques Derrida gesê het “Om te praat maak my bang want deur nooit genoeg te sê nie, sê ek ook te veel”.

## **Die roman as letterkundeteks**

Die benaming *roman* is van toepassing op 'n wye reeks tekste waarvan die een gemeenskaplike kenmerk is dat dit fiksie is wat in prosavorm geskryf is. Die roman is 'n uitgebreide narratief wat onderskei kan word van ander prosawerke, soos die novelle, essay en kortverhaal en die teksformate wat hieronder genoem word. Weens die omvangrykheid van die roman, laat dit ruimte vir die gebruik van meer karakters en hul ontwikkeling, milieuverandering, die kompleksiteit van die verhaal en die ontwikkeling van temas.

## **Ander teksformate**

### ***Kenmerke van die dagboekinskrywing***

- 'n Datum in die boonste, regterkantste hoek.
- 'n Dagboek word altyd aangespreek asof dit 'n persoon is, aangesien dagboekinskrywings soos 'n gesprek met die self is.
- Die inskrywing begin altyd met 'n groet (byvoorbeeld: Liewe Dagboek).
- 'n Dagboekinskrywing is 'n persoonlike weerspieëling van dinge wat vir die skrywer belangrik is.

### ***Kenmerke van 'n dialoog***

- Daar is 'n onsigbare linkerkantlyn wat die spreker netjies skei van die woorde wat gesê word.
- Aanhalingstekens word nooit gebruik nie.
- Die teenwoordige tyd word altyd gebruik, aangesien 'n dialoog 'n verbale gesprek weergee.
- 'n Dubbelpunt word gebruik om die spreker se naam van sy/haar woorde te onderskei.

### ***Kenmerke van 'n narratiewe essay of opstel***

- 'n Opstel vertel 'n storie en moet 'n begin en 'n einde insluit.
- Stories word met 'n spesifieke gehoor in gedagte geskryf en die skrywer moet aandag skenk aan dinge wat die leser sal geniet om te lees.
- 'n Opstel kan in die teenwoordige of verlede tyd geskryf word.

### ***Kenmerke van 'n koerantberig***

- Die trant van 'n koerantberig is onpersoonlik.
- Alhoewel dit nie as goeie styl beskou word nie, word die lydende vorm dikwels gebruik, veral as die agent van die sin onbekend is of verdoesel word. Die lydende vorm word ook gebruik om sekere inligting te beklemtoon deur dit aan die begin van die sin te plaas.
- Sinne is gewoonlik bondig en paragrawe nie baie lank nie.
- Indien bekend en gepas, word persone wat in die berig genoem word se ouderdom tussen hakies, in syfers na hulle name geskryf.

Die paragrawe word as volg gestruktureer:

### ***Paragraaf 1***

Hierdie paragraaf dra die belangrikste inligting waaroor verslag gedoen word oor. Die vyf “W’s” word beantwoord: **wie** het **wat** **wanneer** en **waar** gedoen en **waarom**? Die paragraaf begin met die naam van die plek waarvandaan berig word en word gewoonlik in hoofletters geskryf.

### ***Paragraaf 2***

Meer inligting oor die vyf “W’s” word gegee. Soms word die vyfde “W”, die “**waarom**”, eers in dié paragraaf genoem.

### ***Paragraaf 3 en verder***

Verdere inligting oor wat gebeur het en wat mense se reaksie was. Mense wat direk aangehaal word gee die berig meer trefkrag.

## **Algemene literêre terme**

Hierdie afdeling bevat kort beskrywings van die belangrikste terme wat gebruik word vir elemente wat oor die algemeen in literêre werke voorkom, nie noodwendig net in romans nie. Dit dien as sleutels tot ’n beter begrip van die verhaal. **Let wel:** Deel 3 van hierdie gids bevat ’n verskeidenheid voorbeelde hiervan soos dit in *Die Pro* gebruik word.

### ***Alliterasie***

Die herhaling van ’n konsonant/medeklinker.

### ***Anekdote***

’n Kort, onderhoudende storie; ’n klein voorval of gebeurtenis wat vir ’n spesifieke doel vertel word, byvoorbeeld as inligting of vermaak, in humor of venyn, of om karakter te openbaar. Anekdoties word dikwels tydens preke of toesprake vertel om ’n punt te illustreer.

### ***Antiklimaks***

’n Opbou na iets dramaties wat omswaai en eindelijk nie die verwagting tref nie; ’n omswaai na die doodgewone.

### ***Antitese***

Dit beteken die gebruik van teenoorgestelde begrippe naas mekaar; ’n teenstelling, byvoorbeeld dood teenoor lewe. Die twee dele volg gewoonlik dieselfde woordorde en struktuur.

### ***Antonieme***

Antonieme – woorde wat min of meer die teenoorgestelde betekenis van ander woorde uitdruk: “vriend” is die antoniem vir “vyand”, en “goed” dié vir “sleg”.

## **Assonansie**

Die herhaling van 'n vokaal/klinker.

## **Beeldspraak**

Die prentjies wat die skrywer in die leser se verbeelding teken – op dié plek waar denke en sintuie mekaar ontmoet, byvoorbeeld “Loop pluk vir my die son”.

## **Betekenis**

Die sin, waarde of begrip van 'n saak. Dit kan direk, dus voor die hand liggend wees of indirek, met ander woorde verskuil of geïmpliseerd.

## **Bevooroordeeldheid**

'n Mens is bevooroordeeld wanneer jy vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak het wat billike assessering bitter moeilik maak.

## **Cliché**

Afgesaagde uitdrukkings wat so dikwels gebruik word dat hulle hul uitdrukkingskrag verloor, byvoorbeeld die woord “shame”. “Shame” is 'n woord wat so dikwels in Suid-Afrika deur sprekers van alle tale gebruik word, dat dit nie meer veel empatie kan oordra nie.

## **Disfemisme**

Waar iets doelbewus kras gestel word.

## **Diskriminerende taalgebruik**

Taalgebruik wat kwessies met onderskeid behandel. Die gebruik om manlike terme vir alle persone aan te wend, word byvoorbeeld as diskriminerend beskou. Diskriminerende taalgebruik kan ook rassevooroordeel verwoord.

## **Dubbelsinnigheid**

'n Tweërlei betekenis wat geskep word deur die manier waarop woorde of sinne gebruik word: “Hy wil haar nie langer hê nie”. Dit kan beteken hy wil haar nie meer hê nie of hy wil nie hê sy moet langer wees as wat sy is nie. Langenhoven het eenkeer in die parlement gesê dat die helfte van die agbare lede donkies is. Toe hy gevra word om sy woorde terug te trek, staan hy op en sê: “Die helfte van die agbare lede van hierdie parlement is nie donkies nie”.

## **Ellips**

'n Onvoltooide sin, aangedui deur beletseltekens of stippels.

## **Eufemisme**

Iets onaangenaams of sosiaal onaanvaarbaar word sagkens gestel om die impak daarvan te versag of te verbloem.

## ***Geestigheid***

Ratse, lewendige, oorspronklike sêding/opmerking wat gewoonlik lighartige, goedige spot bevat.

## ***Genre***

Dit verwys na 'n vorm van letterkunde, soos gedigte, romans, essays, draaiboeke. Dit word ook gebruik om verskillende soorte films en selfs style in die beeldende kunste te klassifiseer.

## ***Hiperbool***

'n Doelbewuste oordrywing om 'n bepaalde effek te bereik. Tiaan se ma sal “die driedubbele piep kry” as sy uitvind Tiaan se hond slaap in sy kamer” (bladsy 2).

## ***Idiomatiese uitdrukkings***

Dit sluit in spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke, al die uitdrukkings wat deur gebruik neerslag in 'n bepaalde taal kry en wat sáám 'n heeltemal ander betekenis het as wat die afsonderlike woorde het, byvoorbeeld “moenie die wa voor die osse span nie”, “sy het haar varkies verloor”, “hulle wil die bordjies verhang”.

## ***Intrige***

Die verwickelde situasie wat 'n skrywer skep en waaruit die verhaal ontknoop. **Subintrige** verwys na 'n ondergeskikte verwickelde situasie.

## ***Ironie***

'n Stylfiguur waar die teenoorgestelde gesê word van wat bedoel word; ook 'n uitslag, omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat verwag word. Tiaan se pa noem hom op bladsy 51 “my briljante seun Dirkie” as hy eintlik die teenoorgestelde bedoel.

## ***Karikatuur***

Die oordrewe uitbeelding van 'n mens deur die spot te dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms. Sekere herkenbare eienskappe van 'n karakter word dus so oordryf dat dit bespotlik raak. In klassieke dramas word die sogenaamde hofnar dikwels as karikatuur geteken, enersyds om die spanning te breek, maar andersyds ook om indringende kommentaar te lewer.

## ***Klanknabootsing***

Wanneer 'n klank nageboots word.

## ***Kontekstuele leidrade***

Hierdie leidrade kleur “die wêreld van die storie” vir ons in: wat voor en na die sentrale gebeure staan, help ons om laasgenoemde reg te vertolk.

## **Kontras**

Sake wat in teenstelling met mekaar staan, maar wat gewoonlik 'n eienskap deel.

## **Kulturele geletterdheid**

Begrip vir die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat beïnvloed hoe ons tekste lees. Dit verwys na die dinge wat 'n mens wéét omdat jy dit feitlik met moedersmelk ingekry het: in Afrikaans word die gebruik van God se naam as stop- of kragwoord byvoorbeeld in 'n veel ernstiger lig beskou as in Engels.

## **Leenwoorde**

Woorde wat aan 'n ander taal ontleen is en nou deel van die woordeskat vorm. Die woord “ubuntu” is byvoorbeeld 'n woord wat uit die Ngunitale in Afrikaans en Engels opgeneem is. “Sokker” en “tennis” is uit Engels en “detail” en “crèche” uit Frans opgeneem.

## **Litotes**

Waar iets onderbeklemtoon word of sagter gestel word, asook in die ontkennde vorm, byvoorbeeld “‘Bly stil,’ sê die lyfwag. ‘Of ek maak jou vir ewig stil.’” (Litotes of versagting kom hier voor, want die lyfwag bedoel eintlik dat hy die persoon met wie hy praat wil vermoor.)

## **Metafoor**

'n Metafoor neem die skildering van woordprente een stap verder as beeldspraak, deurdat dit voorwerpe of aksies vergelyk wat nie letterlik eenders is nie, en dan op dié manier nuwe verbindings in die leser se gedagtegang vestig. Dit is dus 'n direkte of beknopte vergelyking waar dinge direk aan mekaar gelykgestel word; baie keer “saak A is saak B”. Tiaan beskryf die toestand in die kombuis as volg: “Die kombuis die ene skottelgoedberge” (bladsy 23).

## **Motief**

'n Motief kom herhaaldelik in die loop van die werk na vore, miskien telkens in 'n gewysigde vorm. Sulke motiewe bevorder die tema, en help om die verhaal saam te bind. In *Die Pro* is die opmerkings oor Biologie aan die begin van elke hoofstuk so 'n element.

## **Onderbeklemtoning**

'n Saak word sagter of minder ernstig as wat dit is, gestel; dit word gewoonlik vir effek gebruik.

## **Paradoks**

Dit verwys na 'n skynbare teenstrydigheid, waar dit lyk of twee woorde nie by mekaar pas nie. Dit word ook soms 'n **oksimoron** genoem.

## **Personifikasie**

Beeldspraak waardeur menslike eienskappe of handelinge aan lewlose dinge, diere of plante toegeken word. Byvoorbeeld “Die wind huil om die hoeke van die huis”. ’n Menslike eienskap, naamlik die vermoë om te huil, word hier aan die wind toegedig.

## **Register**

Die woorde, styl en grammatika wat deur sprekers en skrywers gebruik word; amptelike dokumente word byvoorbeeld in ’n formele register geskryf, terwyl ’n skets meestal in humoristiese register geskryf is.

## **Retoriese vrae**

Vrae wat gevra word, nié om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, om eintlik jou eie mening uit te spreek, vir dramatiese effek of om die sosiale wiele te olie: ’n goeie voorbeeld van laasgenoemde is die formele vraag: “Hoe gaan dit met jou?” In bepaalde situasies is daar net een regte antwoord – en dit is: “Goed dankie”.

## **Sarkasme**

’n Snyderende, smalende, bytende of minagtende opmerking. Die woord kom van die Grieks wat beteken om vleis op ’n dierlike wyse te verskeur.

## **Sinekdogee**

Die geheel word deur ’n onderdeel daarvan beskryf.

## **Stereotipes**

Vaste en dikwels bevooroordeelde sienings van spesifieke soort persone, byvoorbeeld “dom blondines”.

## **Struktuur**

Die bou of samestelling van ’n teks.

## **Vergelykings**

Die naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk deur die gebruik van die woorde “soos”, “nes” of “as”. Op bladsy 11 vertel Tiaan dat sy kamer soos die see ruik, “Die kamer ruik pure see”. Op bladsy 97 sê hy dat *surf* vir hom voel “soos bergklim vir ’n blinde”.

## **Woordspeling**

’n Woord word op ’n slim (en gewoonlik humoristiese) wyse gebruik waar dit meer as een betekenis het. Byvoorbeeld: Daar is twee visse in ’n tenk. Die een sê vir die ander “Beman jy die gewere, ek sal bestuur”. Die woordspeling is hier dus op die woord “tenk”

en die humor lê daarin dat mens aanvanklik dink dat daar na 'n vistenk verwys word, totdat jy deur die absurde stukkie dialoog hoor die visse is in 'n oorlogstenk.

### ***Aktiwiteit 2.4 Klastoets – Algemene Literêre teorie***



Hierdie aktiwiteit bied 'n ideale geleentheid vir formele assessering. Stel 'n klastoets saam gegrond op die inligting hierbo. Die leerders moet weet wat elkeen van die konsepte hierbo beteken, aangesien hulle dit in Deel 3 en 4 van hierdie gids prakties gaan toepas.



# Deel 3: Tydens die lees

Die vrae oor die hoofstukinhoud dien as basis om die leerders in staat te stel om die volgende kennis, vaardighede, houdings en waardes te verwerf en word in die aktiwiteite gedek.

## **Kennis**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- weet hoe om te onderskei tussen feite en menings in 'n teks en in staat wees om 'n eie respons te gee
- besef dat tekste implisiete en eksplisiete sosiopolitieke en kulturele boodskappe bevat
- die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van die verhaal ken
- weet wat die impak is van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van *Die Pro*
- weet wat partydigheid, vooroordeel en diskriminasie beteken en hoe dit in hierdie teks manifesteer.

## **Vaardighede**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- tekste kan herlees en hersien om begrip te bevorder
- toepaslike inligting en besonderhede in tekste kan vind
- tussen feite en menings kan onderskei en 'n eie respons gee
- die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van 'n teks kan verduidelik
- die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van *Die Pro* kan ontleed
- die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in *Die Pro* kan identifiseer en verduidelik – met 'n fokus op sienings oor geslag, klas, menseregte en inklusiwiteit
- die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie verduidelik
- in staat wees om te luister en te praat vir verskillende doeleindes.

## **Houdings en waardes**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders


- besef dat die herlees van tekste begrip sal bevorder
- 'n onderskeid tussen feite en menings kan tref
- nadink oor die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van 'n teks en watter betekeniswaarde dit inhou
- begryp dat 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels tot die betekenis van 'n teks kan bydra
- besin oor die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in *Die Pro*
- die aard en onwenslikheid van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie begryp.

## Inleiding tot hierdie afdeling

Hierdie deel bevat vrae en opdragte wat op die inhoud van die verskillende hoofstukke gebaseer is, asook sake/kwessies wat daaruit voortspruit. Die vrae is hoofsaaklik gemik op die vaslegging van inhoud oor die storielyn en karakterontwikkeling. Van die vrae toets egter ook insig en kennis van literêre teorie. Sekere vrae spreek houdings en waardes aan. Die vrae vereis van die leerders om weer met die teks om te gaan en ontwikkel ook soekleesvaardighede.

Daar is ook antwoorde, voorstelle en/of riglyne vir die uitvoering hiervan. Die vrae kan as grondslag vir 'n werkboek vir die leerders dien. Die opdragte behoort in die volgorde waarin hulle verskyn, gedoen te word. Dit is nuttig om aktiwiteite af te wissel sodat daar nie net 'n hele periode gelees word nie, maar ook geskryf en bespreek word.

Die leerders moet die meeste van die vrae in hierdie afdeling in hul werkboeke beantwoord. Die beantwoording kan afgewissel word: as huiswerk wat individueel gedoen word (ook om te toets of leerders gedeeltes wat hulle op hulle eie moes lees, gelees het), as bespreking in kleingroepies, waar die groepe hul antwoorde met die klas deel, of as 'n klasbespreking waar almal saamwerk om 'n antwoord op 'n vraag te kry. (Laasgenoemde kan ook ingespan word om leerders se skryfvaardigheid te verbeter aangesien jy klem kan lê op spelling en sinskonstruksie tydens die neerskryf van die modelantwoorde.) Alhoewel sommige van die aktiwiteite in klein groepies bespreek en beantwoord kan word, verg hierdie hoofstuk meestal individuele werk en klasbespreking. Die selfstandige werk om self antwoorde te vind en neer te skryf spreek die assesseringstandaard van "lees vlot en aandagtig volgens doel en opdrag" goed aan.

Vrae wat met 'n  gemerk is, is ideaal om as 'n klasbespreking te hanteer. Leerders kan notas in hulle werkboeke maak ter voorbereiding om aan die klasbespreking deel te neem en dan hierdie notas tydens die klasbespreking aanvul.

Ideaalgesproke moet jy self die teks vir die klas voorlees, of vaardige leerders vra om soms te lees. Baie leerders vind dit moeilik om te volg wanneer minder vaardige leerders die teks hakkerig voorlees. Leerders sal hul vaardighede in soeklees en vuglees ontwikkel wanneer hulle op hul eie na die antwoorde soek.

Hoofstuknaam	Bladsye	Leestyd
Virusse en bakterieë	1–11	20 minute
Mikofiete en fikofiete	12–20	16 minute
Briofiete	21–27	14 minute
Pteridofiete	28–36	16 minute
Spermatofiete	37–45	18 minute
Invertebrata	46–47	4 minute
Invertebrata (nog 'n paar)	48–58	22 minute
Vertebrata	59–63	10 minute
Vertebrata	64–66	6 minute
Vertebrata	67	2 minute

Selkerne en nukleïensure	68–73	12 minute
Seldeling	74–82	18 minute
Genetika	83–89	14 minute
Voortplanting van die mens (st. 10-werk)	90–100	22 minute

## Vrae: Hoofstuk 1–14

### Hoofstuk 1: Virusse en bakterieë (bladsy 1–11)

#### *In 'n neutedop*

Tiaan begin op 25 Januarie met dagboekinskrywings in sy werkboek vir Biologie.

Hy en sy ma het 'n uitval gehad omdat hy sy duikpak aan Louis wou verkoop. Sy ma kla gereeld dat hy meer moet uitgaan en meng met ander kinders. Hy laat sy hond, Hugo ('n Weimaraner), saans skelm in sy kamer slaap. Die boek waarin hy skryf is eintlik bedoel om sy Biologie-punte te verbeter. Geyer, wat 'n joernalis was en nou sonder sy vrou op Vlakberg kom bly het om 'n boek te skryf, het voorgestel dat Tiaan humor by sy opsommings voeg. Geyer het eendag op die strand met Tiaan begin gesels oor Hugo. Geyer het gesê dat hy en Tiaan se pa tydens 'n visvangsessie begin gesels het.

Geyer gaan teen Tiaan se pa kom skaak speel. Tiaan is baie bly dat hy nie meer by Kruiwa, die nuwe adjunk-hoof, Biologie het nie, maar by mevrou Beukes. Tiaan het Henko Wiese se graad 10-Biologiehandboek gehad waarin gestaan het “Biologie vir Beginners”. Nou in graad 11 het hy weer toevallig dié ou se handboek en daarin staan “Biologie vir Amateurs”. Tiaan wonder of daar in sy matriekhandboek “Biologie vir Pro’s” sal staan. Marius maak vir Tiaan siek. Gustav, wat groot maats is met Dustin, irriteer ook vir Tiaan. Albert, Yvette en Tiaan was daardie middag saam vlei toe om vir Yvette die flaminke te gaan wys. Dit het Tiaan laat teruggink aan die keer toe hy en Dirkie weens die hooggety geforseer is om deur die bosse huis toe te sukkel. Tiaan merk op dat 'n mens vlak by die see kan loop en dit tog kan ignoreer; tog ruik alles na see. Tiaan besef dat Yvette nogal mooi is en dink dat dit geen wonder was dat Dirkie so mal oor haar was nie. Hy wonder of sy en Albert iets aan die gang het. Tiaan wil nie langs die swemstrand gesien word nie, want dan kerm sy maats dat hy moet kom branderplank ry. Tiaan en Albert sit altyd langs mekaar in die skoolbus vir die uurlange rit. Tiaan dink daar is iets anders aan Albert daardie jaar. Daar is nuwe kinders in die skool: Dustin, Dino, Kevin en Kevin se mooi sussie in graad 9. Welma Voges se pa is dood aan 'n hartaanval en Tiaan kritiseer die meganiese manier waarop die skoolhoof dié afkondiging in die saal maak. Tiaan vergelyk Kruiwa met 'n virus omdat hy kinders so graag verneder.

Die kinders praat oor alles wat Desember gebeur het, maar bly stil sodra hulle Tiaan sien.

Tiaan weet nie of hy tot slaap sal kom nie, want sy kamer ruik pure see.

### Aktiwiteit 3.1 Vrae gebaseer op Hoofstuk 1



Die leerders werk vir hierdie aktiwiteit op hul eie en skryf hul antwoorde in hul werkboeke neer.

1. Wie se idee was dit dat Tiaan Biologie interessant moet maak vir homself?  
[Dit was Geyer se idee.]
2. Verduidelik wie hierdie persoon is en hoe Tiaan hom ontmoet het.  
[Tiaan het Geyer op die strand ontmoet. Geyer het met hom begin gesels. Geyer bly sedert Junie van die vorige jaar op Vlakberg en was voorheen 'n joernalis. Hy skryf nou aan 'n boek. Sy vrou het hom gelos en hy bly alleen in hulle strandhuis.]
3. Wat is Tiaan se hond se naam en watter ras hond is dit?  
[Sy naam is Hugo en hy is 'n Weimaraner.]
4. In watter graad is Tiaan?  
[Hy is in graad 11.]
5. By wie neem hy Biologie?  
[Mevrou Beukes is sy Biologie-onderwyseres.]
6. Wie se Biologie-handboek het Tiaan?  
[Henko Wiese het die handboek die vorige jaar gehad.]
7. Wat het op die binneblad van sy graad 10-boek gestaan? (bladsy 5) Voltooi:  
*Biologie vir*  
[Beginners.]
8. En in sy graad 11-boek? *Biologie vir*  
[Amateurs.]
9. Twee van Tiaan se maats is:  
[Albert en Yvette.]
10. Op wie het Tiaan 'n ogie?  
[Hy het 'n ogie op Jasmine.]
11. “Almal verander tog die hele tyd” (bladsy 9). Het Tiaan verander? Wat sê sy ma?  
[Sy sê hy kom te min uit, slaap sy lewe om en kuier nie meer saam met sy maats nie.]
12. Waarmee vergelyk Tiaan vir Kruiwa, en hoekom (bladsy 11)?  
[Hy vergelyk hom met 'n virus. Virusse veroorsaak siektes en onaangename goed vir die mens. Tiaan hou nie van Kruiwa nie en dink hy veroorsaak net lyding, vernedering en onaangenaamheid in die lewe van die kinders.]
13. *Die Pro* is eintlik 'n ander dokument as 'n roman. Waarvan is dit 'n getikte weergawe?  
[Dit is 'n dagboek en opsommings wat die karakter Tiaan in sy Biologie-werkboek geskryf het.]
14. Reg aan die begin van die hoofstuk is daar 'n stelling wat vetgedruk is.
  - (a) Word hierdie manier om 'n hoofstuk te begin ooit herhaal?  
[Nee.]
  - (b) Hoe sluit hierdie stelling op 'n letterlike vlak by die roman aan?  
[Die stelling gee die definisies van die vak Biologie. Op 'n letterlike vlak sluit dit aan by die vak Biologie wat die hoofkarakter neem.]
  - (c) Watter figuurlike betekenis kan die stelling binne konteks van die storie hê?  
[Tiaan moet leer om in die wêreld van die lewendes sonder Dirkie te leef.]

15. Kyk na die verskillende tipografieë van die hoofstuk. Wat is die inhoud van die volgende:
- Die vetgedrukte opskrif en paragrawe aan die begin van die hoofstuk?  
[Dit is Tiaan se humoristiese Biologie-opsommings.]
  - Die teks wat na die datum volg?  
[Dit is Tiaan se dagboek-inskrywings waar hy met sy gestorwe vriend Dirkie kommunikeer.]
  - Die skuinsgedrukte dialoog?  
[Dit is terugflitse van insidente wat met Dirkie en Tiaan gebeur het en word in die direkte rede aangebied.]
16. Vanuit watter karakter se perspektief word die verhaal vertel?  
[Dit word vanuit Tiaan se perspektief vertel.]
17. As watter soort verteller tree dié karakter op?  
[Hy tree as 'n eerstepersoonverteller op.]
18. Verduidelik telkens waarom die volgende woorde gebruik kan word om die verteltrant te beskryf:
- direk  
[Die verteller, Tiaan spreek sy dooie vriend, Dirkie direk aan.]
  - informeel  
[Die taalgebruik is informeel met baie tienertaal en Engelse uitdrukkings.]
  - persoonlik  
[Die verteller se diepste persoonlike gedagtes en gevoelens word uitgedruk.]
  - eerlik  
[Die verteller draai nie doekies om nie en weens die aard van 'n dagboek, is die vertelling eerlik en sonder voorbehoud.]

## Hoofstuk 2: Mikofiete en fikofiete (bladsy 12–20)

### *In 'n neutedop*

Stories loop op die dorp oor perlemoenstropery, smokkelaars en bendes wat daaragter sit.

James en Alex soebat Tiaan om te gaan duik, maar hy in nie lus daarvoor nie. Die groot perlemoenskulp op Tiaan se tafel laat hom dink aan die dag toe hy en Dirkie drie ekstra perlemoene uitgehaal het en Dirkie Tiaan skrikgemaak het. Albert het vir Tiaan gesê hy dink sy pa smokkel met perlemoen, Tiaan se ma kla dat hy nie goed vaar met langafstande nie en hy wens die atletiek wil klaarkry. Hy dink aan die ongeluk by die atletiekbyeenkoms op Franshoek, toe Marius 'n spies deur 'n meisie se voorarm gegooi het. Tiaan het toe opgegooi van skok en geweier om die 800 m daarna te hardloop. Tiaan is bly dat hy en mevrou Beukes goed oor die weg kom. Sy dink nie hy is dom omdat sy hare blond is en hy branderplank ry nie. Tiaan word weer kwaad as hy dink aan Kruiwa wat hom en Dirkie die vorige jaar van smokkel op die skoolterrein beskuldig het. Tiaan kry 65 % vir 'n Biologietoets. Volgens Tiaan se ma het Geyer se gewese vrou ('n dokter) hulle dogtertjie gevat en gesê sy wil hom nie meer in hulle lewens hê nie. Tiaan kan nie ophou dink aan Jasmine nie, maar hy het nog nie 'n woord met haar gepraat nie. Hy kan vir niemand sê dat hy van haar hou nie. Kevin is glo briljant in Wiskunde en speel uitstekend skaak. Tiaan wil

nie meer skaak speel nie. Tiaan dink nie sy ma sal daarvan hou as die Farats by hom sou kom kuier nie omdat hulle van 'n ander geloof is. Tiaan kritiseer die katkisasieklasse by dominee Oberholzer. Hy voel nie hy kan reguit met hom praat oor goed nie. Die dominee dink Tiaan probeer snaaks wees as hy dinge vra oor God wat hy nie verstaan nie. Hy wonder waarom mense nie praat oor goed wat werklik belangrik is nie. Albert is ook in dieselfde katkisasieklas, maar is naweke éérs dikbek omdat hy dan meer in sy pa se geselskap is. Yvette is al een in die katkisasieklas wat nie te simpel is nie en 'n bietjie dink oor wat in die lewe aangaan.

### **Aktiwiteit 3.2 Vrae gebaseer op Hoofstuk 2**



Die leerders werk in pare, bespreek die antwoorde en beantwoord die volgende vrae skriftelik.

1. Kyk of jy kan raaksien hoe die Biologie-opsomming iets verklap van die gebeure wat daarop volg. Wat is dit in hierdie hoofstuk?  
[Tiaan verwys spottenderwys na Fikofiete as benedelede. In hierdie hoofstuk, in die dagboek, skryf hy oor die stroperbendes.]
2. Aan watter meisie dink Tiaan?  
[Hy dink aan Jasmine.]
3. Wat, dink Tiaan, sal sy ma se reaksie wees as hy dié meisie huis toe nooi? Verduidelik.  
[Hy dink nie sy ma sal daarvan hou nie omdat Jasmine, bruin, Engels en 'n Moslem is.]
4. Om watter rede, dink Tiaan, is Yvette “nie te simpel nie” (bladsy 20)?  
[Anders as die ander kinders, dink sy oor wat in die lewe aangaan.]
5. Verwys na die vloekwoord in die middel van bladsy veertien en sê of jy saamstem met die volgende stellings.  
[Leerders se eie menings is hier van belang en hulle moet ook kortliks hul menings staaf.]
  - (a) Boeke wat vloekwoorde bevat, behoort nie vir hoërskoolleerlinge voorgeskryf te word nie.  
[Eie opinie. Moontlik sal leerders voel dat dit die werklikheid weerspieël omdat tieners baie keer vloektaal gebruik. Ander mag voel dat 'n skool nie “goedkeuring” aan sulke taalgebruik moet gee deur dit in boeke te hê nie.]
  - (b) Vloekwoorde in voorgeskrewe boeke is aanvaarbaar as dit binne konteks is en nie te veel voorkom nie. Stem jy hiermee saam?  
[Eie opinie.]

### **Hoofstuk 3: Briofiete (bladsy 21–27)**

#### ***In 'n neutedop***

Biologie is die enigste vak waarin Tiaan se punte nie meer daal nie. Hy ken nou Jasmine se rooster uit sy kop uit. Jasmine is baie slim en speel ook goed hokkie. Sy is stil en sit byna die hele tyd en lees in die bus. Tiaan dink hy moet meer gereeld biblioteek toe gaan, want dan sal hy moontlik vir Jasmine daar raakloop. Dirkie het baie gelees, alhoewel niemand so gedink het nie weens sy “surfer-houding” en lae punte. Tiaan het dikwels met Hugo op die

strand gaan stap in die hoop dat hy Jasmine sou sien, maar het slegs vir Geyer gesien. Tiaan was al een keer by Geyer se huis om teen hom skaak te speel. Geyer word meer ontspanne as hy alkohol drink, anders as Dirkie wat aggressief geword het. Die vorige jaar was moeilik vir Dirkie: Sy pa het Bellville toe getrek en sy hond, Stoffel ('n Jack Russell) is op die strand deur Louis se Dobermann doodgebyt. Tiaan het al twee keer van dié hondegeveg gedroom, maar dan het die honde vir Dirkie gebyt. Dit is die enigste ding wat Tiaan nog van Dirkie gedroom het. Tiaan wonder wat Dirkie daarvan sou gesê het dat hy mal is oor iemand wat Engels en 'n Moslem is. Hy wonder hoe Dirkie altyd so maklik meisies gekry het. Corré, Dirkie se jonger broer in graad 9, het Tiaan groot laat skrik. Corré het sy hare poenskop soos Dirkie s'n geskeer en Tiaan het gedink hy sien Dirkie. Corré luister dag en nag na Dirkie se musiek en het in Dirkie se kamer ingetrek. Dirkie se ma wil sy duikpak en *surfer*-tydskrifte vir Tiaan gee, maar Tiaan stel uit om dit te gaan haal. Tiaan voel niemand los hom uit nie. Dustin en Gustav ry baie fiets en Albert neul dat hy en Tiaan ook moet begin ry, maar Tiaan weier. Tiaan se pa het ook gevra of hy nooit weer gaan branderplank ry nie. Tiaan wens hy kan skreeu dat almal hom net moet los, maar hy weet hy sal dit nooit kan doen nie. Tiaan voel hy kan niks doen nie, of die hele huis weet dit.

### **Aktiwiteit 3.3 Vrae gebaseer op Hoofstuk 3**



Leerders lees weer die hoofstuk op hulle eie deur en soek die antwoorde.

1. Dink jy Tiaan se humoristiese Biologie-opsommings help hom om beter te vaar?  
Verduidelik.  
[Ja, dit help, want Biologie is die enigste vak waarin sy punte nie daal nie.]
2. Waaruit kan jy aflei dat hy dolverlief is op Jasmine?  
[Hy leer haar rooster uit sy kop uit.]
3. “Eintlik was dit maar ’n boggerop van ’n jaar vir jou gewees” (bladsy 23).  
Verduidelik waarom Dirkie ’n moeilike jaar gehad het en watter probleme hy gehad het.  
[Sy ouers het geskei, sy pa het Bellville toe getrek en sy hond is dood.]
4. Wat is Dirkie se jonger boetie se naam?  
[Sy naam is Corré.]
5. Watter reaksie toon hy ná Dirkie se dood (bladsy 25–26)? Hoekom dink jy tree hy so op?  
[Hy aap Dirkie na: laat skiet ’n gaatjie in sy oor, skeer sy hare poenskop, luister dag en nag na Dirkie se musiek, trek by Dirkie se kamer in en *surf* met Dirkie se *bodyboard*. Dit is sy manier om die verlies weens sy broer se dood te verwerk: hierdie gedrag laat hom dalk nader aan Dirkie voel of dalk wil hy op hierdie manier ontken dat Dirkie dood is.]
6. Wat wil Dirkie se ma vir Tiaan gee (bladsy 26)?  
[Sy wil Dirkie se nuwe duikpak en sy *surfer*-tydskrifte vir hom gee.]
7. Waarom, dink jy, stel hy aanmekeer uit om dit te gaan haal?  
[Hy wil dalk nie met die onaangename werklikheid gekonfronteer word nie, want die ontvang van Dirkie se besittings sal finale bevestiging wees dat Dirkie nooit weer terugkom nie.]

8. Hoe wil Tiaan hê dat mense hom moet behandel?  
[Hy wil hê hulle moet hom net uitlos. Vestig die leerders se aandag op die hoofletters waarin hierdie versugting van Tiaan geskryf is en stel vas of dit funksioneel is.]
9. Waarom, dink jy, is almal bekommerd oor Tiaan?  
[Hy onttrek hom aan ander mense en dit is duidelik dat hy sukkel om Dirkie se dood te verwerk.]
10. Vertaal die volgende in goeie Afrikaans:
  - (a) “Dit was baie scary” (bladsy 25).  
[Dit is baie vreesaanjaend/skrikwekkend. Dit het my bang gemaak.]
  - (b) “Dog ek vang ’n fit ...” (bladsy 26).  
[Gedink ek kry die stuipe/’n oorval.]

## Hoofstuk 4: Pteridofiete (bladsy 28–36)

### In ’n neutedop

Tiaan wonder wat van Henko Wiese geword het. Hy vaar baie goed in sy Biologie Prakties.

Sy ma aanvaar dat Hugo by hom in die kamer slaap. Tiaan steek sy rapport tot aan die einde van die vakansie weg en sy ouers is woedend toe hulle die swak rapport sien. Hulle beboet Tiaan met R20 (R100 in totaal) vir elke vak waarin hy minder as 60 % gekry het.

Tiaan se ma is ’n eiendomsagent en sy pa het ’n boumateriaalwinkel op Vlakberg.

Tiaan het weer die vakansie by Peet se Pizzas gewerk. Twee ouens van die Paarl (wat Tiaan en Dirkie die vorige jaar ontmoet het) nooi hom om te gaan *surf*, maar hy sê nee.

Kevin ry nou ook fanaties saam met Dustin en Gustav fiets. Gustav het baie verander en speel nou hokkie. Kevin en Dustin speel ook hokkie. Tiaan skryf vir Jasmine briewe, maar skeur hulle op. Hy het vergeefs tydens die vakansie biblioteek toe gegaan, want hy het haar nie daar raakgeloop nie. Geyer vra baie vrae, maar ruik nou permanent na drank. Albert en sy pa sit weer vas omdat Albert hokkie in plaas van rugby wil speel.

Tiaan se pa is versot op krieket en sy ma op rugby. Tiaan speel nou vir die onder-19B heelagter nadat hy eers dreig om op te hou met rugby omdat meneer Duvenhage nie wou hê dat hy nie meer flank speel nie. Kruiwa konfronteer Tiaan oor sy baadjie se knoop wat weg is en oor sy swak punte. Tiaan raak woedend toe Kruiwa op die rugbyveld sê dat Dirkie te veel van ’n James Small-karakter was en net vir die skool moeilikheid sou maak indien hy Craven-week sou gekry het. Tiaan dink aan hoe ontsteld hy was toe Kruiwa Dirkie se begrafnis bygewoon het. Dominee Oberholzer dreig om Tiaan nie aan te neem nie weens sy “rebelse” houding. Tiaan dink aan Dirkie se begrafnis en hoe hy aan een van Dirkie se grappies gedink het tussen al die huilende mense. Corré *surf* nou met Dirkie se bodyboard en tree al hoe vreemder op: hy aap vir Dirkie al hoe meer na.

### Aktiwiteit 3.4 Vrae gebaseer op Hoofstuk 4



Die leerders werk in groepe en maak beurte om die vrae te beantwoord.

1. Hoe is Tiaan gestraf vir sy swak rapport (bladsy 29)?  
[Sy ouers beboet hom met R20 vir elke vak waarin hy minder as 60 % kry.]



2. Wat is Tiaan se ma en pa se beroepe (bladsy 29)?  
[Sy ma is 'n eiendomsagent en sy pa besit 'n winkel wat boumateriaal verkoop.]
3. Waar werk Tiaan gedurende die vakansies (bladsy 30)?  
[Hy werk by Peet se Pizzas.]
4. Waarom is Tiaan bang vir sy maats se reaksie as hulle sou uitvind hy hou van Jasmine?  
[Hy dink dat dit vir hulle vreemd sal wees, omdat sy nie 'n wit Afrikaanse meisie is nie.]
5. Waarom dreig Albert om weg te loop?  
[Hy en sy pa het weer eens baklei.]
6. Vir watter span, en watter posisie, speel Tiaan rugby (bladsy 33)? Watter posisie het Dirkie gespeel (bladsy 34)?  
[Tiaan is die heelagter vir die Onder-19B-span en Dirkie was 'n vleuel.]
7. Waarom het Tiaan amper gehuil van woede (bladsy 34)?  
[Kruiwa het vir Dirkie beledig.]
8. Tiaan dink Dirkie se graf moes eerder onder 'n duin gewees het. Hoekom (bladsy 35)?  
[Dirkie was baie lief vir die see en dan sou sy graf nie net nog 'n granietkonstruksie gewees het nie.]

## Hoofstuk 5: Spermatofiete (bladsy 37–45)

### *In 'n neutedop*

Tiaan glo nie wat Albert sê – dat Yvette van hom hou – nie, aangesien sy die vorige jaar vir Dirkie nee gesê het vir 'n sokkie. Albert loop weg van die huis af en almal dink Tiaan weet waar hy is. Eindelik bel Albert (die Vrydag) vir Tiaan van Pietersburg omdat hy nie kan deurkom na sy ouers se huis nie. Tiaan en sy pa verwittig Albert se ouers van waar hy is. Na die weglopery baklei (en kommunikeer) Albert en sy pa omtrent glad nie. Tiaan dink Albert was gek om so weg te loop. Tiaan dink aan die uitstappie na Victoriabaai wat hy en Dirkie alleen saam beplan het, maar wat toe nooit gebeur het nie. Hulle het egter die vorige Junie by Dirkie se tannie in George gebly en Dirkie se ma het hulle elke dag Victoriabaai toe geneem om branderplank te ry. Daardie drie dae was drie van die lekkerste dae in Tiaan se lewe. Attie, wat hulle daar ontmoet het, het vir Tiaan gebel om vir hom en Dirkie te nooi om te kom *surf*; hy het nog nie die nuus van Dirkie se dood gehoor nie. Tiaan sê sy ouers sal hom nie toelaat om saam met Attie te gaan *surf* nie, maar heimlik is hy bang hulle verplig hom om by Attie te gaan kuier. Tiaan se ouers verplig hom om Sondagaande KJA toe te gaan. Dit sou vir hom lekker gewees het as Jasmine ook daar was. Tiaan dink aan die jaar in Amerika wat hy en Dirkie beplan het en dat die droom nou so skielik verwoes is. Tiaan dink aan hoe onregverdig die lewe soms is: Dirkie wat dood is, Dino Petersen (die skool se beste senter) wat sy sleutelbeen gebreek het en hy wat op Jasmine verlief is. Tiaan is jaloers omdat Dustin en Gustav openlik vir Jasmine langs die hokkieveld kan aanmoedig en hy nie kan nie. Hy voel oorweldig en magtelos en smag daarna om sterker te wees en meer vol selfvertroue op te tree.

### **Aktiwiteit 3.5 Vrae gebaseer op Hoofstuk 5**



Leerders werk op hul eie en soek die antwoorde in die teks of in bykomende bronne, indien nodig.

1. "... mev. Beukes laat ons so nou en dan oor besoedeling en ekosisteme en sulke dinge praat." (bladsy 37). Wat beteken die woorde "besoedeling" en "ekosisteme"? [Besoedeling is die vuilmaak van die omgewing deur toksiese stowwe, geraas of selfs die oormatige toevoeging van natuurlike dinge. Ekosisteme is 'n biologiese sisteem waar verskillende komponente, soos biologiese organismes en die omgewing, in 'n wisselwerking met mekaar funksioneer.]
2. Waarheen is Albert?  
[Hy het weggegaan Noorde toe.]
3. Waarom dink almal dat Tiaan iets daarvan weet?  
[Hulle sit altyd langs mekaar in die bus en die mense sien hulle gereeld saam.]
4. Waarvandaan bel Albert?  
[Hy bel vanaf Pietersburg.]
5. Wat word Pietersburg en Potgietersrus tans amptelik genoem?  
[Polokwane en Mokopane.]
6. Wie is Attie?  
[Hy is 'n *surfer*-vriend wat Tiaan en Dirkie op Victoriabaai ontmoet het; hy bly in Hartenbos.]
7. Skryf in gewone Afrikaans: "... dat hy hom ook maar goed kan strip" (bladsy 43).  
[... dat hy hom ook maar goed kan vererg/sy humeur kan verloor.]
8. Sou jy sê Tiaan is 'n introvert/ekstrovert? Motiveer. (bladsy 45)  
[Hy tree op as 'n introvert, want hy is baie skaam en nie baie sosiaal nie. Mens kan dit ook sien met dié dat hy so skaam is om met Jasmine te praat.]
9. Wat dink julle bedoel Tiaan as hy Albert se pa as "pure landmyn" beskryf?  
[Figuurlike gebruik van die woord wat verwys na 'n ploftoestel wat onder die grond weggesteek word en ontplof wanneer dit aangeraak word.]

### **Hoofstuk 6: Invertebrata (bladsy 46–47)**

#### **In 'n neutedop**

Tiaan vind fout met alles in sy lewe: waar hulle bly, die weer, sy ouers, rugby. Hy wonder of hy liever moet ophou skryf.

### **Aktiwiteit 3.6 Vrae gebaseer op Hoofstuk 6**



Leerders werk in pare en voer die volgende opdragte uit.

1. Wat is die letterlike betekenis van "ruggraatlose dierevriende"?  
[Dit verwys na diere wat nie 'n ruggraat het nie; nie 'n kolom beendere in hulle rûe het nie.]
2. Wat is die figuurlike betekenis as ons sê 'n mens is "ruggraatloos"?  
[ 'n Ruggraatlose mens is iemand wat nie innerlike krag vertoon nie en nie in staat is om sterk en met oortuiging op te tree nie.]

3. Waar het Tiaan-hulle voorheen gewoon?  
[Hulle het in 'n streek wat voorheen as die Wes-Transvaal bekend gestaan het, gewoon.]
4. Raadpleeg 'n ou atlas en probeer vasstel waar hierdie gebied is.

## Hoofstuk 7: Invertebrata (nog 'n paar) (bladsy 48–58)

### *In 'n neutedop*

Tiaan droom vir die derde keer oor Dirkie, maar dié keer lyk Dirkie net soos Corré.

Corré tree nog vreemder op en kom vra vir Tiaan in gietende reën om saam met hom te gaan mossels uithaal. Tiaan wil fokus op die eksamen, want hy wil nie weer boetes betaal nie. Hy dink aan hoe baie Dirkie van die seelewe geweet het, maar nie Biologie wou neem nie omdat hy nie van Kruiwa gehou het nie. Tiaan dink aan die keer toe Dirkie Slopper die anemoon vir hom gaan wys het. Tiaan is vies omdat hulle nie tydens die eksamen by die huis mag leer nie en blameer vir Kruiwa daarvoor. Kruiwa se seun haak glo lekker uit in Stellenbosch. Tiaan dink aan hoe Dirkie se ma die Lawrencekinders hulle gang laat gaan het toe haar man weg is met die ander vrou. Na die eksamen dink Tiaan oor wat hy met sy lewe gaan maak en is nou baie onseker daarvoor. Tiaan verjaar en is nou sewentien en sy ma dwing hom om te gaan uiteet. Albert en Yvette gaan saam. Yvette kom vir die eerste keer in Tiaan se kamer en bewonder die plakkaat ('n verjaardaggeskenk van Dirkie) teen die muur. Tiaan wonder oor die ironiese woorde wat Dirkie agterop geskryf het. Hy wonder of Dirkie 'n voorgevoel oor sy eie dood gehad het. Tiaan kry sy leerlinglisensie. Albert kry 'n motorfiets vir sy sewentiende verjaarsdag. Hy het ook begin rook. Tiaan maak uiteindelik vordering in sy poging om nader aan Jasmine te kom: hy en haar broer het in die biblioteek aan die gesels geraak en toe nooi hy hom na hulle huis toe. Tiaan ontmoet Jasmine se ouma en oupa, maar Jasmine is nie tuis nie. Hy is opgewonde oor die moontlikheid dat hy met haar sal kan praat as hy Kevin se boeke terugneem of as hy daar gaan skaak speel.

Tiaan se punte styg in al sy vakke.

### **Aktiwiteit 3.7 Vrae gebaseer op Hoofstuk 7**



Leerders werk in pare en beantwoord die volgende vrae.

1. Dirkie het baie van die seelewe geweet. Hoekom het hy nie Biologie geneem nie (bladsy 49)?  
[Hy het nie van Kruiwa, die onderwyser wat dit aangebied het, gehou nie.]
2. Wie of wat is Slopper (bladsy 50–51)?  
[Dit is 'n anemoon wat Dirkie so gedoop het. Hy het dit eens vir Tiaan gaan wys waar dit in 'n getypoel was.]
3. Wat het Tiaan vir sy verjaardag gekry (bladsy 54)?  
[Hy het 'n draagbare CD-speler met oorfone gekry.]
4. Om watter rede het Tiaan gewonder of Dirkie 'n voorgevoel gehad het oor die dood (bladsy 55)?  
[Dirkie het 'n “profetiese” boodskap agterop die plakkaat wat hy vir Tiaan vir sy

verjaardag gegee het, geskryf. Dit het daarop neergekom dat die wêreld te enige tyd onder jou voete uitgeruk kan word.]

5. Voltooi: Albert het begin (a) ... Tiaan was (b) ... daaroor. Hy dink Dirkie moes ook maar liever (c) ... het as (d) .... het.  
[(a) rook (b) verbaas (c) gerook (d) gedrink]
6. 28 Junie: Wat het op dié dag gebeur waaroor Tiaan baie opgewonde was?  
[Hy was in Jasmine-hulle se huis saam met haar broer Kevin. Kevin het hom na hulle huis toe genooi om vir hom 'n boek te leen.]
7. Lyk Kevin se huis anders as ander huise? Motiveer.  
[Nee, dit lyk maar net soos al die ander. Al verskil is die Arabiese teks teen die muur.]
8. Watter kans word nou al hoe groter vir Tiaan?  
[Daar is nou 'n groter kans dat hy en Jasmine net eenvoudig aan die gesels sal raak.]

## Hoofstuk 8: Vertebrata (bladsy 59–63)

### *In 'n neutedop*

Tiaan maak 'n nuwe vriend. Sy naam is Hermann, hy is 'n Duitser van Namibië en is in graad 11. Hulle gaan kyk saam na die walvisse. Albert ry deesdae met sy motorfiets skool toe en Hermann sit nou langs Tiaan in die skoolbus. Kevin loop sewe teen vyf voor met die skaakwedstryde wat hy teen Tiaan speel. Tiaan kom agter Jasmine is ook baie skaam en hulle twee het nog nie veel gesels nie. Tiaan se pa is bekommerd oor Geyer en Tiaan dink hy drink nou dag en nag. Hermann se hond Bruno en Hugo kom goed oor die weg en speel een middag lekker in die branders. Tiaan wonder hoekom Dirkie nie weer 'n hond wou hê nie en dink daaraan dat hy Dirkie net een keer, toe hulle Stoffel begrawe het, sien huil het. Tiaan wonder of daar fout is met hom omdat hy nog nooit oor Dirkie gehuil het nie. Tiaan vind met 'n skok uit dat Jasmine van Dustin hou toe hy haar uitvra na die sokkie toe. Sy antwoord toe dat sy en Dustin wou gaan, maar dat haar oupa nêe gesê het. Tiaan voel aaklig en reken dat alles wat mooi is, breek of verdwyn.

### **Aktiwiteit 3.8 Vrae gebaseer op Hoofstuk 8**



Leerders werk in groepe en beantwoord die volgende vrae.

1. Wie is Hermann en waar kom hy vandaan?  
[Hy is 'n nuwe ou in graad 11; hy is 'n Duitser van Windhoek in Namibië.]
2. Waaroor is Hermann baie opgewonde?  
[Hy is opgewonde om walvisse te sien, aangesien hy dit nog nooit ervaar het nie.]
3. Wat is Hermann se hond se naam en watter soort hond is dit?  
[Sy naam is Bruno en hy is 'n Staffie.]
4. Wat was Dirkie se hond se naam, en wat het met hom gebeur?  
[Sy naam was Stoffel en hy is doodgebyt deur Louis se Dobermann.]
5. Watter ongewone reaksie het Tiaan na Dirkie se dood getoon?  
[Hy het nooit oor Dirkie se dood gehuil nie.]

6. Watter groot wens spreek Tiaan op 28 Julie uit?  
[Hy wens hy kan ophou skryf aan Dirkie en met sy eie lewe aangaan.]
7. En watter groot teleurstelling beleef hy?  
[Hy vind uit dat Jasmine en Dustin 'n paartjie is toe hy haar saamvra na die sokkie toe.]

## Hoofstuk 9: Vertebrata (bladsy 64–66)

### *In 'n neutedop*

Tiaan gaan op sy ma se aandrang kyk hoe dit met Geyer gaan. Daar kom hy af op Geyer wat probeer selfmoord pleeg het deur homself te skiet. Tiaan is kwaad vir die wêreld en spesifiek vir Dirkie wat so kon “afshow” en nou as gevolg daarvan dood is.

Tiaan voel dat 'n mens niemand kan vertrou nie.

### **Aktiwiteit 3.9 Vrae gebaseer op Hoofstuk 9**



Leerders werk in pare en beantwoord die volgende vrae.

1. 29 Julie: Skryf twee woorde neer om Tiaan se **gevoel** te beskryf.  
[teleurgesteld, gefrustreerd]
2. 31 Julie: “Iets verskrikliks het gebeur! Iets afskuweliks” (bladsy 64). Verduidelik.  
[Tiaan het lanklaas vir Geyer gesien en besluit om hom te gaan besoek. Toe hy daar aankom, vind hy vir Geyer in 'n plas bloed. Geyer het probeer selfmoord pleeg deur homself te skiet.]
3. Tiaan vaar uit teen Dirkie – omdat hy altyd wou “afshow”. Op watter maniere het Dirkie dit gedoen (bladsy 65–66)?  
[Dirkie wou altyd: die meeste perlemoen uithaal, die grootste golwe ry, die langste in die water bly, die beste grappe vertel en die meeste drink.]
4. Augustus (bladsy 66): Tiaan voel dat hy niemand kan vertrou nie. Waarom dink jy voel hy só?  
[Dit voel vir hom sodra hy iemand vertrou, kom die persoon iets oor – soos nou weer met Geyer en vroeër met Dirkie.]

## Hoofstuk 10: Vertebrata (bladsy 67)

### *In 'n neutedop*

Tiaan se pa sê dat Geyer gaan leef. Tiaan wonder vir wie Jasmine al gesê het dat hy haar uitgevra het. Hy wonder of hy mal is om nog met Dirkie te praat .

Hy sê dat hy die hele tyd aan Dirkie dink en dat omtrent alles wat hy doen of sien, hom aan Dirkie herinner.

### **Aktiwiteit 3.10 Vrae gebaseer op Hoofstuk 10**



Leerders werk in groepe en beantwoord die volgende vrae.

1. 5 Augustus (bladsy 67): “Is ek dan heeltemal mal om steeds met jou te praat?” Wat dink jy?

[Nee, die “gepraat” met Dirkie blyk baie terapeuties te wees. Tiaan is ook nie “mal” in die sin dat hy voeling met die werklikheid verloor het nie.]



2. Tiaan dink dikwels aan Dirkie (bladsy 67). Wanneer, byvoorbeeld? [Hy dink baie aan hom: elke keer as hy na die see kyk, rugby speel, in die bus ry of na musiek luister.]

### **Hoofstuk 11: Selkerne en nukleïnsure (bladsy 68–73)**

#### ***In ’n neutedop***

Tiaan is teleurgesteld in Albert. Hy het Tiaan se vertroue geskok deur die vertroulike storie wat Tiaan hom vertel het, wyd en syd te gaan verkondig. Dit het gebeur die dag toe Tiaan by Albert op die plaas gaan kuier het. Hulle het met ’n veldfiets tot naby die kranse gery en toe verder geloop. Hulle het onverhoeds tot tussen ’n trop bobbejane ingeloop. Hulle moes ’n hele ent agteruit loop om weg te kom. Albert het vir Tiaan vertel dat Eugene Marais ’n interessante boek oor bobbejane geskryf het. Tiaan dink hy het die fout van sy lewe gemaak deur vir Albert te vra hoekom hy weggeloop het. Albert het Tiaan laat belowe om vir niemand te vertel nie. Hy het vertel dat hy graag vir Kevin en Jasmine plaas toe wou nooi, maar dat sy pa die piep gekry het. Tiaan beseft toe dat Albert verlief is op Jasmine. Hy probeer toe vir Albert troos en sê dat sy in elk geval van Dustin hou. Tiaan sê toe dat hy ook van Jasmine hou en haar wou saamvra sokkie toe. Albert het belowe om vir niemand te vertel nie, maar het vir Gustav gaan vertel, waarna die storie soos ’n veldbrand versprei het. Tiaan sê Albert het ’n loopmond en noem hom ’n slangbek. Tiaan verwyt homself dat hy nie meer met Dirkie gepraat het nie, nie die papsak wyn uit sy hande gegryp het nie en hom net uitgelos het en stilgebly het. Hy vra Dirkie om verskoning dat hy nie ’n beter vriend vir hom was nie.

### **Aktiwiteit 3.11 Vrae gebaseer op Hoofstuk 11**



Leerders werk op hul eie, bespreek die antwoorde met 'n maat en skryf hul antwoorde in hul werkboeke neer.

1. Voltooi die volgende deur die ontbrekende woorde in te vul:
  - (a) Tiaan is (i) ... in Albert. Hy het Tiaan se (ii) ... geskok deur die vertroulike storie wat Tiaan hom vertel het, wyd en syd te gaan (iii) ... . Dit het gebeur die dag toe Tiaan by Albert op die plaas gaan kuier het. Hulle het met 'n (iv) ... tot naby die kranse gery en toe verder geloop. Hulle het onverhoeds tot tussen 'n (v) ... ingeloop. Hulle moes 'n hele ent agteruit loop om weg te kom! Albert het vir Tiaan vertel dat (vi) ... 'n interessante boek oor bobbejane geskryf het. [(i) teleurgesteld (ii) vertrou (iii) verkondig (iv) veldfiets (v) trop bobbejane (vi) Eugene Marais]
  - (b) Tiaan dink hy het die fout van sy lewe gemaak deur vir Albert te vra hoekom hy (i) ... het. Albert het Tiaan laat belowe om vir niemand te vertel nie. Hy het vertel dat hy graag vir (ii) ... plaas toe wou nooi, maar dat sy pa die piep gekry het. Tiaan besef toe dat Albert (iii) ... is op Jasmine. Hy probeer toe vir Albert troos en sê dat sy in elk geval van Dustin hou. Tiaan sê toe dat hy ook van Jasmine hou en haar wou saamvra (iv) ... toe. Albert het (v) ... om vir niemand te vertel nie, maar het vir Gustav gaan vertel, waarna die storie soos 'n (vi) ... versprei het. Tiaan sê Albert het 'n (vii) ... en noem hom 'n (viii) ... -bek. [(i) weggeloop (ii) Kevin en Jasmine (iii) verlief (iv) sokkie (v) belowe (vi) veldbrand (vii) loopmond (viii) slang]
  - (c) Tiaan (i) ... homself dat hy nie meer met Dirkie (ii) ... , nie die (iii) ... en hom net (iv) ... het en (v) het. Hy vra Dirkie (vi) ... dat hy nie 'n (vii) ... vir hom was nie. [(i) verwyd (ii) gepraat het nie (iii) papsak wyn uit sy hande gegryp het nie (iv) uitgelos (v) stilgebly (vi) om verskoning (vii) beter vriend]
2. Dink mooi na oor dié vraag: Wat is ware vriendskap? En hoe moet 'n ware vriend soms optree? Skryf ± 50 woorde hieroor.

### **Hoofstuk 12: Seldeling (bladsy 74–82)**

#### ***In 'n neutedop***

Tiaan huil vir die eerste keer oor Dirkie. Dit gebeur in die Biologiese klas nadat Yvette vir hom 'n nota gee waarin sy skryf dat sy Dirkie verskriklik mis. Yvette voel baie sleg, maar Tiaan voel vere dat almal hom so hartseer gesien het. Tiaan beskryf die gebeure rondom Dirkie se dood: Tiaan-hulle is na middagete strand toe en al die bekende branderplankryers was daar. Hulle het op 'n duin gesit en wyn drink en Dirkie het grappe vertel. Hulle het later weer gaan branderplank ry. Die see het begin rof word en almal het besluit om uit te gaan. Dirkie wou nog 'n laaste paar golwe ry. Later sien die ander vir Dirkie met sy gesig in die water dryf. Hulle het hom gaan haal en Tiaan het mond-tot-mond- asemhaling probeer om Dirkie by te kry. Later het dokter Gouws hom weggetrek en gesê dat Dirkie dood is. Dit was 'n fratsongeluk. Tiaan wonder wat hy anders sou kon

doen om die tragedie te verhoed het. Tiaan, Hermann en Yvette ry Melkbosklip toe met hulle fietse om na die pikkewyne te gaan kyk. Kevin en Jasmine is steeds vriendelik met Tiaan. Albert probeer vriendelik wees met Tiaan, maar Tiaan is lugtig.

Hermann het 'n ogie op 'n graad 9-meisie, Mandy. Tiaan wonder of sy vriendskap met Hermann gaan skipbreuk ly as Hermann gaan begin duik en branderplank ry. Tiaan se nefie, Dawid (in graad 9) gaan die komende vakansie by hulle kom kuier.

### **Aktiwiteit 3.12 Vrae gebaseer op Hoofstuk 12**



Leerders bespreek die volgende vrae in pare en bied hulle antwoorde aan die res van die klas.

1. Wat het veroorsaak dat Tiaan in die Biologieklas begin huil het (bladsy 74)?  
[Yvette het vir hom 'n papiertjie gegee waarop sy geskryf het hoe verskriklik sy vir Dirkie mis en dit het Tiaan laat begin huil.]
2. Dink jy dit was 'n goeie ding? Verduidelik.  
[Ja, dit was die eerste keer dat hy oor Dirkie se dood kon huil. Dit was nodig in die proses om oor Dirkie se dood te rou en het Tiaan gehelp om eindelijk tot die aanvaarding van Dirkie se dood te kom.]
3. “Daardie dag ...” (bladsy 76). Beskryf kortliks wat gebeur het die dag toe Dirkie dood is.  
[Tiaan-hulle is na middagete strand toe. Al die bekende *surfers* was daar. Hulle het op 'n duin gesit en wyn drink en Dirkie het grappe vertel. Hulle het later weer gaan branderplank ry. Die see het begin rof word en almal het besluit om uit te gaan. Dirkie wou nog 'n laaste paar golwe ry. Later sien die ander vir die Dirkie met sy gesig in die water dryf. Hulle het hom gaan haal en Tiaan het mond-tot-mond- asemhaling probeer om Dirkie by te kry. Later het dokter Gouws hom weggetrek en gesê dat Dirkie dood is. Dit was 'n fratsongeluk.]
4. Tiaan voel dat party kinders vriendeliker teenoor hom is ná sy uitbarsting in die Biologieklas. Waarom sou dit wees?  
[Hulle het dalk nou meer simpatie met hom omdat hulle gesien het hoe hy oor sy vriend huil. Hulle voel dalk ook dat hy nou meer toeganklik is omdat hy voorheen so “emosieloos” vertoon het, maar nou weet hulle dat hy steeds baie hartseer is.]
5. Wie is Dawid?  
[Hy is Tiaan se neef wat in Graad 9 is. Hy lyk baie na Tiaan en kom die September-vakansie by Tiaan-hulle kuier.]

## **Hoofstuk 13: Genetika (bladsy 83–89)**

### **In 'n neutedop**

Tot sy ontsteltenis moes Tiaan by Kruiwa se tafel bedien by die matriekafskeid. Hermann reken Tiaan moet hom nie so baie aan Kruiwa steur nie. Geyer sterk by sy suster aan op Alberton en kry glo behandeling vir sy drinkery. Tiaan kry nagmerries oor die Geyer-gedoente, maar sê nie vir sy ma-hulle nie omdat hy bang is hulle begin weer met praatjies van sielkundiges. Tiaan beland vir die eerste keer na Dirkie se dood weer in die see.



Hy neem Dawid om hom te leer snorkel en Hermann en Corré was ook daar. Tiaan verduidelik aan Dawid en Hermann wat hulle moet doen. Na 'n rukkie raak Dawid verstrengel in die kelp en Tiaan en Corré snel hom te hulp. Dawid verdrink amper vir Tiaan van paniekerigheid, maar Corré klap hom en bring hom tot sy sinne. Na die reddingspoging dink Tiaan dat Corré miskien nie so vreemd is as wat hy gedink het nie. Die laaste naweek van die vakansie stem Tiaan in om saam met Hermann, Dawid en Yvette te gaan duik. Dawid reken ook daar is iets aan die gang tussen Tiaan en Yvette.

### **Aktiwiteit 3.13 Vrae gebaseer op Hoofstuk 13**



Leerders werk op hulle eie en beantwoord die volgende vrae in hulle werkboeke.

1. Watter nuus hoor Tiaan met betrekking tot Geyer (bladsy 84)?  
[Hy sterk aan by sy suster op Alberton en kry behandeling vir sy drinkery.]
2. “Dalk binnekort. Dalk nou nadat ek weer in die water was” (bladsy 84).  
Verduidelik hoe dit gebeur het dat Tiaan weer in die see was.  
[Tiaan se ma het hom gesoebat om Dawid te leer snorkel. Dawid het in die moeilikheid beland in die water en Tiaan moes hom te hulp snel.]
3. Wat het die laaste naweek van die vakansie gebeur (bladsy 88–89)?  
[Tiaan het saam met Hermann, Dawid en Yvette gaan duik.]

## **Hoofstuk 14: Voortplanting van die mens (st. 10-werk) (bladsy 90–100)**

### ***In 'n neutedop***

Die gedagte dat Dirkie se gene nie voorgeplant gaan word nie, is vir Tiaan baie erg.

Kevin (onderhoofseun), Dustin en Yvette word tot prefekte verkies. Tiaan en Yvette raak 'n paartjie op die katkisasiekamp. Hulle kan oor enigiets praat – onder andere ook oor Dirkie – en dit blyk dat sy al lankal 'n ogie op Tiaan gehad het. Tiaan haat nie meer die see nie, maar hy is nie lus vir die see nie, want om daarheen te gaan, voel nou vir hom na werk. Tiaan besef dat Albert so baie nonsens praat om homself te kamoefleer. Tiaan speel nou vir die tweede span krieket. Die eksamen kom nader en Tiaan wil goed vaar; veral omdat Hermann en Yvette se punte altyd so goed is. Tiaan ontvang 'n brief van Geyer waarin hy om verskoning vra vir wat gebeur het en waarin hy vir Tiaan aanmoedig om op te hou weghardloop en te gaan branderplank ry. Mevrou Beukes gaan die volgende jaar weg, maar gelukkig is Kruiwa met studieverlof en sal hy nie vir Tiaan Biologie gee nie. Albert en Dustin baklei na 'n krieketoefening. Dirkie se ma kom by Tiaan se huis aan en sê hy moet Dirkie se goed kom haal. Dit ontvaard in 'n drama toe Corré en Dirkie se ma aan die bakleiery gaan omdat niemand vir hom van hierdie plan vertel het nie. 'n Uur na die bakleiery kom Corré en sy ma na Tiaan se huis toe om om verskoning te kom vra. Dirkie se ma vra vir Tiaan of hy saam met Corré sal gaan *surf*. Die twee gaan branderplank ry, maar Tiaan voel 'n warboel dinge: skuldig, moeg, nuut, verbaas en ongelowig. James en Alex is die enigste ander *surfers* daar en hulle juig toe hulle besef dat Tiaan weer *surf*. Tiaan laat gaan sy skuldgevoelens en is gelukkig dat hy daar is en dat hy lewe. Tiaan besef dat Corré, anders as Dirkie wat altyd grappe vertel het, stiller en meer poëties is. Tiaan verbied Corré om te rook en hy aanvaar dit. Tiaan se ma bars in tranes uit toe sy sien

dat hy weer gaan branderplank ry het. Tiaan besef dat hy weer saam met Corré sal gaan branderplank ry; ook saam met Hermann. Die eksamen lê voor en Tiaan besluit dat hy 'n "pro" moet word en klaarkry met skool. Tiaan neem afskeid van Dirkie en verseker hom dat hy hom nooit sal vergeet nie.

### **Aktiwiteit 3.14 Vrae gebaseer op Hoofstuk 14**



Leerders werk in groepe en beantwoord die vrae in hulle werkboeke.

1. Waarom is dié deel van die Biologie vir Tiaan baie erg en hoekom (bladsy 90)?  
[Hulle behandel die voortplanting van die mens en dit is vir hom moeilik om daaraan te dink dat Dirkie nooit pa sal word en sy gene sal voortdra nie.]
2. Tot watter besef kom Tiaan op die katkisasiekamp?  
[Hy besef dat hy lief is vir Yvette.]
3. Om watter rede, besef Tiaan, praat Albert so baie snert (bladsy 93)?  
[Hy kruip agter die nonsenspraat weg omdat sy lewe so deurmekaar is.]
4. Dink jy Tiaan haat die see? Verduidelik.  
[Nee, nie meer nie. Hy het aanvanklik na Dirkie se dood, maar besef nou dat die see net 'n ding is en nie aspris Dirkie se dood veroorsaak het nie. Hy voel egter nie meer lus om stand toe te gaan nie, want dit voel nou vir hom na werk.]
5. Tiaan ontvang 'n brief van Geyer. Watter raad gee Geyer hom?  
[Geyer sê Tiaan moet sy lyfplank vat en gaan branderplank ry en ophou om weg te hardloop.]
6. Wat het gebeur toe Tiaan uiteindelik Dirkie se goed wou gaan haal?  
[Corré was baie ontsteld daarvoor en hy was baie onbeskof met sy ma en het op haar gegil. Hy het selfs van woede gehuil en het so reageer omdat dit onverwags was omdat niemand hom van sy plan vertel het nie.]
7. Watter **verandering** vind in Tiaan se lewe plaas aan die einde van die boek? En wie is die "pro" aan die einde en waarom?  
[Tiaan leer om Dirkie se dood te aanvaar en om met sy eie lewe aan te gaan. Op 'n manier is hy die "pro" omdat hy nou geleer het hom om na 'n groot katastrofiese verlies wel weer die lewe te leef.]

# Deel 4: Na die lees

## **Kennis**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- weet hoe om 'n verskeidenheid tekste te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik (o.a. Aktiwiteit 4.2, 4.3 en 4.19)
- weet dat daar 'n onderskeid is tussen feite en menings (Aktiwiteit 4.1 en 4.24)
- weet wat die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie is (Aktiwiteit 4.1)
- weet hoe om literêre teorie op 'n spesifieke teks van toepassing te maak (Aktiwiteit 4.4–4.18, 4.25).

## **Vaardighede**

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- in staat wees om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe in 'n verskeidenheid kontekste (o.a. Aktiwiteit 4.1 en 4.21)
- in staat wees om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik (Aktiwiteit 4.2, 4.3, 4.23)
- vrae kan stel ten einde voorspellings te kan maak (Aktiwiteit 4.1)
- die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings kan verduidelik en dit met eie afleidings en gevolgtrekkings vergelyk (Aktiwiteit 4.1 en 4.19)
- tussen feite en menings kan onderskei en 'n eie respons gee (Aktiwiteit 4.1 en 4.19)
- persoonlike response op tekste gee en motiveer (Aktiwiteit 4.1, 4.2, 4.19)
- die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in 'n teks kan identifiseer en verduidelik (Aktiwiteit 4.1, 4.19 en 4.24)
- die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie kan verduidelik (Aktiwiteit 4.1, 4.24)
- 'n teks weer herlees en hersien om begrip te bevorder (Aktiwiteit 4.2, 4.3, 4.20)
- toepaslike inligting en besonderhede in tekste vind (Aktiwiteit 4.1, 4.20)
- die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller beskryf (Aktiwiteit 4.4, 4.5, 4.18, 4.25)
- die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief verduidelik en bewyse uit die teks lewer (o.a. Aktiwiteit 4.6, 4.25)
- die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van 'n teks ontleed (die meeste van die aktiwiteite)
- in staat wees om die boodskappe en temas in 'n teks te identifiseer (o.a. Aktiwiteit 4.14–4.17)
- kan verduidelik hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die tema van die verhaal (Aktiwiteit 4.1 en 4.12)
- stemming, tydsverloop en afloop kan beskryf en identifiseer (o.a. Aktiwiteit 4.13).

## Houdings en waardes

Aan die einde van hierdie afdeling, sal die leerders

- besef dat verskillende konvensies vir verskillende teksformate geld (o.a. Aktiwiteit 4.2, 4.3 en 4.23)
- besef dat die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings moontlik nie met die leser s'n ooreenstem nie (o.a. Aktiwiteit 4.1)
- kan onderskei tussen feite en menings en 'n eie respons gee (o.a. Aktiwiteit 4.1, 4.21, 4.25).

## Inleiding tot hierdie afdeling

In hierdie afdeling is daar aktiwiteite oor *Die Pro* om die teks verder te ontgin. Die leerders se response op die teks word ondersoek en hulle oorweeg die voorspellings wat hulle gemaak het voor die lees van die teks en hul uiteindelijke respons op die boek nadat hulle daardeur gewerk het. Die literêre teorie wat in Deel 2 aan die leerders bekend gestel is en in Deel 3 op die verhaal van toepassing gemaak is, word in hierdie gedeelte verder ontgin. Baie van die aktiwiteite in hierdie deel kan by die leerders se portefeuljes ingesluit word.

## Leerders se respons op *Die Pro*

### Aktiwiteit 4.1 Klasbespreking



Hou 'n klasbespreking oor die vrae hieronder. Hierdie aktiwiteit sluit aan by Aktiwiteit 1.2 in Deel 1.

1. Met watter karakter(s) kon julle identifiseer en hoekom?
2. Watter insigte het julle ontwikkel oor iemand wat deur 'n rouproses gaan?
3. Hoe verskil die tieners van Vlakberg se lewens van julle eie?
4. Met watter karakter(s) het julle die meeste en minste simpatie gehad? Hoekom?
5. Is die storie wat in *Die Pro* vertel word geloofwaardig? Hoekom?
6. Watter van die tieners van Vlakberg se sienings oor geslag, klas, ras en magsverhoudings deel julle?
7. Verduidelik watter sienings of waardes wat jy voorheen gehuldig het, deur die lees van die roman verander is?
8. Dink julle die roman het 'n interessante, boeiende storielyn? Hoekom?
9. Wat dink julle van die einde van die roman?
10. Wat dink julle het verder met die karakters gebeur?
11. Het van julle al self deur 'n rouproses gegaan en is daar nou van die stadiums van rou wat jy in jou eie proses herken?
12. Hoekom dink julle is perlemoenstropery verkeerd?
13. Hoe sal die mense van julle gemeenskap reageer indien julle 'n romantiese verhouding met iemand van 'n ander ras-, taal-, of geloofsgroep wil aanknoop?
14. Dink jy die uitbeelding van tieners se omgang met drank en sigarette is akkuraat in *Die Pro*? Verduidelik.
15. Sal jy nog 'n boek van Leon de Villiers lees? Hoekom?

### **Aktiwiteit 4.2 Skryf 'n brief**



Die leerders skryf 'n brief waarin hulle hul persoonlike respons op *Die Pro* uitdruk. Hulle werk op hul eie en voer die opdrag hieronder uit.

- Verbeel jou jy is 'n Graad 11-leerder wat saam met Tiaan in Graad 11 in sy Biologie-klas was.
- Skryf 'n anonieme brief aan hom na die insident in die Biologie-klas toe hy so begin huil het (bladsy 74).
- Jou brief moet troostend en aanmoedigend wees. Gebruik ook die insig wat jy oor die rouproses ontwikkel het om werklik raad te gee.
- Probeer om nie geykte troosgedagtes te gebruik nie, maar eerder dinge wat jy dink werklik vir Tiaan sal troos.
- Jou brief moet 180 tot 200 woorde lank wees.

### **Aktiwiteit 4.3 Skryf 'n koerantberig**



**Nota aan die onderwyser:** Hersien die afdeling oor die skryf van 'n koerantberig in Deel 2.

Leerders werk op hulle eie aan hierdie opdrag.

Skryf 'n voorbladberig vir jou plaaslike koerant oor die gebeure wat tot Dirkie se dood gelei het. Die beskrywing van die gebeure op bladsy 77–79 kan as basis gebruik word. Soek in die teks vir bykomende inligting wat jy as tersaaklik beskou. Jy moet die hele voorblad ontwerp en dit moet die volgende elemente bevat:

- die naam van die koerant
- 'n hoofopskrif en die artikel
- 'n foto, prent of skets wat by die berig pas
- 'n onderskrif by die foto
- die berig self.

Jou werk moet op 'n A4-grootte bladsy wees.

Die totale aantal woorde moet tussen 200–220 wees.

### **Die literêre kenmerke van *Die Pro***

Hersien die algemene gedeelte oor literêre teorie in Deel 2 voordat die leerders hierdie aktiwiteite doen. Jy kan moontlik die teks in Deel 2 vir hulle fotostateer vir verwysing tydens die uitvoer van die aktiwiteite hieronder.

#### **Aktiwiteit 4.4 Intrige en subintrige**



Die leerders werk in groepe. Elke groep moet aantekeninge oor hul bespreking maak en hul gevolgtrekkings dan met die klas deel.

1. Wat is die hoofintrige in die boek?

[Tiaan se beste vriend Dirkie is dood en hy moet leer om met die verlies saam te leef. Hierdie intrige word deur die volgende vraag omskryf: “Sal Tiaan ooit weer *surf*?” Dit is omdat hy Dirkie dood is in ’n *surf*-ongeluk en Tiaan die see daaraan koppel. Die see is ook ’n simbool van Tiaan en Dirkie se vriendskap omdat hulle gedeelde liefde vir *surf* ’n groot deel van hulle vriendskap was.]

2. Beskryf kortliks hoe hierdie intrige in die roman ontwikkel.

[Dirkie sterf aan die einde van sy Graad 10-jaar in ’n fratsongeluk in die see. Presies hoe hy sterf word eers naby aan die einde van die roman onthul. Aan die begin van die roman maak die leser kennis met Tiaan Nothnagel deur middel van ’n dagboek wat hy in sy Biologie-werkboek skryf. Hy vertel hoe sy lewe tydens sy Graad 11-jaar verloop en ook van die verlede; spesifiek van die tye saam met sy vriend, Dirkie. In dié jaar gaan Tiaan deur ’n rouproses wat verskillende stadia toon: ontkenning, woede, depressie, onderhandeling en aanvaarding. Die proses is nie vir hom maklik nie, want hy moet nog met sy gewone lewe aangaan. Hy ervaar druk van sy ouers, die frustrasie van onbeantwoorde liefde (Jasmine), die verraad van vriende (Albert en Geyer) en die treitering van ’n sadistiese onderwyser (Kruiwa). Te midde van al hierdie goed, leer hy egter om Dirkie se dood te aanvaar en besef hy dat sy lewe nie oor is nie. Daar is veral twee sleutelverhoudings wat hom met die proses help: Geyer wat die proses van die dagboekskryf indirek aan die gang gesit het en Yvette wat eers ’n simpatieke vriendin is en later Tiaan se meisie word.]

3. Noem ’n paar subintrige(s) in die boek.

[Al die ondergeskikte storielyne, byvoorbeeld Albert en sy familieprobleme, Corré se rouproses, Tiaan se verlieftheid op Jasmine, Tiaan se Biologie-onderwysers, ensovoorts.]

#### **Aktiwiteit 4.5 Konflik**



Die leerders werk in pare. Hulle skryf hul antwoorde neer en ruil dit uit met ander pare vir portuurassessering.

1. Noem ten minste drie voorbeelde van konflik in *Die Pro* en sê watter groepe of individue betrokke is.

[Stryd tussen karakters: Tiaan en sy ma. (Sy wil hê hy moet sy gedrag verander en meer sosiaal wees en hy wil hom onttrek.) Stryd tussen ’n individu en hul omstandighede: Tiaan en die feit dat sy beste vriend dood is. Konflik tussen karakters weens strydende waardes: Albert en sy pa (Albert wil vir Jasmine en Kevin na hulle plaas toe nooi, maar sy pa sal dit nie duld nie omdat hulle bruin is en Moslems is.)]

## Aktiwiteit 4.6 Verteller



Die leerders werk op hul eie en skryf hul antwoorde in hul werkboeke neer.

1. Watter soort verteller tree op in *Die Pro*? Motiveer jou antwoord en gee aanhalings om dit te staaf.  
[’n Eerstepersoonsverteller tree op, want die verteller is self by die verhaal betrokke. Die verteller is self ’n karakter in die verhaal en gebruik eerstepersoonsvoornames soos “ek”, “my” en “ons”. ’n Voorbeeld om dit te illustreer is op bladsy een: “Die jaar het skaars begin en **ek** en **my** ma het al klaar ’n hengse uitval gehad.”]
2. Bestudeer die uittreksel op bladsy 4 en beantwoord die vrae oor die standpunt/ perspektief van die verteller in dié gedeelte:  
“Maar die heel beste nuus oor Biologie is: EK IS NIE MEER IN KRUIWA SE KLAS NIE! Halleluja! Ja, lyk my daar is dus tog antwoord op gebed. Alhoewel, ek wonder nou skielik of dit nie dalk Kruiwa se gebede is wat verhoor is nie. Hy is mos nou die nuwe adjunk-hoof! Jy moes die kinders se bekke gehoor het. Maar ek kla nie, die man staan nie meer voor my in die klas nie. Ek hoef nie meer dag vir dag in sy sarkastiese gevreet vas te kyk nie. Dit, soos jy sou gesê het, vra vir Swaar Metaal: NO MORE KRUIWA! NO MORE KRUIWA!”
  - (a) Wie se standpunt oor Kruiwa word in hierdie gedeelte gestel?  
[Tiaan.]
  - (b) Haal twee opeenvolgende woorde aan wat die spreker se standpunt oor Kruiwa duidelik wys.  
[“sarkastiese gevreet”]
  - (c) Hoe blyk dit dat selfs Kruiwa se gevoelens deur die verteller geraai word?  
[Tiaan wonder of Kruiwa self nie gebid het vir bevordering sodat hy nie meer so baie in die klaskamer hoef te staan nie.]
  - (d) Gee enige ander voorbeeld uit die roman waar iets meegedeel word wat uitsluitlik vanuit die verteller/Tiaan se perspektief is.  
[Omtrent enigiets in die boek: daar is omtrent in elke sin ’n voorbeeld.]
3. Tiaan is die fokalisor in dié roman. Sê of jy met dié stelling saamstem en verduidelik jou antwoord.  
[Ja, ek stem saam. Aangesien die hele storie vanuit Tiaan se perspektief vertel word deur middel van dagboekinskrywings, rig hy deurgaans die leser se aandag op gebeure en karakters.]

## Aktiwiteit 4.7 Metafoor en vergelyking



Die leerders werk op hul eie en skryf hul antwoorde in hul werkboeke neer.

Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

“Nie dat ’n mens in elk geval oor sulke goed kan praat terwyl ouens soos Albert in dieselfde katkisasieklas sit nie. Naweke is hy altyd op sy ergste. Dikbek soos ’n uitgespoelde blaasoppie. Lyk my hoe meer hy en sy pa mekaar sien, hoe erger gaan dit.” (bladsy 20)

1. Watter twee dinge word met mekaar vergelyk?  
[Dikbek Albert en ’n uitgespoelde blaasoppie word met mekaar vergelyk.]

2. Watter letterlike verband kan daar tussen die twee dinge wees?  
[Albert is omgekrap en sy lippe kan getuit wees en sy wange effens opgeblaas wanneer hy dié emosie ervaar. Die letterlike verband wat dit met die vis het, is dat die vis homself opblaas as dit bedreig word.]
3. Hoe dra dié vergelyking by tot rykheid van die vertelling?  
[Die vergelyking verleen 'n tikkie humor en sluit goed aan by die see-ruimte waarin die storie afspeel.]
4. Soek na nog vergelykings in *Die Pro* en verduidelik watter impak dit op die betekenis van die teks het.  
[Enige ander vergelyking uit die boek en 'n geloofwaardige interpretasie van die impak daarvan.]
5. Identifiseer 'n metafoor uit die volgende uittreksel.  
“Het in die Biologiese klas aan die huil gegaan! Jy het my reg gehoor! Het in daardie klas met al sy opgestopte mummies aan die tjank gegaan soos 'n klein seuntjie wat hom nie kan beheer nie.” (bladsy 74)  
[Die diere wat in houeers in die klas uitgestal is word direk aan “opgestopte mummies” gelykgestel.]
6. Soek na nog metafore in *Die Pro* en verduidelik watter impak hulle op die betekenis van die teks het.  
[Enige ander vergelykings uit die boek en 'n geloofwaardige interpretasie van die impak daarvan.]

#### **Aktiwiteit 4.8 Simboliek**



Die leerders werk in groepe en skryf hul groeppantwoorde in hul werkboeke neer.

1. Waarvan was die see 'n simbool voor Dirkie se dood?  
[Dit het pret, vryheid en vriendskap gesimboliseer.]
2. Wat simboliseer die see na Dirkie se dood?  
[Dit simboliseer verlies, hartseer en bedreiging.]
3. Watter ontwikkeling toon Tiaan se Biologie-handboeke as simbool in die verhaal?  
[Die handboeke simboliseer Tiaan se ontwikkeling: chronologies en emosioneel. Die inskrywings van Henko Wiese in die boeke ontwikkel van “beginner” tot “amateur”. Dit impliseer vordering op 'n vaardigheidsvlak en word chronologies onderskeidelik aan st. 8 en st. 9 gekoppel. Tiaan word 'n jaar ouer vandat hy die eerste boek gebruik tot hy die tweede een kry. Hy vorder ook op emosionele vlak omdat hy gedwing word om te groei en ryper en vaardiger met die hantering van dinge in die lewe word.]
4. Soek na nog simbole in *Die Pro* en sê telkens wat hulle simboliseer.  
[Enige simbole uit die roman en gepaste verduidelikings van simboliese waarde.]

#### **Aktiwiteit 4.9 Ironie, sarkasme, woordspeling en geestigheid**



Die leerders werk saam as 'n klas. Hulle bespreek die vrae en skryf hul antwoorde in hul werkboeke neer.



Bestudeer telkens die uittreksels en beantwoord die vrae wat daarop volg:

(1) “Ja, ek is briljant.”

‘Grootkop.’

‘Is, my pa sê altyd so. Wie het nou weer nie die voordeur agter sy stert toegemaak nie? Seker my briljante seun Dirkie!’

‘Wat is jou boetie se naam nou weer?’

‘Corré.’

‘So, is hy nie briljant nie?’

‘Nee, hy is net slim. Net nie te slim vir jou gesondheid word nie, Corré, sê my pa mos. Eintlik is ons ’n hoogs begaafde familie.’” (bladsy 51)

(a) Sou jy sê Dirkie se pa is sarkasties of ironies wanneer hy hom sy “briljante seun” noem? Verduidelik hoekom jy so sê.

[Hy is ironies. Hy sê die teenoorgestelde van wat hy bedoel, maar sy bedoeling is nie in die eerste plek om smalend en minagend teenoor Dirkie te wees nie; eerder spottend of geestig. Dit is natuurlik oop vir interpretasie en sommige sal reken aangesien Dirkie se verhouding met sy pa nie baie goed blyk te gewees het nie, sy pa moontlik sarkasties was.]

(b) Hoekom sal gesê kan word dat Dirkie se woorde “’n hoogs begaafde familie” ’n voorbeeld is van geestigheid?

[Sy opmerking toon ’n ratse, slim denksprong waar hy met sy pa se woorde en ook met sy familie spot.]

(2) “Hy sou heel waarskynlik hierdie jaar Craven-week gekry het. Sê Kruiwa: Ja, maar ek dink hy was te veel van ’n James Small-karakter. Sou dalk net vir die skool moeilikheid gemaak het.” (bladsy 34)

(a) Wie en wat is James Small?

[Hy is ’n gewese Springbok-rugbyspeler.]

(b) Wat lei jy af van Kruiwa se woorde oor James Small?

[Hy het baie moeilikheid gemaak of was by baie moeilikheid en kontroversie betrokke.]

(c) Waarom sal mens kan sê Kruiwa is sarkasties as hy na Dirkie as “’n James Small-karakter” verwys?

[Met dit wat hy na die verwysing sê, is dit duidelik dat die opmerking die bedoeling het om neerhalend, bytend en smalend te wees.]

3. “Baba-padda bly daar tot hy sy eie voete kan vind.” (bladsy 59)

(a) Verduidelik die dubbele betekenis (woordspeling) in die uittreksel.

[Die paddavissie bly daar tot hulle letterlik voete (pote) ontwikkel het, maar ook tot hulle meer letterlik selfstandig en standvastig is.]

(b) Wat deel hierdie woordspeling met ’n algemene eienskap van Tiaan se Biologie-opsommings?

[In die opsommings gebruik hy gereeld woordspeling om die werk meer interessant vir homself te maak.]

## Aktiwiteit 4.10 Antiklimaks en kontras



Die leerders werk op hul eie en skryf hul antwoord in hul werkboeke neer. Jy kan by hierdie aktiwiteit oorweeg om 'n visuele element in te bring, waar leerders 'n plakkaat kan maak om visueel uit te beeld hoe kontras en antiklimaks in *Die Pro* vir hulle “lyk”.

Verduidelik hoekom jy sou kon sê die onthulling van Slopper se identiteit op bladsy 51 is 'n voorbeeld van 'n antiklimaks.

[Dirkie wou vir Tiaan aan 'n ene Slopper voorstel, maar is baie geheimsinnig oor presies wie of wat Slopper is. Tiaan raai dat hy 'n hengelaar of iemand wat gevaarlik kan wees, is. Die onthulling dat Slopper 'n anemoon in 'n rotspoel is, is dalk verrassend maar wel uiteindelik 'n antiklimaks.]

## Aktiwiteit 4.11 Onderbeklemtoning, karikatuur/spot

### en hiperbool



Die leerders beantwoord die vrae hieronder tydens 'n klasbespreking en skryf dan hul antwoorde in hul werkboeke neer.

1. Watter effek het Dirkie se onderbeklemtoning in die volgende uittreksel. Verduidelik ook wat sy daad in werklikheid was. (Die woord waarmee hy sy daad beskryf is van toepassing en hier beklemtoon.)  
“Jy het self vir my gesê jy het sy vetkryt aan die ander kinders uitgedeel.  
'Ek was net **mededeelsaam**.'  
'En as ons in Australië is, gaan jy seker my wetsuit en bord en wie weet wat nog alles uitdeel aan al jou nuwe vriendinne.'  
'Kan ek help as ek vrygewig is?’” (bladsy 42)  
[Dit het 'n komiese effek. Hy beskryf sy stoutigheid – die steel en weggee van 'n maatjie se vetkryte – as iets positiefs. Die konsep van mededeelsaamheid verloor natuurlik sy positiewe kleur as dit wat jy deel, op 'n “oneerbare” wyse bekom is. Dirkie is egter redelik sjarmant en 'n aanhoorder sal moontlik dink dat sy onderbeklemtoning oulik en snaaks is.]
2. Verduidelik die kontras wat daar tussen Tiaan en Dirkie se karaktereenskappe is?  
[Dirkie is 'n ekstrovert wat maklik met mense praat, terwyl Tiaan 'n introvert is wat nie sommer met mense geselsies aanknoop nie.]
3. Hoe dra hierdie kontras by tot die interessantheid van die storie?  
[Dit is interessant om te sien hoe hierdie twee teenpole in so 'n nou vriendskap gefunksioneer het. Of teenpole in mense hulle na mekaar toe aantrek of eindelijk tot die vernietiging van so 'n verbintenis lei, is 'n universele vraag. Hier is dit interessant om te sien hoe twee sulke verskillende mense in 'n vriendskapsverhouding geleef het.]
4. Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:  
“Dit kom nou daarvan! Jy het hoeveel keer gesê dat 'n mens niks vir Albert moet vertel nie, en nou het die grootbek my stories oor die lengte en breedte van die Wes-Kaap gaan verkondig.” (bladsy 68)

5. Van watter stories praat Tiaan hier?  
[Hy praat van sy verliefdheid op Jasmine en dat hy haar na die sokkie saamgevra het.]
6. Hoekom gebruik Tiaan die hiperbool oor waar Albert die stories rondvertel het?  
[Hy wil kommunikeer dat Albert dit vir baie mense gesê het en wil uitdruk hoe ontsteld en verontwaardig hy is deur Albert se sonde nog erger te laat klink.]

#### **Aktiwiteit 4.12 Die milieu van die verhaal**



Leerders werk in pare en bespreek die milieu (ruimte) waarin die verhaal afspeel en hoe dit bydra tot die spanning in die verhaal. Hulle kan hul eie menings gee, maar moet spesifiek die see-ruimte en alles wat daarmee gepaardgaan, uitlig.

#### **Aktiwiteit 4.13 Literêre opstel: tydsverloop**



Leerders werk op hul eie en skryf 'n opstel van omtrent 300 woorde oor die tydsverloop in die verhaal en hoe dit verband hou met die rouproses.

**Nota aan die onderwyser:** Hersien die deel oor die rouproses in Deel 1 voordat leerders die taak aanpak.

#### **Temas**

Reeds op die flapteks van *Die Pro* lees mens dat dit “vertel van die jaar waarin hy [Tiaan] sewentien word en waarin hy leer om met 'n groot verlies saam te lewe”. Leerders word hier bedag gemaak op die boodskappe en temas wat in die teks vervat is.

Leerders werk op hulle eie en voer die volgende opdragte uit om die twee temas van **verlies** en **tienerwees** te verken.

#### **Aktiwiteit 4.14 Verkenning van die tema, verlies**



1. Bestudeer die volgende tabel wat van die simptome bevat wat by mense manifesteer terwyl hulle besig is om verlies te verwerk. Maak telkens 'n regmerk om aan te dui of jy dink Tiaan het die spesifieke simptome ervaar. Voer dan die opdragte wat volg uit.

[Die voltooide tabel.]

	Simptome wat mense ervaar wanneer hulle rou:	TIAAN		
		JA	NEE	ONSEKER
1.	onophoudelike gehuil		✓	
2.	verlies van beheer oor emosies en voel die een oomblik goed en dan die volgende oomblik neerslagtig	✓		
3.	voel soos 'n zombie	✓		
4.	voel uiters eensaam	✓		
5.	bly obsessief besig met allerhande dinge sodat daar nie tyd is om te tob nie		✓	
6.	fantaseer oor die verlede	✓		
7.	kritiseer jousef gedurig	✓		
8.	misbruik drank of gebruik dwelms		✓	
9.	verlies aan aptyt			✓
10.	onvermoë om te huil	✓		
11.	slaap meer as gewoonlik en voel gedurig moeg	✓		
12.	gebrek aan belangstelling in die seksuele		✓	
13.	voel die hele tyd fisies uitgeput	✓		
14.	'n gevoel dat daar 'n groot gat in jou siel en hart is	✓		
15.	dink dat jy nooit oor die verlies gaan kom nie	✓		
16.	voel deurmekaar, kan nie behoorlik dink nie en vergeet maklik dinge	✓		
17.	skuldgevoelens oor dinge wat jy gedoen of nie gedoen het nie	✓		
18.	verhoogde vatbaarheid vir siektes		✓	
19.	voel daar is nie 'n rede om te bestaan nie	✓		
20.	verwaarloos persoonlike higiëne en verloor belangstelling in eie voorkoms.			✓

2. Skryf die nommer neer van een van die twintig simptome waaroor jy onseker was of Tiaan dit ervaar het en verduidelik waarom jy twyfel.  
[9: Daar word nie melding gemaak van Tiaan se aptyt nie, so dit is moontlik, maar word nie bevestig nie. 20: Daar word nie melding gemaak van Tiaan se houding oor sy voorkoms of persoonlik higiëne nie. Dit is moontlik, maar word nie bevestig nie.]
3. Sonder een simptome uit wat jou die meeste meegevoel met Tiaan laat ervaar het en verduidelik hoekom jy so sê.  
[Eie opinie.]

4. Watter een van die simptome het die meeste probleme in Tiaan se alledaagse lewe veroorsaak? Verduidelik.  
[Simptoom 11 veroorsaak baie konflik tussen Tiaan en sy ma en striem ook sy sosiale omgang met mense.]
5. Hoe beïnvloed die simptoom by nommer 14 Corré se gedrag?  
[Hy probeer die gat vul deur rebelse gedrag, aggressie en ook om in Dirkie te probeer verander deur op 'n manier Dirkie se lewe te probeer lei.]
6. Voor sy dood het Dirkie oor sy ouers se egskending en sy hond se dood gerou. Skryf die nommer van 'n simptoom neer wat jy reken bogenoemde stelling bevestig en verduidelik hoekom jy so sê.  
[Dirkie het moontlik drank misbruik om die rou-gevoelens wat hy oor die verliese in sy lewe ervaar het, te probeer hanteer.]

### **Verkenning van die tema, tienerwees (verliefdheid, probleme met ouers en onderwysers en vriendskap)**

#### ***Aktiwiteit 4.15 Verkenning van die tema, verliefdheid***



Leerders werk in pare en beantwoord die vra oor die tema **liefde**.

1. Waarop was Tiaan se verliefdheid op Jasmine gebaseer?  
[Dit was bloot 'n fisiese aantrekking omdat Jasmine so mooi was; Tiaan het haar glad nie geken toe hy op haar verlief geraak het nie, so dit kon nie haar mooi persoonlikheid gewees het nie.]
2. Hoekom het hy en Albert dit weggesteek dat hulle op Jasmine verlief is?  
[Die gemeenskap waarin hulle bly, is baie konserwatief en romantiese verhoudings oor die kleur-, taal- en godsdiensgrense heen is nie iets wat die gemeenskap sommer sal aanvaar nie. Hulle is ook doodgewone, onseker tieners wat bang is vir verwerping en spot.]
3. Wat was die boustene van Tiaan en Yvette se eindelike verhouding?  
[Hulle verhouding is gebou op gedeelde ervarings (van die alledaagse tot die groot verlies van 'n goeie vriend), op vriendskap, fisiese aantrekking en 'n emosionele band.]
4. Wat, dink jy, sou die toekoms van die verhouding gewees het indien Jasmine ook op Tiaan verlief geword het? Verduidelik.  
[Dit sou moontlik nie lank gehou het nie. Daar is verskeie faktore wat teen die verhouding sou tel: Hulle kom van verskillende wêreldes af en sou beslis teenkanting van beide hulle versorgers kry. Hulle ken mekaar nie en daar is geen aanduiding dat hulle persoonlikhede by mekaar sou aanklank vind nie. Daar is ook 'n ouderdomsverskil wat die verhouding sou kon belemmer. Dan is daar ook die feit dat die meeste tienderverhoudings nie baie lank hou nie.]
5. Dink jy Yvette en Tiaan se verhouding sal vir 'n ruk hou? Verduidelik.  
[Die kans dat hulle verhouding relatief lank sou hou, is goed. Dit kan gesê word omdat die verhouding op gedeelde ervarings, vriendskap, 'n emosionele band gebou is en later tot wedersydse fisiese aangetrokkenheid gegroei het. Hulle

agtergronde is ook baie dieselfde en hulle verhouding sal die breë gemeenskap en hulle gesinne se goedkeuring wegdra.]

#### **Aktiwiteit 4.16 Verkenning van die tema, probleme met ouers**



Leerders werk op hulle eie en beantwoord die volgende vrae.

1. Hoekom, dink jy, is Tiaan se ouers so besorgd omdat hy nie wil uitgaan nie?  
[Hulle is bekommerd oor hom omdat hy so in homself gekeer is en homself van ander isoleer. Hulle hoop dalk dat vriende hom sal kan help om Dirkie se dood te hanteer sodat hy met sy lewe kan aangaan.]
2. Hoe leer Tiaan se ouers hom om verantwoordelik te wees? Dink jy Albert se ouers leer hom oor verantwoordelikheid? Verduidelik.  
[Tiaan se ouers leer hom dat daar altyd gevolge is op dinge in die lewe en dat mens verantwoordelik daarvoor moet wees. Hulle “slaan” hom daar waar dit seermaak as hy nie na wense akademies presteer nie deur hom te “beboet”. Sy ouers leer hom ook dat mens self moet werk vir dit wat jy wil hê. Albert se ouers bederf hom met duur besittings en leer hom nie dat mens self verantwoordelik is vir jou toekoms nie.]
3. Hoekom, dink jy, tree Kruiwa so streng teenoor Dirkie en Tiaan op?  
[Hy lyk na iemand wat onseker van homself is. Hy put krag uit reëls en die mag wat hy het om dié reëls af te dwing. Veral Dirkie se uitdagende gedrag neem Kruiwa baie persoonlik op as ’n bedreiging van sy eie mag en status. Kruiwa hou dus nie van Dirkie nie en skeer Tiaan by wyse van assosiasie oor dieselfde kam. Dit is vir Kruiwa maklik om die twee te stereotipeer as twee daggarokende, nikswerd surfers.]
4. Waarom kom Tiaan en mevrou Beukes beter oor die weg as Tiaan en Kruiwa?  
[In die eerste plek is sy nie die gehate Kruiwa nie. Sy tree ook sonder vooroordeel teenoor Tiaan op en Tiaan som haar op as ’n ordentlike, niebedreigende mens.]
5. Hoe, dink jy, moes Tiaan se ouers in die jaar na Dirkie se dood teenoor hom opgetree het?  
[Eie opinie.]

#### **Aktiwiteit 4.17 Verkenning van die tema, vriendskap**




Leerders werk op hulle eie en beantwoord die volgende vrae.

1. Beskryf die teenpole in Tiaan en Dirkie se geaardhede.  
[Dirkie het ’n wilde, ekstroverte geaardheid gehad. Hy was baie waaghalsig, het gemaklik met mense oor die weg gekom en het gehou daarvan om die middelpunt van belangstelling te wees. Tiaan, in teenstelling, is ’n versigtiger introvert. Hy waag nie maklik kanse nie, reik nie maklik na mense uit nie en verkies gewoonlik om op die agtergrond te wees.]

2. Tiaan en Albert se vriendskap eindig nadat Albert Tiaan se vertrouwe verbreek het. Watter ander redes is daar vir die beëindiging van 'n vriendskap?  
[Eie opinie.]
3. Hoe het Tiaan se vriendskap met Hermann hom gehelp om Dirkie se dood te verwerk?  
[Die vriendskap het Tiaan gehelp om uit sy dop te kruip. Hermann het laat in sy hoërskoolloopbaan op Vlakberg aangekom en was, net soos Tiaan na Dirkie se dood, 'n buitestander. Hierdie gedeelde “status” en Hermann se ongekompliseerde geaardheid het veroorsaak dat 'n vriendskap kon ontwikkel. Terwyl Tiaan besig was met die rouproses, het die vriendskap hom gehelp om te sien dat die lewe aangaan en dat vriendskappe met ander mense (anders as Dirkie) moontlik is.]
4. Tiaan en Yvette was vir lank net vriende. Dink jy 'n seun en 'n meisie kan net vriende wees? Verduidelik.  
[Eie opinie.]
5. Sou jy Tiaan en Geyer se verhouding as 'n “vriendskap” beskryf? Verduidelik.  
[Eie opinie.]


## Volwasse karakters in *Die Pro*

(en hulle verhouding tot Tiaan)





# Tiaan se tydgenote in *Die Pro*



Tiaan is die verteller in *Die Pro* en is dus ook die karakter wat homself en die ander karakters karakteriseer. Hy doen dit deur middel van uitsprake wat hy maak en ook die handeling van die karakters waarvan hy ons vertel. Hierdeur leer ken ons die karakters en kry insig in wat hulle handeling motiveer.

#### **Aktiwiteit 4.18 Die karakters**



Leerders werk in pare en bestudeer onderstaande tabel oor hoe van die karakters in die boek gekarakteriseer word. Hulle moet nou nog twee voorbeelde vir elke karakter soek om die tabel aan te vul.

<b>Karakter</b>	<b>Wat Tiaan laat blyk oor die karakter</b>
Tiaan	<p>“Party kinders sê ek is ook anders.” (bladsy 9)</p> <p>“ ... my hare blond is en ek voorheen gesurf het ... ” (bladsy 16)</p> <p>“Ek sal dit seker nooit kan doen nie. Skreeu. Op enigiemand skreeu nie.” (bladsy 27)</p> <p>“My Biologie-grappies is regtig flou.” (bladsy 28)</p> <p>“ ... ek so ’n sot is om so bang te wees om met haar te praat nie.” (bladsy 32)</p> <p>“ ... ek staan soos altyd met ’n bek vol tande.” (bladsy 34)</p> <p>“ ... ek sluiptat in die keel rond en sê niks.” (bladsy 45)</p> <p>“So ’n fool is ek nie.” (bladsy 72)</p> <p>“EK is toe wragtig nie Superman nie.” (bladsy 80)</p>
Dirkie	<p>“ ... met daardie hansgatkyk van jou ... ” (bladsy 10)</p> <p>“ ... blond en ’n surfer ... ” (bladsy 13)</p> <p>“Daar is seker nie baie onnies of kinders wat sal glo hoeveel boeke jy in ’n jaar gelees het nie.” (bladsy 22)</p> <p>“ ... kon jy maar goed beneuk word.” (bladsy 23)</p> <p>“Jou mos vir niks of niemand geskaam nie, somer so met enige vreemdeling begin gesels.” (bladsy 43)</p> <p>“Jy het baie van die seelewe geweet ... ” (bladsy 49)</p> <p>“Jy kon dêm hardkoppig wees as jy wou.” (bladsy 49)</p> <p>“Weet jy, die dag toe jy vir Stoffel begrawe het, was die enigste keer wat ek jou ooit sien huil het.” (bladsy 62)</p> <p>“Hoekom moes jy altyd so afshow? Hoekom altyd so windgat wees by die ander?” (bladsy 65)</p> <p>“Móés mos die beste wees!” (bladsy 65)</p> <p>“Jy ryg ritse grappe uit ... ” (bladsy 77)</p> <p>“Niemand sal ooit ’n vriend soos jy kan wees nie.” (bladsy 100)</p>
Albert	<p>“Meestal praat hy en droom hy nog asof hy iewers op ’n wolk leef ... ” (bladsy 9)</p> <p>“Albert is heeltemal gek.” (bladsy 14)</p> <p>“Selfs nie eens ’n sousbek soos hy nie.” (bladsy 69)</p> <p>“ ... maar die slangbek ... ” (bladsy 72)</p>
Yvette	<p>“Sy is nogal mooi as sy so opgewonde raak.” (bladsy 9)</p> <p>“Al een in die katkisasieklass wat nie te simpel is nie, is Yvette.” (bladsy 20)</p> <p>“Yvette het dan heelwat te sê en ek moet erken dat sy nogal sin praat.” (bladsy 37)</p>
Tiaan se pa	<p>“Hy praat alreeds net die minimum met mense.” (bladsy 3)</p> <p>“Behalwe as hy hom nou strip vir hengelaars wat plastieksakke en blikke daar langs die water los – dan het hy altyd baie te sê.” (bladsy 3)</p>

Tiaan se ma	<p>“Partykeer is ek bly dat my ma so baie kan praat, maar meestal is dit net te veel.” (bladsy 15)</p> <p>“My ma sê altyd sy is nie ’n rassis nie ...” (bladsy 18)</p> <p>“Ma sê soort soek soort ...” (bladsy 68)</p> <p>“... my ma het in trane uitgebars ...” (bladsy 99)</p>
Geyer	<p>“Maar hy vra ’n mens in elk geval aanmekaar vrae.” (bladsy 3)</p> <p>“So ’n kort, dikkerige man met sulke reguit, vuilbruin hare ...” (bladsy 3)</p> <p>“... een van daardie mense wat al hoe meer mellow word hoe verder hulle drink.” (bladsy 23)</p> <p>“... stink nou permanent na drank ...” (bladsy 44)</p> <p>“Verdomde dronk pateet!” (bladsy 64)</p>
Jasmine	<p>“Lang swart hare en die mooiste swart oë en sulke kuiltjies in haar wange as sy lag.” (bladsy 10)</p> <p>“Nie dat sy ’n nerd is nie.” (bladsy 22)</p>
Hermann	<p>“Hulle is Duitsers en kom daar uit Namibië uit. Windhoek, as ek reg onthou. Hy kan goed Afrikaans en natuurlik ook Duits praat, maar ek dink my Engels is effens beter as syne.” (bladsy 59)</p> <p>“Hy het ’n goeie sin vir humor ...” (bladsy 60)</p> <p>“Hermann-hulle is Rooms-Katoliek.” (bladsy 67)</p> <p>“Hy steur hom maar min aan wat ander mense van hom sê of dink.” (bladsy 72)</p> <p>“... nogal baie rustig. Hy word nie sommer kwaad nie.” (bladsy 81)</p>
Kruiwa	<p>“Geen wonder sy seun het so aan die suip gegaan nie. As hy my pa was, sou ek ook.” (bladsy 6)</p> <p>“Dáár is nou ’n virus as mense al ooit na een gesoek het.” (bladsy 11)</p> <p>“Waarom moes daar nog sulke skynheilige toeskouers ook wees?” (bladsy 35)</p> <p>“Hoekom het die man nie maar liewer ’n tronkbewaarder geword en dit minstens geniet nie?” (bladsy 52)</p> <p>“... met sy sarkastiese glimlag ...” (bladsy 83)</p>
Corré	<p>“Sy hare POENSKOP gesny! Net soos joune. Hy’s mos self al vrek lank vir ’n standerdsewe.” (bladsy 25)</p> <p>“... Corré daar wat so uithaak nie.” (bladsy 36)</p>

#### Aktiwiteit 4.19 Ondersoektaak



**Nota aan die onderwyser:** In hierdie taak word aspekte van LU2 en AS2.2 gedek. Vra leerders om in groepies van drie te werk aangesien die taak redelik omvattend is en dit die taak sal vergemaklik as hulle die werk onder hulle verdeel.

Leerders word gevra om:

- ’n verskeidenheid bronne te raadpleeg
- die bronne te ondersoek
- inligting uit die bronne te bekom en te verwerk
- na aanleiding van die ondersoek en verwerking van die inligting ’n gevolgtrekking te maak
- hulle werk logies uiteen te sit en netjies aan te bied.

Algemene opmerkings:

- Moedig die leerders aan om 'n verskeidenheid bronne en soveel moontlik daarvan te raadpleeg.
- Maak leerders attent daarop dat hulle nie bloot inligting uit hul bronne moet oorskryf nie, maar eerder relevante inligting moet identifiseer en dit in hulle eie woorde herhaal. AS2.2.10 is hier ter sprake.
- Wys hulle hoe om hul taak sistematies en logies te struktureer.
- Moedig hulle aan om kreatief te wees en te verseker dat die aanbieding netjies en interessant is.
- Hulle taak moet dan met behulp van 'n matriks bepunt word.

Vir hierdie ondersoektaak moet leerders die volgende opdragte uitvoer:

- Doen navorsing oor ten minste vyf honderasse waarin julle fokus op die temperament, versorgingsbehoefte en bekom- en bekostigbaarheid van elke spesifieke ras. (200 woorde)
- Voorsien gepaste sketse of foto's met die nodige byskrifte.
- Doen 'n karakterontleding van een van die karakters in *Die Pro*. (100 woorde)
- Gee 'n gemotiveerde aanbeveling oor watter honderas volgens julle die beste by dié karakter se persoonlikheid en lewensomstandighede sal pas. (100 woorde)
- Gee erkenning aan die bronne wat julle geraadpleeg het deur 'n volledige bronnelys te voorsien.

#### **Aktiwiteit 4.20 Begripstoets**



Leerders werk op hulle eie en beantwoord die vrae in hulle werkboeke.

**Nota aan die onderwyser:** Hierdie begripstoets kan as deel van 'n formele toets of as deel van 'n eksamen gebruik word. Dit kan voor of na die lees van *Die Pro* gedoen word. Indien dit voor die lees gedoen word, sal dit die skrywer aan die leerders bekendstel. Ná die lees sal dit moontlik verdere belangstelling in die skrywer en *Die Pro* wek.

Lees die artikel, “De Villiers doen dit weer” wat in *Rapport* van 2 Oktober 2005 verskyn het en voer die opdragte daarna uit.

A

**A**gt van sy nege Suid-Afrikaanse De Villiers-voorvaders was boere, maar Leon de Villiers het nog voordat hy tien jaar oud was, geweet hy gaan eendag vir 'n ruk skoolhou. Ook dat hy dit nie sy lewe lank sou doen nie, maar dit mettertyd sou verruil vir 'n loopbaan as heeltydse skrywer.

B

Dié kinderdom het hom uit die bloute getref. “Van die mense aan my ma se kant van die familie is nogal taamlike storievertellers, maar daar was nie skrywers in die familie nie; niemand wat aktief die belangstelling by my gekweek het nie.” Hy was maar net van kleins af lief vir boeke.

C

En sy voorspellings was heeltemal in die kol. As grootmens het hy indertyd, ná 'n paar jaar as geskiedenisonderwyser, bedank om heeltyd te kan skryf. Presies soos wat hy dinge op negejarige ouderdom uitgewerk het.

D

“Dareem nie heeltemal nie,” lag Leon. “Ek het nie geweet watter soort boeke ek sou skryf nie. Ook nie hoe lank dit sou neem om eendag by my droom uit te kom nie. En beslis ook nie hoe lank dit neem vandat 'n boek klaar geskryf is totdat hy uiteindelik op die rak staan nie!”

E

En tog. Deesdae word daar op sy plaasie aan die Vrystaatse kant van die Vrededorp-koppelp met woorde geboer – en tot dusver was dit die een goeie oesjaar op die volgende. In minder as 'n dekade het twaalf kinderboeke uit sy pen verskyn en hy is reeds een van die mees bekroonde kinderboekskrywers in die land.

F

Vir *Die pro* het hy die Sanlam-begynnersprys, die M.E.R.-prys en die Scheepersprys ontvang. *Elsie soek 'n strooihoed*, *Parmant* en *Erik en die Kido-ding* het al drie ATKV-kinderboektoekennings ontvang. Vir *Droomoog Diepgrawer* het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die Alba Bouwerprys aan hom toegeken – en Vrydag het hy ook die C.P. Hoogenhout-toekenning vir Kinderliteratuur, 'n gesogte prys wat sedert 1960 toegeken word, vir *Droomoog* ontvang.

G

Voorwaar 'n formidabele rits toekennings, maar Leon sé hy skryfallermins agter die pryse aan.

H

“Vir 'n kinder- en jeugboekskrywer is die grootste betaling nie groot geldpryse of akademiese lofsange nie, maar blink oë wat spreek van onverbloemde genot in 'n storie (ongegag wie die skrywer is).

“Dit is 'n groot voorreg om vir kinders en jong mense te kan skryf. Hulle is baie eerlik daarvoor of hulle van 'n boek hou of nie. Hulle skryf nie geleerde resensies in koerante nie, maar sit net 'n boek verveeld eenkant, of lees dit weer en weer en weer.”

# DE VILLIERS doen dit weer



Die C.P. Hoogenhout-toekenning vir Kinderlektuur is Vrydag op die Aandklopp-kunsteffees aan Leon de Villiers oorhandig vir *Droomoog Diepgrawer* (LAPA Uitgewers). **SONJA LOOTS** het hom uitgepra oor erfvarka, boer en die gewag op reën.

I Soos van die wêreld se bekendste kinder- en jeugboekskrywers het hy nie self kinders nie, maar hy en sy uitgewer maak seker dat elke boek uit sy pen die goedkeuring van jong lesers het voordat hulle dit vir publikasie goedkeur.

J "Ek luister na hul reaksies – op my eie boeke en ook op ander boeke. Interessant genoeg stem die kinders nie noodwendig met die uitgewer saam nie," sê hy. "Soms hou hulle van boeke waarvan die uitgewer nie hou nie."

K Dit is vir hom 'n riglyn om die soort boeke te skryf waarvan hy self as kind gehou het. *Droomoog Diepgraver* handel oor 'n familie erdvarke wat bestaan uit ouma Smakkie, pa Vasgryp, ma Uilverskrik en die drieling, Droomoog. Witstert en Snoetie – en Leon het dit geskryf omdat hy kleintyd so baie van die-reverhale gehou het.

L "Ek dink byvoorbeeld aan iets soos *Tree vir 'n stuiwer*. Ek wou self ook so iets skryf. In 'n stadium het dit vir my gevoel 'n mens kry nie meer sulke boeke in Afrikaans nie, maar ek dink darem dit begin nou weer terugkom."

M Hy bewonder die werk van skrywers soos Michael Ende, Roald Dahl en J.R.R. Tolkien "omdat hulle die soort boeke geskryf het wat die leser op meer as een vlak aanspreek". Hy glo 'n boek "moet jou intelligense én verbeelding én meer as een emosie aanraak".

N "Daarom probeer ek altyd sorg dat daar 'n mengsel van kop en hart in my boeke is. Die lesers sal beter weet of ek daarin slaag as ek."

O Kinderboeke wat plaaslik verskyn, het 'n eiesoortige aanslag, meen hy.

P "Die Europeërs se kinder- en jeugboeke is baie swaar en ernstig. Daar gaan omtrent altyd iemand dood! By ons is humor belangriker.

Q "In die oorsese markte word egter 'n groter verskeidenheid boeke aan kinders beskikbaar gestel. Hier is ons nog 'n bietjie bang om te waag – nie net met gewaagde onderwerpe nie, maar ook met eksperimentele boeke. Van die boeke wat oorsee groot treffers was, sou dalk hier deur uitgewers afgekeur gewees het. Ons moet beslis meer waagmoedig raak."

R Dit is egter vir hom bemoedigend dat dit lyk of die Afrikaanse kinderboek 'n oplewing toon. "Daar is baie positiewe veranderings. Daar is weer meer boeke beskikbaar en dit word sterker bemark. Ek is gelukkig, want my uitgewer, LAPA, speel 'n groot rol in dié tendens."

S Intussen was hy nog nooit spyt oor sy loopbaanverandering nie. "Skryf is om op reis te gaan deur jou eie onontdekte binnewêreld. Ek weet nooit vooraf presies waarheen die reis my gaan neem, of hoe ek by 'n sekere eindbestemming gaan uitkom nie. Soms is die reis 'n dolle jaagtog op 'n bruisende rivier en soms harde mynwerk met 'n pik en 'n graaf. Maar hoe ook al, elke reis verryk my as mens op een of ander manier. As dit ook vir die lesers iets beteken, is dit 'n baie groot bonus."

T En eintlik verskil die boer met woorde nie so hemeisbreed van wat sy voorvaders gedoen het nie. "Die beginsel van ploeg, plant en oes bly maar steeds dieselfde. Dit en die wag op die reën..."

Beantwoord die volgende vrae telkens in **een volsin** en in jou **eie woorde**:

1. Wat was Leon de Villiers se “kinderdroom”? (Paragraaf A) [3]  
[Hy wou vir ’n ruk skoolhou, dan bedank en dan voltyds skryf.]
2. Wat word bedoel met “die een goeie oesjaar op die volgende”? (Paragraaf D) [3]  
[Hy is baie produktief as skrywer en het in tien jaar twaalf kinderboeke geskryf en dié boeke is baie goed ontvang.]
3. Watter opinie spreek Leon de Villiers, per implikasie, oor resensente uit in paragraaf I? [3]  
[Hy reken resensente benader boeke te intellektueel en dat hulle dikwels met hulle geleerdheid wil pronk in resensies.]
4. Skryf die hoofgedagte in paragraaf Q neer. [3]  
[In teenstelling met oorsese markte, waar ’n groot verskeidenheid boeke uitgegee word, is die plaaslike mark minder waaghalsig.]
5. Verduidelik die letterlike en figuurlike betekenis van “reën” in paragraaf T. [3]  
[Letterlik wag boere vir reën sodat hulle gewasse water kan kry om te groei en figuurlik wag skrywers op inspirasie sodat hulle pennevrug kan groei.]
6. Wat beteken die opskrif van die koerantartikel? [3]  
[Die skrywer Leon de Villiers het weereens ’n geslaagde boek geskryf.]

Die volgende vrae hoef nie in volsinne beantwoord te word nie:

7. Sê telkens of die volgende stellings waar of onwaar is en gee ’n aanhaling om jou antwoord te staaf:
  - (a) Leon de Villiers streef daarna om die kritici te beïndruk. [2]  
[Onwaar, “Vir ’n kinder- en jeugboekskrywer is die grootste betaling nie groot geldpryse of akademiese lofsange nie ... ” of “Dit is ’n voorreg om vir kinders en jong mense te kan skryf. Hulle is baie eerlik daaroor of hulle van ’n boek hou of nie. Hulle skryf nie geleerde resensies in koerante nie ... ”]
  - (b) Die mark vir die Afrikaanse kinderboek is besig om te stagneer. [2]  
[Onwaar, “Dit is egter vir hom bemoedigend dat dit lyk of die Afrikaanse kinderboek ’n oplewing toon.”]
8. Noem twee maniere waarop Leon de Villiers glo ’n boek tot ’n mens moet spreek. [2]  
[’n Boek moet tot ’n mens se kop (intellek) en jou hart (emosies) spreek.]
9. Haal ’n metafoor uit die stuk aan wat daarop dui dat die skryfproses soms met bloedsweet gepaardgaan. [2]  
[“Soms is die reis ’n dolle jaagtog op ’n bruisende rivier en soms harde mynwerk met ’n pik en ’n graaf.”]
10. Omkring telkens die letter by die korrekte antwoord op die volgende:
  - (a) Die name van die karakters in *Droomoog Diepgrawer* skep die indruk van
    - (i) speelsheid
    - (ii) formaliteit
    - (iii) ongebondenheid
    - (iv) hiperaktiwiteit [2]

[Antwoord: (i)]

(b) “Eiesoortige aanslag” in paragraaf O beteken

(i) selfsugtige tipe aanval

(ii) persoonlike manier van invul

(iii) unieke invalshoek

(iv) opregte trant

[2]

[Antwoord: (iii)]

Totaal = /30/

#### **Aktiwiteit 4.21 Visuele respons**



**Nota aan die onderwyser:** Die kykstrategie word hier ingeskerp. Leerders werk in pare. Hulle moet probeer om 'n verskeidenheid moontlike antwoorde te genereer.

Bestudeer die foto wat in 'n begraafplaas in Mosselbaai geneem is en beantwoord die vrae wat daarop volg:



1. Waarom, dink jy, het die familie van die gestorwene besluit om hierdie standbeeld op die grafsteen op te rig?

[Die gestorwene was heel moontlik 'n kind en daarom die standbeeld van 'n kinderengeltjie. Verskeie eie opinies ook moontlik.]



2. Dit blyk dat die regterarm van die standbeeld afgebreek het. Watter simboliese waarde kan dit hê, gegewe die plek waar die standbeeld staan?  
[Die afgebreekte regterarm kan 'n onvoltooide lewe van 'n kind wat dood is simboliseer.]
3. Waarom, dink jy, is daar 'n heininkie om die grafte in die agtergrond?  
[Dit omhein moontlik die grafte van persone van dieselfde familie wat bymekaar begrawe is.]
4. Op bladsy 35 in *Die Pro* skryf Tiaan: “Ek wens ek het die moed gehad om vir jou ma te sê dat die graf eerder onder 'n duin moet wees. Kan 'n mens nie so iets doen nie? Dit sou volgens my baie beter gewees het. Dan was dit nie net nog een van daardie granietkonstruksies daar langs die hoofpad nie. Dit is al erg genoeg om elke dag met die bus daar verby te ry.”
  - (a) Mag 'n mens iemand onder 'n duin begrawe? Hoekom?  
[Nee, daar is sekere gebiede wat vir begraaflase gesoneer word. Sandduine is ook te onstabiel en die graf kan maklik deur wind of water ontbloot word.]
  - (b) Waarom, dink jy, verkies baie mense om hulle geliefdes in 'n begraaflaas met 'n grafsteen met versiersel op te begrawe?  
[Hulle wil iets moois hê waarnatoe hulle kan gaan as hulle na hulle geliefdes verlang. Die koste wat aangegaan word met die oprigting van 'n mooi grafsteen, kan dalk ook 'n poging wees om 'n laaste eerbetoon aan die gestorwene te gee.]
  - (c) Gee twee redes waarom jy dink Tiaan eerder vir Dirkie onder 'n duin begrawe sal wil hê.  
[Dirkie was baie lief vir die see en natuur en Tiaan reken dat hy moet wees waar hy die gelukkigste was. Tiaan het 'n renons in die generiese aard van begraaflase en granietgrafstene; hy dink nie dit is spesiaal genoeg vir Dirkie nie.]
5. Die begraaflaas op die foto is baie oud en vol en vir baie jare al, kom daar nie nuwe grafte by nie.
  - (a) Noem twee dinge wat jy op die foto kan sien, wat bogenoemde stelling bevestig.  
[Daar is geen nuwe grafte nie en die grafstene is baie oud en verweer.]
  - (b) Wat is jou opinie oor die vraag of mense begrawe of veras moet word na hulle dood?  
[Leerders gee hul eie opinie.]

#### **Aktiwiteit 4.22 Algemene toets oor Die Pro**



**Nota aan die onderwyser:** Hierdie vrae kan as deel van 'n formele toets of as deel van 'n eksamen gebruik word.

## Vraag 1

Lees die aanhaling uit *Die Pro* en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Iemand moet beslis na sy kop kyk. Ek weier om vir hom verantwoordelikheid te vat! Julle Lawrence-klomp kan regtig nogal uithaak as julle die dag wil. Pleks jou ma my uitlos oor die goed wat ek daar moet kom haal en liewers jou boetie se kop laat lees. Ek het mos gesê ek sal dit kom haal as ek tyd kry! Dit is nou eksamen en ek het nie geld om te mors op boetes nie!

- (a) Van wie praat Tiaan hier? [1]  
[Hy praat van Corré (Dirkie se jonger broer).]
- (b) Op watter maniere het dié persoon “uitgehaak”? (Noem vier dinge.) [4]  
[Hy het begin rook, sy hare poenskop geskeer, luister die hele dag na Dirkie se musiek en baklei met sy ma.]
- (c) Waarom, dink jy, het hy so begin optree? [2]  
[Dit is hoe hy sy broer se dood probeer verwerk en hoe hy reageer op die verbrokkeling van sy ouers se huwelik.]
- (d) Watter goed moes Tiaan gaan haal? [2]  
[Hy moes Dirkie se nuwe *wetsuit* en sy *surfer*-tydskrifte gaan haal.]
- (e) Wat het gebeur toe Tiaan die goed gaan haal? [2]  
[Corré was baie ontsteld en het vreeslik met sy ma begin baklei.]
- (f) Verduidelik wat Tiaan bedoel as hy sê dat hy “nie geld het om te mors op boetes nie.”? [3]  
[Hy wil nie sleg vaar in die eksamen nie. Sy ouers beboet hom R20 vir elke vak waarin hy minder as 60 % kry.]
- (g) Dit is nie waar dat Tiaan nog nie tyd gekry het om die goed te gaan haal nie. Wat, dink jy, is die regte rede vir sy versuim? [2]  
[Hy is nog nie gereed om die volle werklikheid van Dirkie se dood te aanvaar nie en die ontvang van Dirkie se besittings sou hierdie werklikheid bevestig.]

## Vraag 2

Lees die aanhaling uit *Die Pro* en beantwoord die vraag wat daarna volg.

Ek weet nie hoekom hou ek aan en aan om hierdie goed vir jou te skryf nie. As ek net kan ophou! As ek net met my lewe kan aangaan!

- (a) Waarom het Tiaan amper ’n jaar aangehou om vir Dirkie te skryf? [2]  
[Dit was vir hom baie moeilik om Dirkie se dood te verwerk en deur aan hom te skryf, was dit asof sy vriend nog steeds daar was terwyl hy hierdie groot verlies hanteer het.]

### Vraag 3

Lees die aanhaling uit *Die Pro* en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Van hierdie weirdste van weird dae wat ek agter die rug het.

Het in die Biologiese klas aan die huil gegaan! Jy het my reg gehoor! Het in daardie klas met al sy opgestropte mummies aan die tjank gegaan soos 'n klein seuntjie.

- (a) Wat het aanleiding gegee daartoe dat Tiaan in die Biologiese klas begin huil het? [2]  
[Yvette het vir Tiaan op 'n nota geskryf dat sy vir Dirkie vreeslik mis en toe hy dit lees, het hy begin huil.]
- (b) Hoekom was hierdie emosionele ontlading betekenisvol in Tiaan se rouproses? [2]  
[Dit was die eerste keer dat hy oor sy vriend se dood gehuil het.]

### Vraag 4

Sê in 'n volsin wie elkeen van die volgende karakters in verhouding tot Tiaan in *Die Pro* is:

- (a) Jasmine [1]  
[Sy is die Moslem-meisie op wie Tiaan vir die grootste deel van sy graad 9-jaar verlief is.]
- (b) Mevrouw Nothnagel [1]  
[Sy is Tiaan se ma.]
- (c) Geyer [1]  
[Hy is 'n afgetrede joernalis wat vir Tiaan aanmoedig om sy Biologiese opsommings interessanter te maak.]
- (d) Mevrouw Beukes [1]  
[Sy is Tiaan se Biologiese onderwyseres in sy graad 11-jaar.]
- (e) Hermann [1]  
[Hy is Tiaan se nuwe vriend wat hy in sy graad 11-jaar maak.]
- (f) Yvette [1]  
[Sy is vir lank Tiaan se vriendin, maar word later sy meisie.]
- (g) Kruiwa [1]  
[Hy is Tiaan se gewese, gehate Biologiese onderwyser.]
- (h) Dawid [1]  
[Hy is Tiaan se nefie.]

### Vraag 5

Beskryf kortliks wat gebeur het die dag toe Dirkie dood is. [5]  
[Tiaan-hulle is na middagete strand toe. Al die bekende *surfers* was daar. Hulle het op 'n duin gesit en wyn drink en Dirkie het grappe vertel. Hulle het later weer gaan branderplank ry. Die see het begin rof word en almal het besluit om uit te gaan. Dirkie wou nog 'n laaste paar golwe ry. Later sien die ander dat Dirkie met sy gesig in die

water dryf. Hulle het hom gaan haal en Tiaan het mond-tot-mond-asemhaling probeer om Dirkie by te kry. Later het dokter Gouws hom weggetrek en gesê dat Dirkie dood is. Dit was 'n fratsongeluk.]

### Vraag 6

Gee die korrekte Afrikaans vir die onderstreepte woorde in die onderstaande sinne. Skryf net die woorde neer.

- (a) “Glo om te hoor of my ma toestemming gee dat ek my wetsuit aan Louis kan verkoop.” [1]  
[duikpak]
- (b) “Net soos 'n surfer wat op sy bodyboard lê en wag vir die regte golf.” [2]  
[branderplankryer; lyfplank]
- (c) “Nee, ek het niks teen Attie nie. Behalwe dat hy hom ook maar goed kan strip.” [1]  
[vererg]
- (d) “Party dae moes hy ook maar baie ver loop voor hy 'n lift gekry het.” [1]  
[(saamry-) geleentheid]

### Vraag 7

Gee telkens 'n voorbeeld van hoe Tiaan elk van die volgende stadiums van rou ervaar het.

[5 × 2 = 10]

- (a) Ontkenning  
[Hy skryf nog vir 'n jaar na sy dood aan hom/Hy verseg om Dirkie se besittings te gaan haal.]
- (b) Woede  
[Tiaan skryf vir Dirkie hoe kwaad hy vir hom is omdat hy altyd so windmakerig en waaghalsig was.]
- (c) Onderhandeling  
[Tiaan wonder telkens of hy nie iets kon doen soos om die wyn by Dirkie af te vat, wat Dirkie se dood kon verhoed nie.]
- (d) Depressie  
[Hy slaap baie en onttrek hom aan sosiale kontak.]
- (e) Aanvaarding  
[Hy gaan haal Dirkie se besittings./Hy skryf vir Dirkie dat hy weer 'n vriend gemaak het en groet hom aan die einde van die boek.]

**Totaal =  $\frac{\quad}{50}$**



**Nota aan die onderwyser:** Die volgende opdrag kan as 'n klasbespreking, in pare of individueel gedoen word. Dit ondersoek die leerders se respons op *Die Pro* en op 'n resensie van *Die Pro*.

Bestudeer die resensie wat professor Maritha Snyman vir die webwerf *Storiwerf* geskryf het en beantwoord die vrae wat daarop volg:

### **DIE PRO deur LEON DE VILLIERS**

- A** *Die Pro* van Leon de Villiers is eintlik al ou nuus. Dié roman was 'n pryswenner in die beginnerkategorie van 1996 se Sanlamwedstryd vir jeugliteratuur. In 1998 wen Leon de Villiers met hierdie roman die Scheepersprys vir jeuglektuur sowel as die M.E.R.-prys. Ook die outeur is nie onbekend nie. Met sy eerste roman, *Aliens en engele* (1996), het hy reeds getoon dat hy 'n jeugboekskrywer met besondere insig in die lewenswerklikheid van die moderne kind is.
- B** Dit is nie anders in *Die Pro* nie. In die vorm van 'n briefroman gee die hoofkarakter sy gevoelens regstreeks weer en raak die leser nou by die verhaal betrokke: in hierdie geval die verhaal van 'n moderne tiener, Tiaan, wat sewentien word en grootword. Hy raak verlief op 'n eksotiese Moslem-meisie, Jasmine, bevraagteken gewaande sekerhede in sy lewe, worstel met skoolwerk en onderwysers, herontdek die waarde van ou vanselfsprekende vriende en vriendinne, en leer om 'n groot verlies te verwerk.
- C** De Villiers toon dat hy tieners begryp en ken. Die taalgebruik is vars en kleurvol, taalgebruik waarmee tieners kan identifiseer: “keer nou 'n wegholbus” (bladsy 86) of “krieket is 'n spel vir ou mans in wit pajamas” (bladsy 94) of “Hulle flippen blerriewil lieg” (bladsy 65). Vir my as volwasse leser was die hewigheid waarmee die hoofkarakter sy eksistensiële krisis beleef, aangrypend en oortuigend. “Alles wat mooi is, breek of verdwyn. Alles!” roep hy desperaat uit op bladsy 63 en 66: “Kan 'n mens dan niemand vertrou nie? Die see? Mense? God? Niemand nie?”
- D** Hoewel die klem in hierdie roman op die innerlike beleving van die hoofkarakter fokus, slaag die outeur nietemin daarin om 'n spanningslyn te vestig wat my aangespoor het om aan te hou lees.
- E** Die vak Biologie speel 'n sleutelrol in die roman. “Biologie is die studie of leer van lewende organismes, d.w.s die studie van die lewende wêreld” (bladsy 1). Dit word 'n metafoor vir Tiaan se ontwikkeling in die roman. Vindingryk vleg die outeur hierdie gewese in by Dirkie se liefde vir die see. Elke hoofstuk word ingelei met Tiaan se Biologie-opsommings. Soos Henko Wiese wie se Biologiehandboek hy nou al twee jaar na mekaar gekry het, probeer hy om deur middel van humor die “lewende wêreld” soos dit in die Biologieklas aangebied word, baas te raak. Hierdie subtekste

voor elke hoofstuk begin by die laagste vorm van lewe en vorder tot by menslike voortplanting in die laaste hoofstuk. In hierdie gedeeltes skemer die stem van die volwasse outeur egter deur met fyn spot en ’n sinisme wat kommentaar lewer op die gebeure van die hoofstuk wat volg. Dit was dan ook interessant dat die tienerlesers wat die roman gelees het byna almal gesê het dat hulle dié gedeeltes oorgeslaan het.

**F** Ander kommentaar van tienerlesers moet hier genoem word. “Uiteindelik ’n boek wat verstaan wat en hoe ons voel”, het een gesê. “Dis realisties, dis soos ons dink,” het ’n ander gesê, “maar grootmense kan hulle nie regtig inlewe in die gedagtes van tieners nie.” “Ons voel dinge meer intens as wat grootmense dink,” het die derde leser gesê. “Tiaan is te kalm, hy tree nie op soos iemand wat regtig deur al die drama gegaan het nie.”

**G** Oor die algemeen kan hierdie roman beslis aanbeveel word, veral vir die meer ervare leser.

*(Professor Maritha Snyman is verbonde aan die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria en die resensie het ook in Beeld verskyn.)*

### **Vrae:**

1. Stem jy saam met die resensent wat aan die einde van paragraaf A skryf dat De Villiers “’n jeugboekskrywer met besondere insig in die lewenswerklikheid van die moderne kind is”? Verduidelik jou antwoord.  
[Eie opinie.]
2. Wat beteken die onderstreepte woorde in paragraaf B?  
[Dit beteken ’n valse, vermeende verstaan of sekerheid dat iets die waarheid is.]
3. Haal een van die aanhalings uit *Die Pro* in paragraaf C aan wat jy as vars en kleurvol beskou.  
[Eie opinie. Enigene van drie aanhalings aan begin van paragraaf.]
4. Die resensent reken in paragraaf D dat die boek ’n spanningslyn het wat haar laat aanhou lees het. Skryf twee vrae neer wat die leser van die roman beantwoord wil hê en wat hom/haar sodoende aanmoedig om aan te hou lees.  
[Sal Tiaan weer gaan *surf*?/Sal Tiaan en Jasmine ’n paartjie word?/Sal Tiaan oor die dood van sy vriend kom?/Hoe is Dirkie dood? (Enige twee.)]
5. Verduidelik of jy ook eerder dié gedeeltes waarvan daar in paragraaf E gepraat word, sou wou oorslaan. Gee ’n rede vir jou antwoord.  
[Eie opinie. Moontlik – Stem saam dat die skrywerstem te duidelik is. Die gedeeltes is nie snaaks nie en is nie nodig om die ontwikkeling in die storie te volg nie. Woorspel is te gesofistikeerd en soms moeilik om te volg.]
6. Gestel jy sou saamstem met die uitspraak wat aan die einde van paragraaf F gemaak word, hoe, sou jy sê, moes Tiaan dan opgetree het?  
[Eie opinie.]
7. Lees weer paragraaf G. Hoekom, dink jy, beveel die resensent die boek aan vir die “meer ervare leser”?  
[Eie opinie.]

8. Skryf 'n paragraaf waarin jy 'n aspek van die boek uitlig wat jy baie geniet het.  
[Eie opinie.]
9. Skryf jou eie resensie oor *Die Pro*. Jou resensie hoef nie noodwendig so akademies soos Maritha Snyman s'n te wees nie. Skryf uit die perspektief van 'n tiener en sê (met voorbeelde) wat jy dink goed of sleg was van die boek.

#### **Aktiwiteit 4.24 Ondersoektaak**



Gee die volgende opdrag vir die ondersoektaak aan die leerders. Hulle moet die taak individueel voltooi.

##### ***Volg hierdie stappe***

- Raadpleeg 'n verskeidenheid bronne. Bronne kan die volgende insluit: tydskrifte, koerante, vakboeke, ensiklopedieë, die Internet, rolprente en TV-programme;
- Ondersoek die bronne.
- Verwerk die inligting uit die bronne.
- Maak 'n gevolgtrekking na aanleiding van die ondersoek en jou verwerking van die inligting.
- Bied jou werk logies en netjies aan.

##### ***Jou ondersoektaak moet die volgende insluit***

- Navorsingsfeite en -teorieë oor een van die volgende onderwerpe (300 woorde).
  - Die gevolge van drank- en dwelmmisbruik vir die samelewing.
  - Die positiewe gevolge van verdraagsaamheid op die samelewing.
  - Enige ander tema waaraan die verhaal jou laat dink het en waaroor jy graag meer sal wil uitvind.
- Gepaste sketse of foto's met die nodige byskrifte.
- 'n Bespreking van een van die karakters in *Die Pro* waar jy 'n verband wys tussen die navorsing wat jy gedoen het en die karakter (100 woorde).
- 'n Volledige bronnelys.

##### ***Wenke***

- Raadpleeg 'n verskeidenheid bronne en soveel moontlik daarvan.
- Moenie net uit jou bronne oorskryf nie: gebruik relevante inligting en skryf dit in jou eie woorde.
- Struktureer jou taak sistematies en logies.
- Gaan kreatief te werk en verseker 'n netjiese en interessante aanbieding.
- Jou taak gaan met behulp van 'n matriks bepunt word.

#### **Aktiwiteit 4.25 Literêre opstel: die verteller**



Leerders werk op hulle eie aan hierdie taak.

- Skryf 'n literêre opstel van 300 woorde oor *Die Pro*.
- Bespreek in die opstel die verteller se rol in die ontwikkeling van die intrige en die karakterisering in die roman.

# Woordelys

Alhoewel die woordeskat wat in *Die Pro* gebruik word toeganklik is vir die huistaalspreker, is dit tog nuttig om leerders aan te moedig om woorde se betekenis te ontgin. Hierdie afdeling bevat 'n alfabetiese woordelys uit die letterkundeteks, *Die Pro*. Die leerders kan 'n fotostaat van hierdie woordelys kry en dit self deur die loop van die leesproses aanvul. Hierdie lys bevat nie woorde wat in die teks in skuinsdruk aan die begin van elke hoofstuk voorkom nie.

- barrel ride:** term in branderplankry om die manier waarop die brander 'n tunnel vorm wanneer dit breek, te beskryf
- demonies:** afgelei van demon, wat duiwel of bose gees beteken
- dreadlocks:** haarstyl waarvolgens die hare in talle klein poniestertjies gedraai is, veral gewild onder aanhangers van die Rastafariegeloof
- flippen:** eufemisme vir vloekwoord
- IK-toets:** toets ontwerp om iemand se verstandelike vermoëns (intelligensiekwasiënt) te bepaal
- krepeer:** swaarkry, in ellende verkeer, agteruitgaan
- ontpop:** ontluik, ontwikkeling van moontlike potensiaal begin toon
- putty:** Engelse woord vir stopverf, 'n sagte buigbare mengsel wat gebruik word om gate te stop, ook figuurlik gebruik
- rassis:** aanhanger van rassisme, 'n denkrigting wat van die veronderstelling uitgaan dat bevoegdheid en karaktereenskappe deur ras bepaal word en dat een ras meerderwaardig is en die reg het om ander te oorheers
- rondslenter:** doelloos rond dwaal
- The Hobbit:*** naam van die boek deur J.R.R. Tolkien oor 'n denkbeeldige ras dwergmense wat in gate woon
- tricks:** afgelei van die Engelse woord *tricks* wat toertjies beteken



# Assesseringsbylaag: Graad 10–12 Huistaal

## **Kritieke en Ontwikkelingsuitkomst**

Hierdie boek is gebaseer op die leeruitkomst (LU's) en Asseseringstandaarde (AS'e) vir letterkunde, soos uiteengesit in die *Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad 10–12 (Algemeen) Tale: Afrikaans Huistaal*. Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) word onderskryf deur 'n aantal Kritieke Uitkomst (KU's) en Ontwikkelingsuitkomst (OU's) wat deur die Grondwet geïnspireer is. Hierdie uitkomst beskryf die tipe landsburger wat ons onderwysstelsel moet poog om te ontwikkel. Dit is baie belangrik dat jy moet kennis neem van hierdie uitkomst en dit tydens die beplanning en uitvoering van jou werk in gedagte moet hou.

Die KU's vereis dat leerders in staat is om die volgende te doen:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke
- werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap
- organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon
- begryp dat die wêreld 'n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die OU's stel leerders in staat om die volgende te doen:

- dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om meer doeltreffend te leer
- neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel
- is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste
- ondersoek onderwys- en beroepsmoontlikhede
- ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

## **Leeruitkomst en Asseseringstandaarde**

Hierdie gids bied 'n reeks aktiwiteite wat op die Departement van Onderwys se LU's en AS'e vir Huistaal, Graad 10–12 gebaseer is. Die Departement van Onderwys definieer die terme LU en AS as volg:

'n LU is 'n verklaring van die bedoelde eindresultaat van leer en onderrig. Dit beskryf kennis, vaardighede en waardes wat leerders aan die einde van die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband behoort te verwerf. Die AS'e is kriteria wat gesamentlik beskryf wat

'n leerder behoort te weet en in staat is om te kan doen om die bereiking van die LU op die vlak van 'n spesifieke graad te toon. AS'e beskryf die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet verwerf om die LU's te bereik. Vir elke LU toon die AS'e gesamentlik die wyse aan waarop konseptuele progressie van graad tot graad plaasvind.

Jy sal sien dat daar aan die begin van elke afdeling in hierdie boek, 'n lysie verskyn waarin die kennis, vaardighede, houdings en waardes waarop die bepaalde afdeling fokus, gelys word.

### **Die LU's vir Afrikaans Huistaal, Graad 10–12**

- LU1 Luister en Praat: Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe in 'n verskeidenheid kontekste.
- LU2 Lees en Kyk: Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.
- LU3 Skryf en Aanbied: Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.
- LU4 Taal: Die leerder is in staat om taalstrukture en -konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.

### **Fokus en integrasie**

Neem asseblief kennis dat sekere gedeeltes in hierdie gids sal fokus op spesifieke letterkunde AS'e. Dit beteken egter nie dat dié AS slegs op een plek aangespreek word nie. Al die literêre AS'e vir Graad 10–12 word deurlopend in die aktiwiteite geïntegreer, alhoewel daar in sommige afdelings meer klem op spesifieke AS'e sal wees.

Die res van die LU's vir Graad 10–12 word ook deurgaans met die spesifiek letterkundige LU en AS'e, geïntegreer. Hierdie integrasie moontlikhede word in die teks met 'n ikoon aangedui by elke aktiwiteit ten einde vir jou 'n aanduiding te gee of die aktiwiteit luister, praat, lees, kyk, skryf of aanbieding (of enige kombinasie hiervan) sal behels. 'n Lysie van die ikone is in die inleiding tot hierdie gids gedruk.

Raadpleeg asseblief die *Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad 10–12 (Algemeen) Tale: Afrikaans Huistaal* vir 'n volledige lys van al die LU's en AS'e vir Afrikaans Huistaal.

Die fokus van hierdie gids is LU2 AS2 met spesifieke klem op die volgende:

- AS2.1 Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering.
- AS2.2 Verduidelik die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, audio- en audiovisuele tekste.
- AS2.3 Verduidelik hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste.
- AS2.4 Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word.

Die LU's vir Graad 10–12 is eenders. Daar is minimale verskille tussen die AS'e. Die verwagte prestasievlakke neem egter in moeilikheidsgraad en omvang toe. (Verwys asseblief na die gedeelte oor “Progressie” hieronder.) Die verskille wat daar in die omskrywing van hierdie AS voorkom tussen Graad 10–12 (veral wat betref sleutelwoorde), word hieronder met grys gemerk vir jou aandag. Hierdie verskille moet asseblief deurgaans in ag geneem word met jou benadering tot en behandeling van die aktiwiteite in hierdie boek.

<b>Leeruitkoms 2: Lees en Kyk</b>			
<b>Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer. Dit is duidelik wanneer die leerder in staat is om die volgende te doen:</b>			
<b>AS2.1 toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering:</b>			
<b>Fokus in hierdie gids</b>	<b>Graad 10</b>	<b>Graad 11</b>	<b>Graad 12</b>
Deel 1 Deel 2	10.2.1.1 vra vrae ten einde voorspellings te kan maak	11.2.1.1 vra vrae ten einde voorspellings te kan maak	12.2.1.1 vra vrae ten einde voorspellings te kan maak
Deel 2 Deel 3	10.2.1.6 lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in <b>geselekteerde</b> kontekste deur kennis van grammatika, woordaanpakvaardighede, kontekstuele leidrade, klank, kleur, ontwerp, plasing en deur sintuie te gebruik	11.2.1.6 lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in 'n <b>verskeidenheid</b> kontekste deur kennis van grammatika, woordaanpakvaardighede, kontekstuele leidrade, klank, kleur, ontwerp, plasing en deur sintuie te gebruik	12.2.1.6 lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in 'n <b>wye verskeidenheid</b> kontekste deur kennis van grammatika, woordaanpakvaardighede, kontekstuele leidrade, klank, kleur, ontwerp, plasing en deur sintuie te gebruik
Deel 3 Deel 4	10.2.1.7 herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.	11.2.1.7 herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.	12.2.1.7 herlees/kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.
<b>AS2.2 verduidelik die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, audio- en audiovisuele tekste:</b>			
<b>Fokus in hierdie gids</b>	<b>Graad 10</b>	<b>Graad 11</b>	<b>Graad 12</b>
Deel 3 Deel 4	10.2.2.1 vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste	11.2.2.1 vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste	12.2.2.1 vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste
Deel 3 Deel 4	10.2.2.3 onderskei tussen feite en menings en <b>gee</b> eie respons	11.2.2.3 onderskei tussen feite en menings en <b>verduidelik</b> eie respons	12.2.2.3 onderskei tussen feite en menings en <b>motiveer</b> eie respons
Deel 3 Deel 4	10.2.2.4 <b>herken</b> die verskil tussen direkte en geïmpliseerde (verskuilde) betekenis	11.2.2.4 <b>verduidelik</b> die verskil tussen direkte en geïmpliseerde (verskuilde) betekenis	12.2.2.4 <b>verduidelik</b> die verskil tussen direkte en geïmpliseerde (verskuilde) betekenis

Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.2.5 <b>verduidelik</b> die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee enkele bewyse uit die teks	11.2.2.5 <b>verduidelik</b> die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee bewyse uit die teks	12.2.2.5 <b>ontleed</b> die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee <b>oortuigende</b> bewyse uit die teks
Deel 1 Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.2.6 <b>verduidelik</b> die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste	11.2.2.6 <b>ontleed en verduidelik</b> die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste en <b>toon aan hoe dit betekenis beïnvloed</b>	12.2.2.6 <b>ontleed en verduidelik</b> die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste en <b>toon aan hoe dit betekenis beïnvloed</b>
Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.2.7 ontleed die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van 'n teks soos metafoor, simbool, woordspeling, onderbektoneering, geestigheid, hiperbool, vergelyking, kontras, sarkasme, karikatuur/spot, ironie, paradoks, antitese en antiklimaks	11.2.2.7 ontleed die impak op die betekenis van 'n teks van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels soos metafoor, simbool, woordspeling, onderbektoneering, geestigheid, hiperbool, vergelyking, kontras, sarkasme, karikatuur/spot, ironie, paradoks, antitese en antiklimaks	12.2.2.7 ontleed die impak op die betekenis van 'n teks van 'n <b>wye</b> verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels soos metafoor, simbool, woordspeling, onderbektoneering, geestigheid, hiperbool, vergelyking, kontras, sarkasme, karikatuur/spot, ironie, paradoks, antitese en antiklimaks
Deel 3 Deel 4	10.2.2.8 <b>verduidelik</b> die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings en vergelyk met eie	11.2.2.8 <b>evalueer</b> die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings en vergelyk met eie	12.2.2.8 <b>evalueer</b> die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings en vergelyk met eie
Deel 1 Deel 3 Deel 4	10.2.2.10 gee en motiveer persoonlike response op tekste.	11.2.2.10 gee en motiveer, <b>met oortuiging</b> , persoonlike response op tekste.	12.2.2.10 gee en motiveer, <b>met oortuiging</b> , persoonlike response op tekste.

**AS2.3 verduidelik hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste:**

<b>Fokus in hierdie gids</b>	<b>Graad 10</b>	<b>Graad 11</b>	<b>Graad 12</b>
Deel 1 Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.3.1 <b>identifiseer en verduidelik</b> die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos sienings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies	11.2.3.1 <b>evalueer</b> die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos houdings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies	12.2.3.1 <b>evalueer</b> die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings soos houdings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies
Deel 1 Deel 3 Deel 4	10.2.3.2 <b>verduidelik</b> die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie.	11.2.3.2 <b>ontleed</b> die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie.	12.2.3.2 <b>ontleed</b> die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie.

<b>AS2.4 verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word:</b>			
<b>2.4.2: Literêre tekste:</b>			
<b>Fokus in hierdie gids</b>	<b>Graad 10</b>	<b>Graad 11</b>	<b>Graad 12</b>
Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.4.2.1 <b>beskryf</b> die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik	11.2.4.2.1 <b>ontleed</b> die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik	12.2.4.2.1 <b>ontleed</b> die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik
Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.4.2.2 <b>identifiseer en verduidelik</b> die boodskappe en temas en toon die verband met geselekteerde uittreksels	11.2.4.2.2 <b>interpreteer en evalueer</b> die boodskappe en temas en toon die verband met geselekteerde uittreksels	12.2.4.2.2 <b>interpreteer en evalueer</b> die boodskappe en temas en toon die verband met geselekteerde uittreksels en die teks as geheel
Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.4.2.3 <b>verduidelik</b> hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema	11.2.4.2.3 <b>evalueer</b> hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema	12.2.4.2.3 <b>evalueer</b> hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema
Deel 2 Deel 3 Deel 4	10.2.4.2.4 <b>identifiseer en beskryf</b> stemming, tydsverloop en afloop.	11.2.4.2.4 <b>verduidelik</b> stemming, tydsverloop, <b>ironiese wendings</b> en afloop.	12.2.4.2.4 <b>interpreteer</b> stemming, tydsverloop, <b>ironiese wendings</b> en afloop.

## **Progressie**

Progressie verwys na die proses waartydens meer gevorderde en komplekse kennis en vaardighede ontwikkel word. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad 10–12 (Algemeen) Tale: Afrikaans Huistaal* toon progressie van Graad 10–12 vir Afrikaans Huistaal aan.

In hierdie Bylaag tot die Onderwysersgids vir *Die Pro* bied ons vir jou gerief riglyne vir die assessering van die aktiwiteite vir onderskeidelik Graad 10, 11 en 12. Die gids kan gebruik word vir die onderrig van die letterkundekomponent vir Afrikaans Huistaal in Graad 10, Graad 11 of Graad 12. Die riglyne wat ons hier aanbied, is gebaseer op inligting vervat in die volgende twee Departementele dokumente:

- *Curriculum Statement Grades 10–12 (General): Subject Assessment Guidelines for languages (January 2007)*
- *Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad 10–12 (Algemeen) Tale: Afrikaans Huistaal.*

Afgesien van die riglyne wat ons hier bied, is dit egter baie belangrik dat jy jouself ook deeglik moet vergewis van die vlakke van progressie soos uiteengesit in die bogenoemde twee dokumente.

Jy moet, afhange van die graad waarvoor jy die teks gebruik, deurlopend die amptelike Departementele dokument raadpleeg om seker te maak dat jy die werk op die korrekte vlak aanbied. Die Kurrikulumverklaring toon ná elke LU aan wat die verwagte prestasievlak vir die bereiking van die uitkoms behels. Die AS'e is só geformuleer dat dit vir elke graad aandui hoe die verwagte prestasievlakke in moeilikheidsgraad en omvang

toeneem. In die Departementele dokumente sal jy ook inligting vind oor inhoud en kontekste, waar progressie van eenvoudig tot kompleks toeneem namate leerders van graad tot graad vorder.

## Assessering

### Algemene inleiding tot assessering

Assessering help die leerders om die waarde van hul eie leer te meet. Dit voorsien hulle van inligting oor hul eie vordering en stel hulle in staat om beheer te neem van en besluite te neem oor hul eie leerproses. Verskeie partye het 'n belang by hoe veral die leerders in Graad 10–12 presteer. Dit sluit in die leerders, hul ouers of voogde, borge, provinsiale onderwysdepartemente, die Minister van Onderwys, werkgewers en hoëronderwys- en opleidingsinstansies.

### Tipes assessering

- **Aanvangsassessering** is belangrik aan die begin van 'n graad maar kan op enige tydstip in die leersiklus plaasvind. Dit word gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet en kan doen. Jy kan byvoorbeeld – voordat jy hierdie teks met die leerders behandel – individuele leerders vra om 'n gedeelte hardop te lees sodat jy 'n indruk van sy/haar leesvaardigheid kan kry.
- **Diagnostiese assessering** kan gedoen word deur enige tipe assessering in te span om die oorsaak of oorsake van 'n leerhindernis vas te stel. Dit help jou om geskikte ondersteuningstrategieë te selekteer of om die nodigheid vir professionele hulp of remediële lesse te identifiseer. Jy kan byvoorbeeld vir 'n leerder vra om 'n teks in kleindruk te lees as jy vermoed dat 'n sig-gebrek sy/haar leesvaardighede strem.
- **Formatiewe assessering** is enige tipe assessering wat gebruik word om vir die leerder terugvoering te gee. Dit is 'n noodsaaklike element van onderrig en leer aangesien dit die leerproses monitor en ondersteun. Jy kan byvoorbeeld opmerkings by 'n skriftelike opdrag soos 'n opstel skryf.
- **Formele (sommerende) assessering** word gebruik om 'n oordeel oor die leerder se bekwaamheid of prestasie aan te teken. Dit bied 'n beeld van 'n leerder se bekwaamheid of vordering op 'n gegewe oomblik. Jy kan die leerders byvoorbeeld 'n klastoets laat skryf oor hul begrip van die verhaal tot waar hulle gelees het.

### Assesseringsmetodes

Aangesien elke assessering nie op sigself heeltemal geldig of betroubaar kan wees nie, moet besluite oor 'n leerder se vordering op meer as een assessering gebaseer wees. Dit is die beginsel agter deurlopende assessering. Deurlopende assessering is 'n strategie wat besluite oor leer baseer op 'n verskeidenheid verskillende assesseringsaktiwiteite en gebeure wat op verskillende tye gedurende die leerproses plaasvind.

Die besluit oor watter assesseringsmetodes om te gebruik is, subjektief, eie aan elke onderwyser, graad en skool onderhewig aan jou professionele oordeel. Die beskikbaarheid

van ruimte en hulpbronne beïnvloed hierdie besluit maar selfs waar daar soortgelyke hulpbronne is, neem onderwysers nogtans verskillende besluite.

Die metodes wat ons vir assesseringsaktiwiteite aan die hand doen, is geskik vir die betrokke AS'e wat geassesseer word. Maak seker dat al die leerders die doel van die assessering deeglik verstaan. Bekwaamheid kan op verskillende maniere gedemonstreer word. 'n Verskeidenheid metodes is dus nodig om hul vermoëns meer volledig te openbaar.

- **Self-assessering:** Leerders kan hul werk self assesseer voordat jy die finale assessering doen. Nadenke oor 'n mens se eie leerervaring is 'n noodsaaklike komponent van die leerproses.
- **Portuur-assessering:** Portuur-assessering help sowel die leerders wie se werk geassesseer word as die leerders wat die assessering doen, en bemagtig leerders om hul eie en mekaar se prestasie te evalueer.
- **Groep-assessering:** Die assessering van groepwerk behels dat daar gesoek word vir bewyse dat die groep leerders saamwerk, mekaar help, werk verdeel en die individuele bydraes in een assesseerbare produk kan kombineer.

## **Die Departement van Onderwys se Riglyne vir Vakassessering**

Die Departement van Onderwys het Riglyne vir Vakassessering saamgestel, wat saam met die Vakverklarings gebruik moet word. Dit is belangrik dat jy 'n eksemplaar moet bekom van hierdie dokument (*Curriculum Statement Grades 10–12 (General): Subject Assessment Guidelines for languages – January 2007*). Die Departement van Onderwys vereis dat onderwysers 'n formele jaarlange Assesseringsprogram moet beplan en volg om leerders se vordering deur die loop van die jaar te monitor.

Assessering is 'n belangrike deel van die NKV. Dit moet deurlopend gedoen word en deel van elke les vorm. Hierdie deurlopende, informele assessering – tesame met die formele Assesseringsprogram – moet gebruik word om leerders se kennis, vaardighede en waardes te ontwikkel, om hul sterk- en swakpunte te evalueer en om, waar nodig, bykomende ondersteuning aan leerders te bied en hulle aan te moedig en te motiveer.

## **Daaglikse assessering**

Die dag tot dag assessering wat in die klas plaasvind, is daarop gerig om leerders se vordering op 'n informele vlak te monitor. Dit kan op verskeie maniere gedoen word, byvoorbeeld deur vraag- en antwoordsessies, kort take wat tydens klastyd gedoen word, of as huiswerk. Die leerders kan individueel, in pare, groepe of as klasgroep aan hierdie aktiwiteite werk. Baie van die aktiwiteite in hierdie boek sal deel vorm van jou daaglikse assessering. Dié aktiwiteite kan geassesseer word met die hulp van eenvoudige kontrolelynes of rubrieke en jy kan dit self assesseer, of die leerders toelaat om hul eie werk en hul klasmaats se werk te assesseer. Die feit dat daar in hierdie gids antwoorde op al die vrae verskaf word, behoort jou daaglikse assesseringstaak aansienlik te vergemaklik!

Dit is nie nodig om die uitslae van hierdie assesseringstake aan te teken vir rekordhoudingsdoeleindes nie. Jy kan dit egter wel aanwend om terugvoering te gee aan leerders, hul ouers of voogde en die skoolbestuurspan. Hierdie deurlopende

informele assessering sal jou help om gapings in die leerders se kennis en vaardighede te identifiseer en dit betyds aan te spreek. Die resultate van hierdie assessering sal egter nie vir bevorderingsdoeleindes aangewend kan word nie.

## **Die formele Assesseringsprogram (AP)**

### ***Graad 10 en 11***

Die Departement van Onderwys vereis dat onderwysers 'n jaarlange formele AP saamstel vir elke vak en graad. Die AP vir Huistaal, Graad 10 en 11, behels 15 take wat deur die loop van die jaar voltooi word (25 % van die totale punt), sowel as 'n 16de taak: 'n eksamen aan die einde van die jaar (75 % van die totale punt, insluitend mondelinge take wat deur die loop van die jaar voltooi is).

Van die 15 take wat deur die loop van die jaar voltooi word, moet een 'n formele, skriftelike eksamen wees - in die middel van die jaar. Die verdere take moet die vorm van formele, skriftelike toetse aanneem. Die res van die take moet nie in 'n toets- of eksamenomgewing gedoen word nie en moet aan leerders die geleentheid bied om interessante navorsing oor en ontginning van hul vak te doen. Voorbeelde hiervan is debatte, optredes, navorsingsprojekte en opstelle. Dit kan met die hulp van 'n gedetailleerde rubriek of memorandum geassesseer word.

### ***Graad 12***

Vir Graad 12 behels assessering 14 AP-take wat deur die loop van die jaar voltooi word (25 % van die totale punt), sowel as assesseringstake wat deur eksterne eksaminatore saamgestel word (75 % van die totale punt, insluitend mondelinge take wat deur die loop van die jaar voltooi is).

Twee van die 14 AP-take sal die vorm van formele, geskrewe eksamens aanneem – aan die einde van die tweede termyn en weer in September. Drie verdere take moet die vorm van formele, geskrewe toetse aanneem. Die res van die take moet nie in 'n toets- of eksamenomgewing gedoen word nie en moet aan leerders die geleentheid bied om interessante navorsing oor en ontginning van hul vak te doen. Voorbeelde hiervan is debatte, optredes, navorsingsprojekte en opstelle. Dit kan met die hulp van 'n gedetailleerde rubriek of memorandum geassesseer word. Aan die einde van Graad 12, moet die leerders 'n formele, eksterne eksamen aflê, wat 75 % van hul jaarpunt sal tel.

### ***Eksamens***

Die letterkundevraestel vir die twee interne eksamens (midjaar en November vir Graad 10–11 en midjaar en September vir Graad 12) tel in elke geval 80 punte, waarvan 25 punte op die roman as genre fokus. Die ander 55 punte vir die letterkundevraestel dek poësie en drama. Die eksamenvraag wat die roman dek, kan die vorm van 'n opstel of 'n kontekstuele vraag aanneem.



## **Rekordhouding en rapportering ten opsigte van die AP**

Daar is verskillende metodes vir rekordhouding, oftewel die aantekening van bewyse. Dis dikwels moeilik om te onderskei tussen aantekeningsmetodes en metodes vir die evaluering van leerders se prestasies.

Die Departement van Onderwys vereis dat elke onderwyser 'n onderwysersportefeulje moet hê, waarin rekord gehou word van die AP. Hierdie portefeulje moet die volgende insluit:

- 'n inhoudsopgawe
- 'n uiteensetting van die formele AP
- die vereistes vir elkeen van die assesseringstake
- die hulpmiddels wat vir elke taak se assessering gebruik word
- rekordblaaie vir elke klas.

Die Departement beveel verder aan dat leerders ook 'n portefeulje moet saamstel, bestaande uit die assesseringsopdragte wat deel van die AP uitmaak. Hierdie portefeulje moet die volgende insluit:

- 'n inhoudsopgawe
- al die assesseringsopdragte waaruit die AP vir elke graad bestaan (met inbegrip van toetse en eksamens)
- die hulpmiddels wat vir die assessering van elke opdrag gebruik word
- 'n rekord van die punte wat vir elke opdrag behaal is.

### **Die graderingskaal vir assessering, Graad 10–12**

<b>Graderingskode</b>	<b>Gradering</b>	<b>Punte %</b>
7	Uitmuntende prestasie	80–100
6	Verdienselike prestasie	70–79
5	Bevredigende prestasie	60–69
4	Voldoende prestasie	50–59
3	Gemiddelde prestasie	40–49
2	Basiese prestasie	30–39
1	Ontoereikende prestasie	0–29

Leerders moet ten minste 'n kode van 3 (Gemiddelde prestasie) behaal om aan die einde van Graad 10 en 11 bevordering te kry en aan die einde van Graad 12 'n sertifikaat te ontvang.

### **Metodes vir die insameling van bewyse**

- **Waarneming:** Waarneming van leerders vind betreklik ongestruktureerd plaas. Die waarneming moet doelbewus wees en moet met behulp van 'n geskikte waarnemingsinstrument plaasvind.
- **Toetse:** Toetse is meer gestruktureerd en dit stel jou in staat om dieselfde bewyse vir al die leerders op dieselfde manier en op dieselfde tyd in te samel. Hierdie tipe

assessering bring bewyse van leer tot stand wat deur 'n spesifieke telling geverifieer word.

- **Take:** Jy kan leerders vra om take uit te voer of sekere handeling uit te voer sodat jy kan sien of hulle die vaardighede en kennis wat hulle geleer het, in onbekende kontekste of kontekste buite die klas, kan toepas. Dit maak dit vir jou moontlik om te bepaal hoe die leerders teorie in praktyk verander.

### **Voorbeelde van instrumente vir rekordhouding**

- **Taaklyste of merklyste** is diskrete stellings wat die verwagte prestasie in 'n bepaalde taak beskryf. Wanneer daar waargeneem kan word dat 'n leerder gedurende 'n taak aan 'n bepaalde stelling (kriterium) op die merklys voldoen het, word die stelling afgemerkt.
- **Rubrieke** is 'n kombinasie van merkkodes en beskrywing van standarde. Rubrieke bestaan uit 'n hiërargie van standarde met maatstawwe wat die omvang van aanvaarbare prestasie in elke kodeband beskryf. Rubrieke vereis dat die onderwyser moet weet presies wat deur die uitkoms vereis word. Dit is noodsaaklik dat die leerders die rubriek of rubrieke sien voordat hulle met die gegewe taak begin. Die rubriek verduidelik waarop sowel die leer as die prestasie behoort te fokus.

Ons verskaf heelwat voorbeelde van rubrieke in hierdie bylaag, maar beveel aan dat jy ook jou eie rubrieke ontwikkel vir daaglikse assessering, sowel as die AP. Die Departementele *Riglyne vir Leerprogramme* verskaf uitvoerige besonderhede oor hoe om rubrieke saam te stel.

Ongeag watter assesseringskode jy gebruik, sal jou terugvoering meer doeltreffend wees as dit met opmerkings gepaard gaan. Dis meer waarskynlik dat leerders beter sal presteer as hulle geskrewe terugvoering in plaas van net 'n puntetelling kry. Hoewel punte en persentasies die rekordhouding vergemaklik, is dit nie so nuttig vir terugvoering en rapportering nie.

## **Rubrieke en merklyste wat vir daaglikse assessering gebruik kan word**

Jy kan al die aktiwiteite in hierdie gids op 'n dag tot dag basis informeel assesseer. Ons stel voor dat drie van die aktiwiteite in hierdie boek oorweeg word as assesseringsaktiwiteite vir die formele AP. Hierdie aktiwiteite word in die volgende afdeling bespreek.

Die daaglikse assessering van aktiwiteite kan op 'n verskeidenheid maniere gedoen word, byvoorbeeld deur vraag- en antwoordsessies, die aktiwiteite wat tydens klastyd gedoen word, asook die aktiwiteite wat jy vir die leerders gee om by die huis te voltooi. Elke aktiwiteit in hierdie boek dui aan of die aktiwiteit bespreking, skriftelike werk, mondelinge werk, leeswerk, aanbieding of 'n kombinasie van die voorafgaande behels. Daar word ook by elke aktiwiteit aangedui of die leerders die werk individueel moet voltooi of as deel van 'n paargroep, groep of klasgroep moet werk. Dié aktiwiteite kan geassesseer word met die hulp van eenvoudige kontrolelynes of rubrieke. Jy kan dit self assesseer, of die leerders toelaat om hul eie werk en hul klasmaats se werk te assesseer.

Dit is nie nodig om die uitslae van hierdie assesseringstake aan te teken vir

rekordhoudingsdoeleindes nie. Gebruik dit egter om vir die leerders, hul ouers of voogde en die skoolbestuurspan terugvoering te gee. Hierdie deurlopende informele assessering sal jou help om gapings in die leerders se kennis en vaardighede te identifiseer en aan te spreek.

Hieronder is 'n paar voorbeelde van instrumente wat jy kan gebruik vir daaglikse assessering. Jy kan hierdie rubrieke en merklyste aanpas om by jou en jou klas se behoeftes aan te pas. Jy moet ook in gedagte hou op watter vlak jou onderrig gerig is (Graad 10, of Graad 11, of Graad 12) en die NKV-dokumente bestudeer om te verseker dat jy die werk op die toepaslike vlak aanbied en assesseer.

***'n Algemene assesseringstabel vir skriftelike werk, byvoorbeeld begripstoetse en die beantwoording van inhoudelike vrae (onderwyser-assessering, self-assessering of portuur-assessering)***

	<b>7</b> <b>Uitmuntende</b> <b>prestasië</b> <b>80–100 %</b>	<b>6</b> <b>Verdienselike</b> <b>prestasië</b> <b>70–79 %</b>	<b>5</b> <b>Bevredigende</b> <b>prestasië</b> <b>60–69 %</b>	<b>4</b> <b>Voldoende</b> <b>prestasië</b> <b>50–59 %</b>	<b>3</b> <b>Gemiddelde</b> <b>prestasië</b> <b>40–49 %</b>	<b>2</b> <b>Basiese</b> <b>prestasië</b> <b>30–39 %</b>	<b>1</b> <b>Ontoereikende</b> <b>prestasië</b> <b>0–29 %</b>
<b>Inhoud</b> Reikwydte Dekking Toepaslikheid							
Vaardighede en waardes							
<b>Tegnies</b> Vakterme Taal Formaat							

***Onderwyser-assessering van gekompliseerde skryfwerk, byvoorbeeld opstelle, briewe, navorsingstake en koerantberigte***

<b>LU3: Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.</b>							
<b>Die leerder is in staat om die volgende te doen</b>	<b>7</b>	<b>6</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>2</b>	<b>1</b>
<b>AS3.1 Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks:</b>							
• besluit op en gebruik die gepaste styl, perspektief/standpunt en formaat van tekste							
• doen navorsing oor onderwerpe in 'n verskeidenheid bronne en teken bevindings aan							
• vind, ontsluit, selekteer, organiseer en integreer toepaslike inligting van 'n verskeidenheid bronne							
• ontwikkel en organiseer samehangende idees							

<ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik 'n seleksie visuele beelde en ontwerpelemente gepas.</li> </ul>								
<b>AS3.2 Toon die gebruik van skryfstrategieë en -tegnieke vir eerste weergawes:</b>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik hoof- en ondersteunende idees van die beplanningsproses</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>identifiseer en gebruik 'n seleksie styl- en retoriese middels gepas soos figuurlike taal, woordkeuse, lewendige beskrywing, eie vertolking en styl, toon, simbool, kleur, plasing en klank</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik 'n verskeidenheid sinsoorte, sinslengtes en -strukture akkuraat</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik paragraafkonvensies akkuraat om samehang (koherensie) te verseker deur kernsinne, inleiding en afsluiting, logiese progressie, oorsaak en gevolg, en vergelyking en kontras te gebruik</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik voegwoorde, voornaamwoorde en bywoorde om kohesie te verseker.</li> </ul>								
<b>AS3.3 Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:</b>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>gebruik vasgestelde kriteria vir oorsigtelike evaluering van eie en ander se skryfwerk en om dit te verbeter</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>verbeter samehang (koherensie) en kohesie binne die algehele struktuur</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>dink na oor die gepastheid van inhoud, styl, register en effekte volgens doel, teikengroep en konteks en verander waar nodig</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>toon 'n volgehoue eie perspektief/standpunt en ondersteunende argumente</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>verfyn woordkeuse en sin- en paragraafstrukture en skakel dubbelsinnigheid, omslagtigheid, woorddoortolligheid, onvanpaste groeptaal, aanstootlike taal, slang en taalflaters uit</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>toon, tydens hersiening en verbetering, sensitiwiteit vir menseregte en vir sosiale, kulturele, etiese en omgewingskwessies</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>berei tekste voor vir finale weergawe deur te proeflees en te redigeer</li> </ul>								
<ul style="list-style-type: none"> <li>bied die finale produk aan en gee aandag aan 'n gepaste aanbiedingswyse soos 'n netjiese, afgeronde teks of 'n indrukwekkende, kleurvolle plakkaat.</li> </ul>								

Vlakke: 7 Uitmuntende prestasie; 6 Verdienstelike prestasie; 5 Bevredigende prestasie, 4 Voldoende prestasie; 3 Gemiddelde prestasie; 2 Basiese prestasie; 1 Ontoereikende prestasie

## 'n Merkllys vir self-assessering

<b>Ek kan die volgende doen:</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>Kommentaar</b>
voorspellings maak oor wat volgende in die verhaal gaan gebeur			
sosiokulturele en politieke waardes, gesindhede en oortuigings identifiseer en verduidelik			
die ontwikkeling van intrige, konflik en karakter verduidelik.			

## Portuur-assessering van groepwerk

<b>Ons groep:</b>	<b>Ja</b>	<b>Meestal</b>	<b>Nee</b>
bestaan uit lede met 'n wye verskeidenheid vermoëns en vaardighede			
het mekaar ondersteun			
het mekaar aangemoedig en geprys			
het toewyding getoon in die bereiking van ons doelwit (al die groeplede)			
het individuele behoeftes opgeoffer om ons gesamentlike doelwit te bereik			
het 'n balans gehandhaaf tussen die bevrediging van die groep se behoeftes en individue se behoeftes			
het behoorlike beplanning en prioritisering van take gedoen voordat ons met die taak begin het			
het take doeltreffend onder onself verdeel sonder om te baklei of te stry oor wie wat moet doen			
het verantwoordelikheid gedeel vir die groepproses en die uitkomst wat die groep in gedagte gehad het			
kon met nuwe idees vorendag kom en oplossings voorstel toe ons 'n probleem ervaar het			
het 'n positiewe houding demonstreer terwyl ons ons uitdagings die hoof gebied het			
het ons doelwit suksesvol bereik binne die gegewe tydsraamwerk.			

## Onderwyser-assessering van klasbesprekings

<b>Die leerder:</b>	<b>7</b>	<b>6</b>	<b>5</b>	<b>4</b>	<b>3</b>	<b>2</b>	<b>1</b>
stel vrae en reageer op vrae							
lewer 'n bydrae tot besprekings							
praat duidelik en hoorbaar							
formuleer logies							
verstaan die onderwerp en reageer met toepaslike insig daarop							
toon belangstelling in 'n verskeidenheid onderwerpe							
neem ander leerders se standpunt in ag en luister met respek na hul klasmaats.							

Vlakke: 7 Uitmuntende prestasie; 6 Verdienstelike prestasie; 5 Bevredigende prestasie; 4 Voldoende prestasie; 3 Gemiddelde prestasie; 2 Basiese prestasie; 1 Ontoereikende prestasie

### Assessering van navorsing (onderwyser-assessering of portuur-assessering)

Die eindresultaat toon dat die leerder:	7	6	5	4	3	2	1
behoorlike navorsing gedoen het							
'n verskeidenheid bronne geraadpleeg het en dit weergee in 'n bronnelys							
in staat was om die inligting logies te integreer							
in staat was om die inligting koherent aan te bied (skriftelik of mondeling).							

Vlakke: 7 Uitmuntende prestasie; 6 Verdienstelike prestasie; 5 Bevredigende prestasie; 4 Voldoende prestasie; 3 Gemiddelde prestasie; 2 Basiese prestasie; 1 Ontoereikende prestasie

### Onderwyser-assessering van houdings en waardes

Die leerder:	Ja	Meestal	Nee
kan begrip toon vir ander mense se gevoelens en standpunte			
luister na ander mense se standpunte en dink na daaroor			
kan eie sienings aanpas nadat hy/sy die standpunte van ander mense oorweeg het			
erken en respekteer ander kulture en omgewings			
is bewus van kulturele kwessies			
kan tussen feite en menings onderskei en 'n eie respons gee			
beseft wat partydigheid, vooroordeel en diskriminasie is en waarom dit vermy moet word			
het goed-ontwikkelde waardes betreffende sosiokulturele en politieke sake, byvoorbeeld sienings oor geslag, klas, ouderdom, magsverhoudings, menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies			
het goed-ontwikkelde kommunikasievaardighede.			

## Rubrieke wat vir die AP gebruik kan word

Die formele AP en hoe die Departement van Onderwys aanbeveel dit saamgestel word, word hierbo bespreek. Jy kan ten minste een volledige klastoets oor die werk in hierdie boek saamstel. Jou toets kan kort vrae en 'n begripstoets insluit, maar moet ook 'n afdeling met kontekstuele vrae en ten minste een opstelvraag insluit. Dit sal die leerders help met hul voorbereiding vir die eksamen en sal jou in staat stel om leemtes in hul kennis, vaardighede en waardes te identifiseer en betyds aan te spreek.

'n Verskeidenheid van die aktiwiteite in hierdie Onderwysersgids vir *Die Pro* kan deel van die formele AP vorm en dienooreenkomstig geassesseer word. As jy dit so verkies, kan jy ook 'n groep aktiwiteite saam assesser as een "taak" wat deel van die AP vorm. Jy kan byvoorbeeld al die antwoorde wat die leerders in Deel 3 beantwoord, saam gradeer en as een AP-taak assesser.

Ons verskaf hieronder assesseringsrubrieke vir sekere van die take en aktiwiteite in die boek. Jy kan egter besluit om nie dié aktiwiteite by jou AP in te sluit nie. In so 'n geval kan jy self kies watter van die aktiwiteite in die gids jy vir AP-doeleindes wil gebruik en jou eie assesseringsmetodes ontwikkel vir die formele assessering van jou gekose aktiwiteite.

### **Assesseringsrubriek vir die koerantberig (Aktiwiteit 4.3)**

Hieronder volg 'n assesseringsrubriek wat gebruik kan word om die koerantberig te assesseer. Jy kan ook die “Onderwyser-assessering van gekompliseerde skryfwerk” wat op bladsy 96 verskaf word, gebruik vir die assessering van die berig.

#### **Algemene assesseringsrubriek: die koerantberig**

Prestasievlak	1	2	3	4	5	6	7
	Ontoerikende prestasie	Basiese prestasie	Gemiddelde prestasie	Voldoende prestasie	Bevredigende prestasie	Verdienselike prestasie	Uitmerkende prestasie
	0–29 %	30–39 %	40–49 %	50–59 %	60–69 %	70–79 %	80–100 %
Taalgebruik	Swak	Beperk	Voldoende	Redelik	Goed	Baie goed	Uitstekend
Formaat	Geen bronne	Beperkte bronne	Redelike verskeidenheid bronne	Voldoende bronne gebruik	Redelike verskeidenheid bronne	Verskeie bronne	Groot verskeidenheid bronne
Organisering van inligting	Swak; onsamehangend	Grootliks onbevredigend; soms deurmekaar	Nie altyd bevredigend nie; nie altyd logies nie	Bevredigend; soms breuke in logika	Goed; ontwikkel logies	Baie goed; logiese ontwikkeling	Duidelik; logiese samehang
Aanbieding	Swak; bykans geen struktuur; onsamehangend	Helderheid en struktuur ontbreek; vervelig	Struktuur bestaan, maar toon gebreke; gewoon	Redelike struktuur; soms kreatief	Duidelik; goed gestruktureerd; interessant	Duidelik; goed gestruktureerd; baie interessant	Duidelik; baie goed gestruktureerd; boeiend
Akkuraatheid van inligting	Onakkuraat en irrelevant	Meestal onakkuraat en irrelevant	Beperkte akkuraatheid en relevansie	Redelike mate van akkuraatheid; nie altyd relevant nie	Hoë mate van akkuraatheid; hoofsaaklik relevant	Baie akkuraat; relevant	Vlak van akkuraatheid baie goed; baie relevant
Punt uit 20	1–5	6–7	8–9	10–11	12–13	14–15	16–20
Punt uit 40	1–11	12–15	16–19	20–23	24–27	28–31	32–40

### **Assesseringsrubrieke vir die literêre opstelle (Aktiwiteit 4.13 en 4.25)**

Hieronder volg twee assesseringsrubrieke wat gebruik kan word (gesamentlik) om die opstel te assesseer. Jy kan ook die “Onderwyser-assessering van gekompliseerde skryfwerk” wat op bladsy 96 verskaf word, gebruik vir die assessering van die opstel.

**Assessering van kennis, vaardighede, houdings en waardes: die literêre opstel**

<b>LU2 Lees en Kyk: Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.</b>					
<b>AS vir Graad 10</b>	<b>Punt uit 7</b>	<b>AS vir Graad 11</b>	<b>Punt uit 7</b>	<b>AS vir Graad 12</b>	<b>Punt uit 7</b>
Die leerder:					
AS10.2.1.7 is in staat om die teks te herlees/weer daarna te kyk en dit te hersien ten einde begrip te bevorder		AS11.2.1.7 is in staat om die teks te herlees/weer daarna te kyk en dit te hersien om begrip te bevorder		AS11.2.1.7 is in staat om die teks te herlees/weer daarna te kyk en dit te hersien om begrip te bevorder.	
AS10.2.2.1 kan toepaslike inligting en besonderhede in die teks vind		AS11.2.2.1 kan toepaslike inligting en besonderhede in die teks vind		AS12.2.2.1 kan toepaslike inligting en besonderhede in die teks vind	
AS10.2.2.5 kan die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief verduidelik en enkele bewyse uit die teks gee		AS11.2.2.5 kan die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief verduidelik en bewyse uit die teks gee		AS12.2.2.5 kan die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief verduidelik en oortuigende bewyse uit die teks gee	
AS10.2.2.7 kan die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van 'n teks ontleed (spesifiek simboliek, hiperbool, vergelyking)		AS11.2.2.7 kan die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van 'n teks ontleed (spesifiek simboliek, hiperbool, vergelyking)		AS12.2.2.7 kan die impak van 'n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van 'n teks ontleed (spesifiek simboliek, hiperbool, vergelyking)	
AS10.2.2.8 kan die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings verduidelik en vergelyk met eie		AS11.2.2.8 kan die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings evalueer en vergelyk met eie		AS12.2.2.8 kan die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings evalueer en vergelyk met eie	
AS10.2.2.10 kan persoonlike response op tekste gee en motiveer		AS11.2.2.10 kan persoonlike response op tekste – met oortuiging – gee en motiveer		AS12.2.2.10 kan persoonlike response op tekste – met oortuiging – gee en motiveer	
AS10.2.4.2.1 kan die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik beskryf		AS11.2.4.2.1 kan die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik ontleed		AS12.2.4.2.1 kan die ontwikkeling van intrige, subintrige, konflik en karakter en die rol van die verteller waar toepaslik ontleed	
AS10.2.4.2.3 kan verduidelik hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema		AS11.2.4.2.3 kan evalueer hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema		AS12.2.4.2.3 kan evalueer hoe agtergrond en milieu (ruimte) verband hou met die karakter en/of tema	



AS10.2.4.2.4 kan stemming, tydsverloop en afloop identifiseer en beskryf.		AS11.2.4.2.4 kan stemming, tydsverloop, ironiese wendings en afloop verduidelik.		AS12.2.4.2.4 kan stemming, tydsverloop, ironiese wendings en afloop interpreteer	
Totaal*					

Vlakke: 7 Uitmuntende prestasie; 6 Verdienstelike prestasie; 5 Bevredigende prestasie; 4 Voldoende prestasie; 3 Gemiddelde prestasie; 2 Basiese prestasie; 1 Ontoereikende prestasie

\* Tel die punte uit 7 vir elke AS op en deel deur 9 om 'n gemiddelde prestasievlak te bepaal.

**Algemene assesseringsrubriek: literêre opstel (Aktiwiteit 4.13 en 4.25)**

Prestasievlak	1	2	3	4	5	6	7
	Ontoereikende prestasie	Basiese prestasie	Gemiddelde prestasie	Voldoende prestasie	Bevredigende prestasie	Verdienstelike prestasie	Uitmuntende prestasie
	0–29 %	30–39 %	40–49 %	50–59 %	60–69 %	70–79 %	80–100 %
<b>Taalgebruik</b>	Swak	Beperk	Voldoende	Redelik	Goed	Baie goed	Uitstekend
<b>Organisering en relevansie van inligting</b>	Swak; onsamehangend	Grootliks onbevredigend; soms deurmekaar	Nie altyd bevredigend nie; nie altyd logies nie	Bevredigend; soms breuke in logika	Goed; ontwikkel logies	Baie goed; logiese ontwikkeling	Duidelik; logiese samehang
<b>Akkuraatheid van analise en voorbeelde</b>	Onakkuraat en irrelevant	Meestal onakkuraat en irrelevant	Beperkte akkuraatheid en relevansie	Redelike mate van akkuraatheid; nie altyd relevant nie	Hoë mate van akkuraatheid; hoofsaaklik relevant	Baie akkuraat; relevant	Vlak van akkuraatheid baie goed; baie relevant
Punt uit 20	1–5	6–7	8–9	10–11	12–13	14–15	16–20

## **Assesseringsrubrieke vir die ondersoektake (Aktiwiteit 4.19 en Aktiwiteit 4.24)**

Hieronder volg twee assesseringsrubrieke wat gebruik kan word (gesamentlik) om die take te assessee. Jy kan ook die “Onderwyser-assessering van gekompliseerde skryfwerk” op bladsy 96 gebruik vir die assessering van die ondersoektaak.

### **Assessering van kennis, vaardighede, houdings en waardes: die ondersoektake**

<b>LU2 Lees en Kyk: Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.</b>					
<b>AS vir Graad 10</b>	<b>Punt uit 7</b>	<b>AS vir Graad 11</b>	<b>Punt uit 7</b>	<b>AS vir Graad 12</b>	<b>Punt uit 7</b>
Die leerder:					
AS10.2.1.7 is in staat om die teks te herlees/weer daarna te kyk en dit te hersien ten einde begrip te bevorder		AS11.2.1.7 is in staat om die teks te herlees/weer daarna te kyk en dit te hersien om begrip te bevorder		AS11.2.1.7 is in staat om die teks te herlees/weer daarna te kyk en dit te hersien om begrip te bevorder.	
AS10.2.2.1 kan toepaslike inligting en besonderhede in die teks vind		AS11.2.2.1 kan toepaslike inligting en besonderhede in die teks vind		AS12.2.2.1 kan toepaslike inligting en besonderhede in die teks vind	
AS10.2.2.3 kan onderskei tussen feite en menings en 'n eie respons gee		AS11.2.2.3 kan onderskei tussen feite en menings en 'n eie respons verduidelik		AS12.2.2.3 kan onderskei tussen feite en menings en 'n eie respons motiveer	
AS10.2.2.6 kan die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste verduidelik		AS11.2.2.6 kan die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste verduidelik en aantoon hoe dit betekenis beïnvloed		AS12.2.2.6 kan die sosiopolitieke en kulturele agtergrond van tekste verduidelik en aantoon hoe dit betekenis beïnvloed	
AS10.2.2.10 kan persoonlike response op tekste gee en motiveer		AS11.2.2.10 kan persoonlike response op tekste met oortuiging gee en motiveer		AS12.2.2.10 kan persoonlike response op tekste met oortuiging gee en motiveer	
AS10.2.3.1 kan die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in 'n teks identifiseer en verduidelik		AS11.2.3.1 kan die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in 'n teks evalueer		AS12.2.3.1 kan die sosiokulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings in 'n teks evalueer	
AS10.2.4.2.2 kan die boodskappe en temas in 'n teks identifiseer en verduidelik en die verband met geselekteerde uittreksels aantoon.		AS11.2.4.2.2 kan die boodskappe en temas interpreteer en evalueer en die verband met geselekteerde uittreksels aantoon.		AS12.2.4.2.2 kan die boodskappe en temas interpreteer en evalueer en die verband met geselekteerde uittreksels en die teks as geheel aantoon.	
<b>Totaal*</b>					

Vlakke: 7 Uitmuntende prestasie; 6 Verdienstelike prestasie; 5 Bevredigende prestasie; 4 Voldoende prestasie; 3 Gemiddelde prestasie; 2 Basiese prestasie; 1 Ontoereikende prestasie

\* Tel die punte uit 7 vir elke AS op en deel deur 7 om 'n gemiddelde prestasievlak te bepaal.

**Algemene assesseringsrubriek: ondersoektake (Aktiwiteit 4.19, 4.24)**

	7	6	5	4	3	2	1
Navorsing	Het ten minste vyf bronne gebruik om navorsing te doen en grafika te bekom.	Het vier of meer bronne gebruik om onafhanklike navorsing te doen.	Het ten minste drie bronne gebruik om onafhanklike navorsing te doen.	Het minder as drie bronne gebruik om onafhanklike navorsing te doen.	Kon bykomende inligting vind, met 'n bietjie hulp.	Het baie hulp benodig om inligting te vind, het hoofsaaklik die inligting in die Onderwysersgids gebruik.	Kon geen inligting vind nie, selfs nie onder toesig nie. Beskikbare inligting is nie doeltreffend gebruik nie.
Ontleding van inligting	Het inligting krities en met gemak ontleed. Uitstekende konsepsuele ontleding, gefokusde werk.	Het inligting krities en met gemak ontleed.	Het inligting krities ontleed.	Het inligting met beperkte tekortkominge ontleed. Toon begrip.	Het inligting met hulp ontleed. Toon 'n mate van begrip.	Het dit moeilik gevind om inligting te ontleed. Ontleding is oppervlakkig en swak georganiseer.	Was nie in staat om inligting te ontleed nie.
Ontwerp en voorkoms van die taak	Pragtige, netjiese en kleurryke produk met meer as ses grafiese elemente en skeppende lettergebruik.	Pragtige, netjies en kleurryke produk met ten minste vyf grafiese elemente en skeppende lettergebruik.	Netjiese en kleurryke produk met ten minste vier grafiese elemente.	Netjiese produk met drie grafiese elemente. Doeltreffende gebruik van kleur. Het bietjie hulp benodig met die ontwerp van die taak.	Netjiese produk, grafiese elemente ingesluit, maar kleur is nie doeltreffend gebruik nie. Het bietjie hulp nodig gehad met die ontwerp van die taak.	Het hulp benodig vir die ontwerp en uitleg van Die produk. Het dit moeilik gevind om die doeltreffende gebruik van ontwerp-elemente te snap, selfs met hulp.	Onvoldoende, verwarrende en vervelige produk. Geen begrip hoegenaamd van ontwerp-elemente wat gebruik moet word om 'n aantreklike produk te skep nie.

Inhoud van die taak	Het alle toepaslike inligting ingesluit en interessante bykomende inligting bygevoeg. Het skeppende en taalkundig korrekte taal gebruik. Die teks is uitstekend geïntegreer in verhouding tot die grafika.	Het alle toepaslike inligting ingesluit. Het taalkundig korrekte taal gebruik. Die teks is uitstekend geïntegreer in verhouding tot die grafika.	Het alle toepaslike inligting ingesluit. Het taalkundig korrekte taal gebruik.	Het die meeste toepaslike inligting ingesluit. Die taal was meestal korrek.	Het gedeeltelike inligting ingesluit. Het bietjie hulp benodig vir die skryfproses.	Het baie hulp nodig gehad vir die skryfproses en die insluiting van toepaslike inligting.	Kon nie die taak skryf nie. Geïntegreerde skryfwerk op 'n baie lae standaard in terme van fokus en grammatika. Kon nie die taak voltooi nie, selfs met hulpgewing.
Fokus	Het deurentyd op die gegewe take gekonsentreer. Het instruksies gevolg en meer as wat nodig was, gedoen.	Het deurentyd op die gegewe take gekonsentreer. Het instruksies gevolg.	Het op die gegewe take gekonsentreer.	Het meestal op die gegewe take gekonsentreer.	Het instruksies met hulp gevolg.	Het soms afgedwaal en moes aangemoedig word.	Het dikwels afgedwaal. Geen duidelike organisering of visie nie. Moes deurlopend aangemoedig word.
Tydsbestuur	Het die taak uitstekend voltooi, voordat die spertyd om was.	Het die taak doeltreffend voltooi, voordat die spertyd om was.	Het die taak onafhanklik voltooi binne die gegewe tyd.	Het die taak binne die gegewe tyd voltooi, met 'n paar tekortkominge.	Het die taak met 'n bietjie hulp in die gegewe tyd voltooi.	Het baie hulp nodig gehad om die taak in die gegewe tyd te voltooi.	Het die taak nie in die gegewe tyd voltooi nie.

vlakke: 7 Uitmuntende prestasie; 6 Verdienstelike prestasie; 5 Bevredigende prestasie; 4 Voldoende prestasie; 3 Gemiddelde prestasie; 2 Basiese prestasie; 1 Ontoereikende prestasie

## Bronne

Departement van Onderwys. 2003. *Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad 10–12 (Algemeen) Tale; Afrikaans Huistaal*. [www.thutong.org.za](http://www.thutong.org.za)

Departement van Onderwys. 2007. *Curriculum Statement Grades 10–12 (General): Subject Assessment Guidelines for languages (January 2007)*. [www.thutong.org.za](http://www.thutong.org.za)

De Villiers, L. 1997. *Die Pro*. Kaapstad: Tafelberg.

Kübler-Ross, E. 1993. *On Death and Dying*. New York: Collier Books.

Loots, S. 2005. “De Villiers doen dit weer”, *Rapport*, 2 Oktober 2005.

Snyman, M. 2003–2006. “Die Pro”. [www.storiewerf.co.za/resenseer/diepro.htm](http://www.storiewerf.co.za/resenseer/diepro.htm)

Tucker, N. & Eccleshare, J. 2003. *The Rough Guide to Books for Teenagers*. Londen: Rough Guides Ltd.

## Die skrywer van die gids



Danie Steenkamp, die skrywer van hierdie gids, het 'n B.A.-graad en H.O.D-diploma aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het daar in die redaksies van *Die Matie*, *Akkerjol* en *Die Stellenbosse Student* gedien. Hy is vir die afgelope elf jaar deel van die gedugte span Afrikaans-opvoeders by Hoërskool The Settlers in Bellville, Kaapstad. Hy het jare lange ondervinding van die onderrig van Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal. By Settlers behartig hy die laaste paar jaar die skool se jaarblad en hy is ook 'n opsteller van gestandaardiseerde vraestelle vir die Metropool-Noord.

In 1994 het hy en Marieta Nel 'n klasgids vir Tafelberg-uitgewers oor Barrie Hough se roman, *Skilpoppe* geskryf. In 1995 skryf hy 'n klasgids vir Kowie Rossouw se *Wie se hart kan dit dan hou?* vir dieselfde uitgewer.

